# HOOFSTUK 2

## OORBEVOLKING VAN GEVANGENISSE

### 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word gekyk na die oogmerke van straf en ook spesifiek na die oplegging van gevangenisstraf. Wanneer gevangenisstraf opgelê word deur ’n hof, moet dit in ’n plek van aanhouding (weg uit die gemeenskap) plaasvind en daarom word daar aandag gegee aan die ontstaan en ontwikkeling van gevangenisse.

Tans is oorbevolking van hierdie gevangenisse ’n baie aktuele onderwerp en is dit ’n verskynsel wat wêreldwyd groot probleme veroorsaak binne inrigtingsverband. Statistiek t.o.v. oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse gaan in detail bespreek word ten einde afleidings daaruit te kan maak vir die oorsake wat aanleiding gee tot oorvol gevangenisse.

Een aspek wat die navorser baie na aan die hard lê is “getalle”. Wanneer gepraat word van oorbevolking en daar word gekyk na die woordomskrywing in die HAT (Odendal, 1984 : 90). ’n Aanwins, groei, toename in bevolking, dan kom getalle weer ter sprake. Oorvol gevangenisse het nie altyd direkte verband met misdaadsyfers nie. Wanneer oorbevolkingstatistiek verwerk word, moet dit nie uit die oog verloor word dat sensusstatistiek ook verwerk moet word nie.

Die gevangenisbevolking kan styg as gevolg van bevolkingsgroei in die algemeen en nie net as gevolg van hoër misdaadsyfers nie. Dit kan dus gebeur dat misdaad afneem in ’n land terwyl die gevangenisbevolking toegeneem het oor dieselfde tydperk. Dit is dan die rede vir die verwerking van Sensusstatistiek in hoofstuk 3 (paragraaf 3.4, p173).

Oorbevolking van gevangenisse in Suid-Afrika is tans ’n groot probleem. Hanteerbare getalle sal die menswaardige aanhouding en rehabilitasie van oortreders bevorder. Wanneer daar byvoorbeeld 50 kinders in ’n klaskamer onderrig ontvang, is dit baie moeilik om individuele aandag te gee. Sou daar egter net 20 kinders in ’n klas wees, kan individuele aandag meer tot sy reg kom en beter gehalte onderrig sal

gelewer word. Dieselfde idee word nou gevolg met Eenheidsbestuur wat in hoofstuk 6 bespreek word. Hoe kleiner die groepie gevangenes hoe meer doeltreffend kan opleiding/rehabilitasie wees. Ongelukkig veroorsaak oorbevolking tans 'n lid/gevangene ratio wat binne Eenheidsbestuur steeds onhanteerbare getalle veroorsaak.

Die Departement Korrektiewe Dienste (DKD) kan nie opnames weg wys as gevolg van oorbevolking nie. Die regsplegingstelsel bestaan uit verskeie rolspelers (SAPD, Justisie, Korrektiewe Dienste, Maatskaplike ontwikkeling, NRO's en die gemeenskap). Die soeke na redes en moontlike oplossings vir oorbevolking binne Suid-Afrikaanse gevangenisse sal dus 'n gesamentlike poging van alle rolspelers verg.

Korrektiewe Dienste se mandaat is saamgestel uit die Grondwet van Suid-Afrika (wet 108 van 1996), die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) en die regulasies wat daaruit gevolg het asook die "White Paper on Corrections" wat onlangs goedgekeur is. Dit is duidelik dat die Regering van die dag en die politieke klimaat in Suid-Afrika ook 'n belangrike rol speel in die bestuurstyl van gevangenisse.

Minister Ben Skosana (Voormalige Minister van Korrektiewe Dienste) het gedurende Desember 2000 gesê: "The transformation of the main function of the Department of Correctional Services from incarceration to development of offenders by providing needs- based development and rehabilitative offender programmes, as part of the Government's strategy to enhance the crime prevention role of the Department of Correctional Services of promating skills transfer to offenders to ensure their successful re-integration into the community as productive citizens, has been a long and hard one. Traditionally, most governments are inclined to place prison matters at the lowest priorities of their agenda simply because prisons house those who have offended society in various ways of conduct." (Communication : Building on the lessons of 2000 : Ministry of Correctional Services).

Die SAPD word deurgans versoek om misdaad vas te vat en effektiwiteit te verhoog ten einde skuldigbevindings te bewerkstellig. Ook binne Justisie het veranderings plaasgevind soos byvoorbeeld langer strawwe (ook lewenslange gevangenisstraf) in die plek van die doodstraf. Die oplegging van minimum vonnisse en lang

aanhoudingstydperke van ongevonniste gevangenes veroorsaak dat die gevangenisbevolking gedurig styg. Korrektiewe Dienste bly aan die ontvang kant en dit raak al hoe moeiliker om by rehabilitasie van oortreders uit te kom. Oorvol gevangenisse hou baie min voordele in vir die gemeenskap en kos miljoene rande per dag om in stand te hou.

Die Departement Korrektiewe Dienste se strategiese plan vir 2003/04 – 2005/06 sluit ondermeer die volgende hoofgedagtes in: “Every official becoming a rehabilitator, every prison becoming a Correctional Centre and every offender becoming a nation server through corrections.” Hierdie strategiese doelwitte is haalbaar en die nuwe Minister (Mnr. Ngconde Balfour) en die Adjunk-minister (Me. Cheryl Gillward) is baie ywerig om ’n ommeswaai binne Korrektiewe Dienste te bewerkstellig. Alle pogings kan gekelder word deur oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse en daarom is dit hoogtyd dat daadwerklike pogings aangewend word om gevangenesgetalle drasties te verlaag na ’n getal wat meer hanteerbaar en ook meer bekostigbaar sal wees.

Vervolgens word oorbevolking in detail bespreek ten einde probleme en moontlike oplossings bloot te lê.

## 2.2 **Die oogmerke van straf**

Misdaad is ’n wêreldwye verskynsel wat negatief inwerk op enige gemeenskap. Binne elke gemeenskap bestaan daar waardes en norme wat vasgestel word deur die gemeenskap self.


Wanneer lede van ’n spesifieke gemeenskap binne hierdie stel reëls (norme en waardes) lewe, word hy beskou as ’n wetsgehoorsame burger. Dit is wanneer ’n persoon hierdie reëls oortree, wat die gemeenskap optrede teen so ’n persoon vereis. Misdadige gedrag is dan ook gedrag wat buite die norme en waardes van ’n gemeenskap val. Die gemeenskap eis vergelding van oortreerders, straf vir die misdaad.

Die Regering word daargestel deur die gemeenskap (tydens verkiesings) en die regering het dan ook ’n mandaat om uit te voer en dus ’n plig teenoor die gemeenskap om hulle te beskerm teen misdadige gedrag. Die uitvoering van hierdie

mandaat van die regering gee aanleiding tot die oorbevolkingsprobleem in gevangenisse aangesien oortreders nie weggewys kan word deur 'n Hoof van 'n gevangenis nie.

Misdaad en straf kan dus gesien word as direkte faktore wat bydra tot die oorbevolkingsprobleem aangesien straf vir misdadige gedrag vereis word deur die gemeenskap.

Vervolgens word gekyk na die oogmerke van straf vir misdadige gedrag:




FIGUUR 1: Strafoogmerke.

Figuur 1 stel die Absolute- en Relatiewe Straftoerieë voor. Die Absolute straftoerie gebruik vergelding as oogmerk van straf. Die misdadige daad is klaar gepleeg en die gemeenskap vereis straf vir hierdie misdaad.

Die relatiewe strafteorie daarinteen is gebaseer op misdaadvoorkoming. Straf word nog steeds vereis deur die gemeenskap, maar in teenstelling met vergelding (leed aan die oortreder) word daar meer gekyk na die rehabilitasie van die oortreder om sodoende herhaling van misdadige gedrag te voorkom.

Rehabilitasie van oortreders word breedvoerig bespreek in hoofstuk 8. Die ander belangrike oogmerk van straf is die afskrikkingswaarde wat nie net van toepassing is op die persoon wat reeds misdaad gepleeg het nie, maar ook op die persoon wat van voorneme is om by misdaad betrokke te raak. In Suid-Afrika is die grootste probleem met oorbevolking die instroom van misdadigers in die Korrektiewe stelsel. Die enigste oplossing is om misdaad te voorkom en sodoende minder mense deur die

Regstelsel te laat beweeg. Een van die wyses waarop dit gedoen kan word, is deur effektiewe afskrikking.

Afskrikking in 'n Penologiese perspektief het tans min waarde by die publiek. 'n Ander persoon se lewe is nie veel werd nie en daarom kom moord, verkragting, roof, motorkapings, plaas moorde ens. algemeen voor. Die pleit om die herinstel van die doodstraf om afskrikking te bewerkstellig word eenvoudig van die tafel gevee en as barbaars en onvanpas beskou in 'n demokratiese Suid-Afrika. Die oplegging van lang periodes gevangenisstraf dien tans as afskrikking teen misdaad, maar dit is juis ook een van die grootste probleme wat oorbevolking van gevangenisse tot gevolg het. Die vraag kan dus gevra word of langtermyn gevangenisstraf werklik afskrik?

Die rehabilitasiemoontlikhede van langtermyn gevangenisstraf moet ook krities ontleed word om te bepaal watter invloed die lengte van vonnis het op die positiewe rehabilitasie van oortreders. Die oplegging van minimum vonnisse speel hier 'n groot rol en word volledig bespreek in paragraaf 2.6.2.2 (p118) van hierdie hoofstuk. Gevangenisstraf word wêreldwyd as strafvorm gebruik en daarom is daar niks verkeerd met die oplegging van hierdie strafvorm nie, maar die lengte van die vonnis is van uiterste belang vir die Regstelsel en dit is juis hier, binne inrigtingsverband, waar die geweldige probleem van oorbevolking lê.

## 2.3 Die oplegging van gevangenisstraf as strafvorm

In die vorige bespreking (paragraaf 2.2 op p24) is gekyk na die oogmerke van straf. Verskeie vorms van straf word gebruik, maar omrede oorbevolking van gevangenisse die tema van hierdie ondersoek is, gaan veral klem gelê word op die oplegging van gevangenisstraf.

Dit is egter nie net uitdiening van gevangenisstraf wat gevangenisse oorvol maak nie. Tans is die aanhoudingsyfer van ongevonniste gevangenes onrusbarend hoog en dra hierdie syfer by tot die oorbevolkingsprobleem in sy totaliteit. Die oorbevolkingstatistiek sal later in hierdie hoofstuk breedvoerig bespreek word, maar die nuuste syfers word in tabel 1 hieronder verstrek sodat 'n beeld gekry kan word van die realitiet van oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse. (Die statistiek in tabel 1 is verkry vanaf die kantoor van die Inspekterende Regter – November 2004).

| **Provinsie** | **Goedgekeurde Akkommodasie** | **Ongevonnis** | **Gevonnis** | **Totaal** | **% Besetting** |
|---|---|---|---|---|---|
| Oos-Kaap | 13 358 | 6 793 | 16 569 | 23 362 | 174.89% |
| Gauteng | 26 709 | 19 393 | 31 516 | 50 909 | 190.61% |
| Kwazulu/Natal | 20 179 | 10 127 | 20 327 | 30 454 | 150.92% |
| Limpopo, Mpumalanga & Noord-Wes | 18 420 | 4 448 | 24 172 | 28 620 | 155.37% |
| Noord-Kaap & Vrystaat | 16 725 | 5 456 | 18 973 | 24 429 | 146.06% |
| Wes-Kaap | 19 396 | 7 663 | 22 466 | 30 129 | 155.34% |
| **TOTAAL** | **114 787** | **53 880** | **134 023** | **187 903** | **163.70%** |

TABEL 1: Goedgekeurde akkommodasie teenoor gevangenisbevolking soos op 30 April 2004.

In hoofstuk 6 word gekyk na eenheidsbestuur waar kleiner groepe gevangenes hanteer word om sodoende meer individuele aandag aan rehabilitasie van oortreders te gee. Rehabilitasie moet verseker dat 'n beter mens aan die gemeenskap terug gegee word as dié wat uit die gemeenskap ontvang is, maar dit sal uiters moeilik wees wanneer gevangenisse 163.70% (73 116 gevangenes) oorbevolk is.

In tabel 1 hierbo kan gesien word dat Gauteng Provinsie die hoogste persentasie besetting het terwyl die laagste in die Noord-kaap en Vrystaat voorkom. Die Oos-Kaap (174.89%) en Gauteng (190.61%) is ook die enigste Provinsies wat bo die nasionale gemiddeld (163.70%) is. Een van die ander belangrike aspekte wat uit tabel 1 afgelei kan word, is die aantal ongevonniste gevangenes in verhouding tot die totale aantal gevangenes per Provinsie. Weereens is Gauteng Provinsie die hoogste met 38.09% van die gevangenes in aanhouding wat ongevonnis is. Die laagste is Limpopo, Mpumalanga en Noord-Wes wat gesamentlik net 15.54% ongevonniste gevangenes in verhouding tot die totale gevangenesbevolking in hierdie Provinsies het. Die nasionale gemiddeld is 28.67%. Regter Fagan (Inspekterende Regter van Gevangenisse) het in sy 2004/2005 jaarverslag gesê dat die ideale getal ongevonniste

gevangenes in aanhouding, 20 000 (nasionaal) behoort te wees. Indien hierdie syfer as ’n persentasie van die goedgekeurde akkommodasie soos op 30 April 2004 (114 787) uitgedruk word, verteenwoordig dit slegs 17.42% van die totale gevangenisbevolking. Uit die interpretasie van die gegewens in tabel 1 is dit duidelik dat die aantal ongevonniste gevangenes in aanhouding ’n groot invloed het op die oorbevolkingsprobleem binne Suid-Afrikaanse gevangenisse.

Daar sal dus pogings aangewend moet word om minder gevangenes in aanhouding te hê ten einde positiewe rehabilitasie te bewerkstellig. Om bloot aspekte soos amnestie, uitplasing op korrektiewe- /parool-toesig en die bou van meer gevangenisse te ondersoek, sal sinneloos wees. Pogings om gevangenes op die een of ander “wettige” manier vroeër uit die gevangenis te kry sal nie genoeg wees nie. Alle moontlike pogings moet aangewend word om minder oortreders na die gevangenis te verwys. Korrektiewe Dienste is gewoonlik aan die ontvang kant wanneer gevangenisstraf uitgedien moet word.

Alternatiewe vir gevangenisstraf sal rehabilitasie ook indirek bevoordeel aangesien oortreders tans gevangenisstraf opgelê word vir geringe oortredings en dan kennis maak met die geharde misdadigers wie reeds lank binne die “Universiteite van Misdaad” verkeer. Om so ’n persoon sy straf buite die gevangenis te laat uitdien sal alreeds rehabilitasie tot gevolg hê en oorbevolking positief beïnvloed.

Minister Ben Skosana, voormalige Minister van Korrektiewe Dienste, het op 4 November 2000 tydens die opening van die nuwe Qalakabusha gevangenis in Empangeni die volgende te sê gehad oor gevangenisstraf (DKD-Intranet): “Imprisonment is an ugly but necessary business under any regine or government, it is the reflection of the inescapable human enterprising when the society is unable or unwilling to address the fundamental social and economic causes of criminality, which begs the question how free is that society itself?”

Om misdaad hok te slaan sal daar ’n groot opvoedingstaak moet plaasvind. Wanneer gevangenisstraf opgelê word sal Korrektiewe Dienste sy deel doen binne hierdie opvoeding, maar die grooste opvoeding moet nog steeds binne gesinsverband (in die gemeenskap) plaasvind sodat ’n persoon nie misdaad pleeg nie. In die Rapport (Sondag, 11 Julie 2004 :14) word ’n verslag van ’n kongres wat gedurende April 2004 gehou is deur alle rolspelers in die strafregstelsel bespreek. Mnr Ebrahim

Rasool, premier van die Wes-Kaap, het in sy repliek op die verslag, getiteld “Strafreg en demokrasie : tien jaar van leer en uitdaging” gesê dat die stryd teen misdaad nie net ’n stryd teen bendes en dwelms is nie. Dit is ’n aksie om die misdaadkultuur in die kiem te smoor en aan ons jeug te wys dat bendelede nie rolmodelle is nie. Regter Yvonne Mokgoro van die konstitusionele hof het haar sterk uitgespreek teenoor oorvol tronke en die roep om alternatiewe vonnisse wat op dowe ore val. Sy bepleit ook groter departementele samewerking en vennootskappe om ’n impak te maak op misdaadvoorkoming.

Verskeie vonnisopsies soos boetes, uitstel- en opgeskorte vonnisse, korrektiewe toesig en gevangenisstraf word deur howe gebruik wanneer oortreders skuldig bevind en gevonnis word. Met die doodstraf en lyfstraf wat ongrondwetlik verklaar is deur die grondwetlike hof, kom bogenoemde vonnisopsies algemeen voor, maar veral gevangenisstraf.

### 2.3.1 Gevangenisstraf

In Suid-Afrika word die oplegging van gevangenisstraf statutêr bepaal deur die Strafproseswet (wet 51 van 1977), die Wet op Landdroshowe (wet 32 van 1944) en die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998). Die oplegging van gevangenisstraf beteken dat ’n persoon per lasbrief verwys word na ’n gevangenis waar hy opgeneem en aangehou sal word vir die duur van sy vonnis.

Neser (1993 : 27) noem dan ook dat “gewone” gevangenisstraf een van die algemeenste vorme van straf in Suid-Afrika is. Hierdie steling is baie belangrik vir die navorser aangesien dit een van die hoofredes vir oorbevolking is.

Regter Hiemstra het soos volg verwys na gevangenisstraf (Rabie en Strauss, 1994 : 253); “Imprisonment is seen more and more as a harsh and drastic punishment to be reserved for callous and imperitent characters.” ’n Beskuldigde wat skuldig bevind is aan diefstal van R10 200 oor ’n elf maande periode, is ’n opgeskorte vonnis opgelê en nie gevangenisstraf nie. Dit kan as ’n wen-wen situasie beskou word aangesien die geld terug betaal moes word aan die instansie, die opgeskorte vonnis vir etlike jare as ’n swaard oor die oortreder se kop hang aangesien die gevangenisstraf wat opgeskort is, in werking gestel sal word indien hy ’n soortgelyke misdaad pleeg

binne die tydperk van opskorting en ook omrede hy nooit in 'n gevangenis opgeneem is waar hy met geharde misdadigers sou kennis maak nie.

In sekere gevalle van vonnisoplegging word gevangenisstraf verpligtend gemaak en kan 'n Regter/Landdros nie sy eie diskressie gebruik vir alternatiewe vonnisse nie. Rabie en Strauss (1994 : 169) noem dat die minimum tydperk van gevangenisstraf wat opgelê kan word, vier (4) dae is.

In die "South African Law Commission" se verslag (Project 82, 2000) word genoem dat: "Less serious offences are being dealt with by terms of imprisonment where more imaginative restitutive alternatives could provide solutions more satisfactory to all parties, while at the same time saving valuable prison resources for those offenders deserving harsher punishment."

Die volgende voorstelle ten opsigte van gevangenisstraf word ook in die verslag van die "South African Law Commission" gedoen (Wetsontwerp op vonnis raamwerk – 2000):

- gevangenisstraf mag nie opgelê word in gevalle waar 'n gemeenskapsvonnis of 'n boete 'n opsie is nie, behalwe in gevalle waar gevangenisstraf nodig is om die gemeenskap te beskerm teen die oortreder,
- lewenslange gevangenisstraf of enige korter tydperk van gevangenisstraf kan opgelê word, maar nie enige gevangenisstraf vir korter as sewe (7) dae nie,
- enige verwysing na gevangenisstraf, met of sonder arbeid as straf moet gesien word as slegs gevangenisstraf,
- opgeskorte vonnisse vir 'n maksimum van vyf (5) jaar kan opgelê word met sekere voorwaardes soos gemeenskapsdiens, betaling van vergoeding of op voorwaarde dat die oortreder nie 'n soortgelyke oortreding pleeg binne die tydperk van opskorting nie en
- ten opsigte van boetes beveel die Kommissie aan dat die huidige wetgewing rondom boetes behoue bly, maar stel hulle verder voor dat daar gekyk moet word na die wyse waarop die bedrag van boetes vasgestel word. Die voorstel is dat daar gekyk word na dag-eenhede waarvan die hoeveelheid eenhede bepaal sal word deur die tipe misdaad wat gepleeg is. Aandag moet ook geskenk word aan die bekostigbaarheid van boetes vir die oortreder. In hierdie voorgestelde berekening word die aantal dag-eenhede

vermeunigvuldig met die daaglikse inkomste min aftrekkings vir basiese behoeftes.

Bogenoemde aspekte kan almal oorbevolking positief beïnvloed aangesien baie oortreders gouer uit gevangenisse vrygelaat kan word, of selfs nooit daar opgeneem word nie.

Gevangenisstraf is en bly 'n vonnisopsie wat gereeld opgelê sal word en die oproep om oorbevolking te bekamp is nie daarop gemik om gevangenisse te sluit nie. Met oorbevolking uit die weggeruim kan baie beter aandag gegee word aan die oortreders wat in die gevangenis hoort en hulle rehabilitasie kan sodoende meer tot sy reg kom.

Midgley (1975 : 134) noem dat regerings baie meer moet steun op die betrokkenheid van die gemeenskap wanneer misdaadvoorkoming ter sprake is. In plaas daarvan word swaarder vonnisse opgelê wanneer misdaad verhoog. Dit veroorsaak weer dat gevangenisse voller en voller word en dit het weer 'n invloed op rehabilitasie. Dit is so belangrik dat hierdie bose kringloop verbreek moet word en een van die maniere is soos Midgley tereg sê: "Public participation in the preventing of crime is an area where goverments tend to ern most frequently." Gemeenskapsbetrokkenheid gaan verder bespreek word in hoofstuk 9.

Wanneer daar gekyk word na redes vir oorbevolking moet die vraag wat Haas (1986 : 1) gevra het; "Who goes to Prison?" dalk gevra word. Hy vra juis hierdie vraag aangesien baie Amerikaners glo dat Amerika baie gematig is wanneer dit kom by vonnisoplegging van oortreders. Haas noem verder dat Amerika die derde hoogste gevangenesetting in die wêreld het. Slegs Rusland en Suid-Afrika sluit meer van hulle bevolking in gevangenisse op. Nog 'n rede vir oorbevolking van Suid-Afrikaanse gevangenisse kan hieruit afgelei word.

Haas (1986 : 402) sê ook die volgende: "We have not been successful in achieving the main goal of criminal justice, namely, to reduce crime." Hierdie is sulke waar woorde en is beslis ook van toepassing op Suid-Afrika. Daar word soveel gefokus op gevangenistotale en alternatiewe vonnisopsies om meer gevangenes uit die gevangenis te kry dat daar vergeet word dat misdaad eerder verlaag moet word wat outomaties minder mense in gevangenisse tot gevolg sal hê.

### 2.3.2 **Periodieke gevangenisstraf**

Periodieke gevangenisstraf van 100 ure tot 2 000 ure kan opgelê word vir enige oortreding waar daar nie ’n minimum vonnis voorgeskryf word nie (Rabie en Strauss, 1994 : 170). Hierdie vonnisopsie word statutêr gereël deur artikel 285 van die Strafproseswet (wet 51 van 1977). Artikel 73 (6)(b)(i) van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) sowel as Korrektiewe Dienste Regulasie 29 verskaf verdere vereistes vir die uidiening van periodieke gevangenisstraf.

Periodieke gevangenisstraf kan tot groot voordeel wees vir die oorbevolkings-probleem. Die oortreder is steeds gestraf vir die misdaad wat hy gepleeg het en sy vryetyd word hom ontneem aangesien hy sy vonnis oor naweke, openbare vakansiedae en tydens verloftydperke moet uitdien. Die groot voordeel is dat so ’n oortreder steeds sy werk kan behou en sy gesinslewe in stand kan hou. Hy word ook nie permanent in die gevangenis aangehou nie en wanneer hy aangehou word, moet hy verkieslik nie meng met ander kategorieë gevangenes nie [DKD Regulasie 26(6)].

Periodieke gevangenisstraf moet in periodes van tussen 24 en 96 ure op ’n keer uitgedien word. Periodes van minder as 24 uur kan oorweeg word deur die Hoof van die Gevangenis indien genoegsame motivering vir so ’n versoek bestaan. ’n Oortreder kan dus vir periodes van tot 4 dae op ’n keer aangehou word wat kan beteken dat die oortreder tog sal sien dat ’n herhaling van sy dade nie betalend sal wees nie. Hierdie vonnisopsie word hoofsaaklik gebruik vir minder ernstige ekonomiese misdrywe en ook dikwels as vonnisopsie vir donkbestuur.

Die oogmerke van straf kom egter nie heeltemal tot sy reg met hierdie vonnisopsie nie. Periodieke gevangenisstraf het nie werklik ’n afskrikkingswaarde nie aangesien die oortreder nie deurgaans in aanhouding is nie en indien wel, hoofsaaklik geskei is van ander kategorieë gevangenes. Die vergeldingswaarde van periodieke gevangenisstraf kom wel sterk na vore aangesien die oortreder wel boet vir sy misdadige gedrag. Indirekte rehabilitasie vind wel ook plaas aangesien kontak met geharde misdadigers grootliks vermy word. Hierdie kategorie gevangenes kan wel ook by behandelingsprogramme binne en/of buite die gevangenis inskakel om sodoende positiewe rehabilitasie tot gevolg te hê.

In die Nexus (September 1990 : 22) het ’n artikel verskyn oor die proefskrif van Dr Malcolm Avery wat handel oor periodieke gevangenisstraf as ’n Penologiese perspektief. Dr Avery noem spesifiek dat hierdie strafvorm te min gebruik word en gee ook enkele redes daarvoor. Hy sê dat rehabilitasie nie tot sy reg kom nie en dat gevangenisse nie gerat is om groot hoeveelhede periodieke gevangenes te huisves nie. In sy aanbevelings noem hy dat hierdie vonnisopsie meer na vore moet kom en dat Korrektiewe Dienste hulleself moet inrig vir hierdie kategorie gevangenes om uiteindelik oorbevolking te verlig. Hy beveel ook verder aan dat belangegroepe met mekaar moet kommunikeer ten einde die gebruik van periodieke gevangenisstraf tot sy reg te laat kom. Hy sê ook ten slotte dat verdere navorsing op dié gebied nodig is.
Oorbevolking van gevangenisse maak skeiding van gevangenes baie moeilik en daarom sal Korrektiewe Dienste moet verseker dat hierdie vonnisopsie hanteer kan word binne die konteks van die nodige strukture en mannekrag.
Tans word ’n personeeltekort ervaar binne Korrektiewe Dienste en die implementering van die 7-dag werkweek sal nog meer druk op die bestaan lede plaas aangesien meer lede oor ’n drie-jaar periode ingefaseer gaan word. Periodieke gevangenisstraf bly ’n teenvoeter vir oorbevolking mits al die rolspelers binne die regsplegingstelsel daarvoor gerat is.

### 2.3.3 **Onbepaalde vonnis**

Artikel 286 (1) en (2) van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) reël dié vonnis. Artikel 73 (6)(c) van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) bepaal dat niemand wat verklaar is as ’n gewoontemisdadiger, in ’n gevangenis aangehou mag word vir ’n tydperk langer as 15 jaar nie en mag nie op parool geplaas word voor ’n tydperk van ten minste sewe (7) jaar verloop het nie.
Hierdie vonnisopsie kom gewoonlik voor by skuldigbevindings van geharde misdadigers wat telkens misdaad pleeg, soms ook herhaaldelik dieselfde oortreding pleeg. Gewoonlik word oortreders gewaarsku deur die hof dat verklaring tot gewoontemisdadiger kan volg indien hy hom weer skuldig maak aan misdaad. Wanneer ’n oortreder dan as sulks gevonnis word, is daar geen spesifieke aantal jare gekoppel aan die vonnis nie, behalwe die bepalings van Artikel 73 (6)(c) van die Wet

op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) soos hierbo genoem. Parool kan dus enige tyd tussen sewe (7) en vyftien (15) jaar oorweeg word.

Onbepaalde vonnisse is deel van die oorbevolkingsprobleem omrede relatief lang gevangesetting ter sprake is. In teenstelling daarmee is daar weer genoeg tyd vir behandelingsprogramme om rehabilitasie te bewerkstellig. Wanneer oorbevolking van gevangenisse ondersoek en nagevors word, is dit baie duidelik dat gevangesetting ’n baie belangrike rol speel binne die rehabilitasieproses van oortreders. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie is die feit dat gevangesetting vir die regte kategorie misdadigers van toepassing moet wees. Lewenslange gevangenisstraf, ander bepaalde vonnisse [vyf (5) jaar en hoër] en onbepaalde vonnisse moet verseker binne ’n gevangenis uitgedien word. Eerstens om die gemeenskap te beskerm en tweedens om die oortreder te laat boet vir die misdaad wat hy gepleeg het, maar beslis ook om hom te rehabiliteer ten einde ’n beter mens aan die gemeenskap terug te gee na ontslag uit die gevangenis en daardeur ook weerhouding van verdere misdaadpleging te bewerkstellig.

Indien die korrekte kategorieë gevangenes nie binne gevangenisse aangehou word vir die redes soos hierbo genoem nie, sal rehabilitasie nie tot sy reg kan kom in die omstandighede wat tans heers binne Suid-Afrikaanse gevangenisse nie. Om by beheerbare getalle uit te kom sal kort- en langtermyn oplossings gevind moet word vir oorbevolking.

Aspekte soos amnestie, vroeër vrylating van sekere kategorieë gevangnes van tyd tot tyd en die bou van meer gevangenisse, is korttermyn oplossings wat nie werklik ’n impak sal hê op oorbevolking vir die medium- tot langtermyn nie.

Die enigste langtermyn oplossing vir oorbevolking is om minder gevangenes aan te hou, ongevonnistes gouer deur die howe te kry en ook deur minder gevangenisstraf as strafsanksie te gebruik. Dit sal ruimte laat vir rehabilitasie van dié kategorieë gevangenes wat wel in ’n gevangenis hoort.

Ondergenoemde twee tabelle voorsien statistiek ten opsigte van vonniskategorieë en misdaadkategorieë soos op 30 April 2004. (Statistiek verkry vanaf die kantoor van die Inspekterende Regter – November 2004):

| Vonnisgroepe | Vroue | Mans | Totaal |
|---|---|---|---|
| Ongevonnis | 1 242 | 52 638 | 53 880 |
| 0 – 6 maande | 428 | 5 495 | 5 923 |
| >6 – 12 maande | 285 | 6 139 | 6 424 |
| >12 – 24 maande | 181 | 6 185 | 6 366 |
| 2 – 3 jaar | 516 | 17 266 | 17 782 |
| >3 – 5 jaar | 441 | 16 217 | 16 658 |
| >5 – 7 jaar | 261 | 11 899 | 12 160 |
| >7 – 10 jaar | 404 | 20 900 | 21 304 |
| >10 – 15 jaar | 331 | 21 414 | 21 745 |
| >15 – 20 jaar | 98 | 9 757 | 9 855 |
| >20 jaar tot lewenslank | 136 | 13 904 | 14 040 |
| Ander vonnisse | 17 | 1 749 | 1 766 |
| Totaal gevonnis | 3 098 | 130 925 | 134 023 |
| **Groottotaal** | **4 340** | **183 563** | **187 903** |
| **Goedgekeurde Akkommodasie** | **4 374** | **110 413** | **114 787** |
| **% Besetting** | **99.22%** | **166.25%** | **163.70%** |
| **Akkommodasie benodig** | **-34** | **73 150** | **73 116** |

TABEL 2: Statistiek – Vonniskategorieë soos op 30 April 2004.

| Misdaadkategorie | Ongevonnis | Gevonnis | Totaal |
|---|---|---|---|
| Ekonomies | 16 770 | 37 562 | 54 332 |
| Aggressief | 24 729 | 68 005 | 92 734 |
| Seksueel | 8 609 | 17 606 | 26 215 |
| Dwelms | 1 159 | 3 336 | 4 495 |
| Ander | 2 613 | 7 514 | 10 127 |
| **TOTAAL** | **53 880** | **134 023** | **187 903** |

TABEL 3: Statistiek – Misdaadkategorieë soos op 30 April 2004.

Die totaal van 0 – 6 maande tot >3 – 5 jaar in tabel 2 is 53 153. Die totaal van gevonniste ekonomiese, dwelms en ander oortredings in tabel 3 is 48 412. Oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse is 73 116 gevangenes wat meer aangehou word as die goedgekeurde akkommodasie van 114 787. Bogenoemde statistiek is gegrond op minder ernstige oortredings sowel as kort-tot mediumtermyn gevangenisstraf. Indien hierdie kategorieë misdadigers hulle vonnis buite die gevangenis kan uitdien, sal die oorbevolkingsyfer reeds met soveel as 72.70% kan afneem. Hierdie persentasie sluit net gevonniste gevangenes in. Indien pogings ook aangewend word om ongevonniste gevangnestotale te laat daal, is dit nie onmoontlik om oorbevolking die hoof te bied en beter gehalte aandag te gee aan die oorblywende gevangenisbevolking se rehabilitasie nie.

Die onbepaalde vonnis leen hom daartoe om te voldoen aan al die vereistes van die oogmerke van straf. Daarinteen is dit ook een van die grootste oorsake van oorbevolking binne Suid-Afrikaanse gevangenisse. Die vergeldingswaarde van onbepaalde vonnisse is baie hoog volgens die publiek aangesien die oortreder vir lang tydperke uit die samelewing verwyder word. ’n Lang vonnis is ook veronderstel om ’n beter afskrikkingswaarde te hê. Rehabilitasie kan ook tot sy reg kom aangesien die oortreder vir ’n lang tyd binne inrigtingsverband aangehou en behandel gaan word. Deur positiewe rehabilitasie kan misdaavoorkoming ook plaasvind.

Die onbepaalde vonnis is en bly ’n goeie vonnisopsie mits dit op die regte kategorie oortreders van toepassing gemaak word. Die oplegging van onbepaalde vonnisse slegs om langtermyn gevangenisstraf daar te stel, sal beslis nie oorbevolking verminder of outomatiese rehabilitasie tot gevolg hê nie. Die toepassing van Artikel 73 (6)(c) van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111/1998) maak nog langer aanhoudings-tydperke moontlik deur ’n gewoontemisdadiger nou vir tot 15 jaar aan te hou alvorens parool oorweeg word. Positiewe rehabilitasie van hierdie kategorie gevangenes is dus van uiterste belang ten einde oorbevolking teen te werk.

## 2.4 **Die oorsprong van die gevangenis**

Die oorsprong van gevangenisse kan ongeveer 260 jaar teruggeneem word. Pous Clemens XI (Neser 1993 : 63) het reeds in 1704 ’n inrigting laat bou waar jeugdiges

in aangehou is. Hierdie oortreders het in klein slaapselle geslaap en bedags in 'n saal gespin en geweef. Stilte is afgedwing en gevangenes mag nie met mekaar gepraat het nie.

Gevangenisse as versamelplek van oortreders het 'n regmatige plek in die samelewing ingeneem en daar is geen aanduidings dat dit sal verdwyn nie. Die gevangenis soos dit oorspronklik bedryf is en die moderne gevangenis soos dit vandag daaruit sien, verskil egter baie. Vervolgens word gekyk na hoe die eerste gevangenisse bedryf is en watter hervorming plaasgevind het tot die huidige gevangenisstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word.

### 2.4.1 Historiese ontwikkeling van gevangesetting en die aard van die vroegste gevangenisse

Wanneer opgelees word oor die oorsprong en aard van gevangenisse en gevangesetting blyk dit dat daar geen algemene ooreenstemming is oor die juiste ontstaan van dié verskynsel nie. Die eerste boekstawing van gevangenisstraf was die Franse Strafkode van 1791 (Nexus, Maart 1993 : 30). Gedurende die agtiende eeu het gevangenisstraf en die daarmee gepaardgaande oprigting van gevangenisse praktyk in Amerika en Europa geword.

Engeland het egter van verbanning gebruik gemaak deur misdadigers na Noord-Amerika te stuur om daar as slawe vir koloniste te werk. (Neser, 1993 : 64). Dit was nie net Engeland wat van verbanning gebruik gemaak het nie. Rusland het oortreders na die afgeleë Siberië verban en daar word beweer dat die Franse owerhede tussen 1886 en 1900 alleen 15 837 oortreders na Guiana verban het (Nexus, Maart 1993 : 31). Brittanje het op 'n staduim gevangenes in ou skepe aangehou onder haaglike omstandighede as gevolg van die Amerikaanse vryheidstryd (1776 – 1783) wat veroorsaak het dat misdadigers nie meer na Amerika verban kon word nie. Met die ontdekking van Australië in 1770 het 'n nuwe bestemming vir Brittanje na vore gekom. Die gedagte was dat die misdadigers hulle na verstryking van hulle vonnis as koloniste in Australië kon vestig.

Amerika en Brittanje was die voorlopers in die totstandkoming van gevangenisse. Een van die belangrikste kenmerke van hierdie gevangenistelsels was die

wreedaardigheid wat geheers het. Daar was geen sprake van menswaardige aanhouding nie. Die gevangenes is op onmenslike wyses hanteer en aangehou in haaglike omstandighede wat gegrond was op die vergeldinggedagte wat alle ander strafoogmerke misken het. Volgens Cilliers (Nexus, Maart 1993 : 30) was die manifestering van die vergeldingsoogmerk geskoei op drie pilare wat oorheersend die strafmotief was, naamlik: eensame opsluiting, gevangenes-arbeid en dieëtstraf.

Die eerste gevangenis wat in Amerika opgerig is volgens hierdie beginsels was die Walnutstraatgevangenis in Pennsilvanië. Hierdie gevangenis is gedurende 1790 voltooi. Dit was baie vuil in hierdie gevangenis en uiters klein selle en min natuurlike lig was van die kermerke van hierdie gevangenis. Die Walnutstraatgevangenis het gou te klein geraak vir die hoeveelheid gevangenes wat daar aangehou is. Oorbevolking het dus veroorsaak dat 'n tweede gevangenis, die Cherry Hill-gevangenis gedurende 1829 in Pennsilvanië, VSA gebou is. Volgens Neser (1993 : 64) was die gedagte met hierdie gevangenis algehele afsondering, dag en nag. Slegs beamptes mag met gevangenes gepraat het. Die gevangenes was toegelaat om bedags in hulle selle te werk. Die doel van hierdie afsondering was om:

- kontak tussen gevangenes uit te skakel, omdat geglo is dat dit 'n nadelige uitwerking sal hê en
- die gevangene kans te gee om sy sondigheid, die erns van sy wandade te besef en tot inkeer te kom.

Die afsondering van gevangenes om die nadelige uitwerking wat gevangenes op mekaar het, te voorkom en gevangenes kans te gee om na te dink oor hul wandade het bekend gestaan as die Pennsilvanië-stelsel. Die industriële revolusie en meegaande verstedeliking het verarming tot gevolg gehad en dit het misdaad die hoogte laat inskiet. Gevolglik het gevangenisse voller geword en oorbevolking het dan uiteindelik veroorsaak dat gevangenes twee-twee in 'n sel aangehou moes word en dus het die filosofie van algehele afsondering nie meer tot sy reg gekom nie.

Gedurende 1816 word die Auburn-stelsel geïmplementeer en is dit van groot belang vir penoloë. Foucault (1977 : 238) beskryf die Auburn-stelsel soos volg: "The Auburn model prescribed the individual cell during the night, work and meals in common, but under the rule of absolute silence, the convicts being allowed to speak only to the warders, with their permission and in a low voice." Gedurende 1823 is 'n

nuwe gevangenis in Auburn gebou en vir die eerste keer het werkwinkels aandag gekry (Neser, 1993 : 65). Dit was die begin van die werklike Auburn-stelsel waar nie net enkelselle nie, maar ook groter slaapselle gebou is. Die belangrikste beginsels van die Auburn-stelsel is die volgende:

- gevangenes moet bedags in groepe in die werkwinkels werk,
- snags is gevangenes hoofsaaklik in aparte selle gehuisves,
- absolute stilte in die werkwinkels moes gehandhaaf word en
- verontagsaming van hierdie voorskrifte het gelei tot swaar strawwe.

Europa het die Pennsilvanië-stelsel nagevolg, maar enkele wysigins aangebring deur bv. slegs gevangenes wat vir ernstige of gevaarlike misdade skuldig bevind is, in algehele afsondering te hou.

Beide hierdie stelsels het baie leemtes gehad aangesien rehabilitasie geensins deel was van dié stelsels nie. Gevangenishervorming was baie nodig aangesien die aanhoudingsmetodes, die omstandighede waaronder gevangenes aangehou is en ook die verbanningstelsel baie leemtes gehad het. Die liberale denkers het druk begin toepas om na ander hanteringsmeganismes binne die regsplegingstelsel te gaan kyk. Die situasie het sodanig ontwikkel dat die eerste “International Prison Conference” gedurende 1872 gehou is (Nexus, Maart 1993 : 30). Alhoewel die konferensie in 1872 gehou is, het Brittanje eers in 1895 deel geword van die internasionale soeke na sinvoller aksies rakende aanhoudingswyses binne gevangenisse.

Die Gladstoneverslag (1895) het ook die haaglike gevangenistoestande aangespreek en die belangrikheid van hervorming benadruk. Volgens hierdie verslag het Brittanje se strafstelsel ook te veel op die beginsel van afskrikking gefokus en te min op die rehabilitasie van die oortreder.

Cilliers (Nexus, Maart 1993 : 31) noem verder dat die eerste werklike tekens van fundamentele gevangenishervorming eers na die tweede wêreldoorlog voorgekom het. Liberale denkers het die vergeldingstorie as verouderd, onmenslik en verdierliking getipeer. Tot op daardie stadium was straf opgelê wat by die erns van die misdaad gepas het. Met die klemverskuiwing na rehabilitasie eerder as vergelding moes straf vir misdaad meer van toepassing gemaak word op die oortreders as op die oortreding. Die hoeveelheid straf wat opgelê word, moet dus

ook verband hou met die individu wat gestraf word. So het die individualisering van straf tot stand gekom.

Die begrip individualisasie van straf het nie net die juridiese vereistes van straf en misdaad nagevolg nie, maar die hulp van geesteswetenskaplike navorsers is ook ingeroep om te bepaal watter vonnis by watter oortreder pas. Cilliers (Nexus, Maart 1993 : 31) noem dan ook dat penoloë, kriminoloë, psigoloë en sosioloë sentraal tot die arena van beregting toegelaat is en dat dit vandag nog ’n wêreldwye verskynsel is.

Die oplegging van gevangenisstraf, gesien binne die moderne gevangenishervormingsperiode, moet eerstens die gemeenskap beskerm teen die oortreders en tweedens dien as rehabilitasie van die oortreder om ’n beter mens aan die gemeenskap terug te gee na vrylating uit die gevangenis. Hierdie twee beginsels van gevangenisstraf moet egter nie in isolasie beskou word nie, maar ’n eenheid vorm om die uitdiening van gevangenisstraf te regverdig. Gevangenisstraf moet ook as ’n laaste uitweg gebruik word aangesien oorbevolking van gevangenisse nie rehabilitasie tot sy reg laat kom nie.

Gevangenishervorming kan slegs plaasvind binne beheerbare getalle en daarom bly die soeke na oplossings vir oorbevolking ’n uitdaging waarvoor gevangenishervormers te staan kom. In die Nexus (1993 : 31) word dit duidelik gestel dat oorbevolking bv. die toepassing van klassifikasie van gevangenes bemoeilik. Skeiding van gevangenes is uiters noodsaaklik en dit kan nie geskied in oorvol gevangenisse nie. Die bou van meer gevangenisse sal beslis ook nie die oorbevolkingsprobleem help nie, want hoe meer akkommodasie beskikbaar is, hoe meer gevangenisstraf sal deur howe opgelê word.

Minister Ben Skosana (Voormalige Minister van Korrektiewe Dienste) het in ’n toespraak op 4 November 2000 verwys na ’n stelling van Joseph E McCormick wat gesê het: “There are two kinds of Prison. One kind is built with concrete, steel and razar wire. The other is built in the dungeons of minds. It may be that none of us can escape from the solitary confinement we have condemned ourselves to, out of fear, pride and social intertia. We construct actual prisons as bitterly as we construct our individual places of detention building them on the ruins of other epochs; accepting as viable the failures of other societies, even other centuries” (DKD-

Intranet). Hieruit kan afgelei word dat groot uitdagings wag op die hervormers van die moderne tyd. Die rol van Korrektiewe Dienste personeel is uiters belangrik in die hervorming van gevangenisse sowel as gevangenes. Hierdie hervorming beteken verandering binne Korrektiewe Dienste, maar ook verandering ten opsigte van sy lede in die vorm van meer eise en meer verantwoordelikhede om sodoende oortreders te rehabiliteer. Een van die grootste eise wat gestel word, is die bekamping van oorbevolking in gevangenisse.

In hierdie afdeling is die ontwikkeling van gevangesetting en die oorsprong van die gevangenis bespreek. Die volgende aspek wat bespreek word, is hoe gevangenisse in Suid-Afrika ontstaan het en watter veranderings plaasgevind het vanaf die eerste gevangenis tot die huidige Korrektiewe stelsel wat gebruik word.

### 2.4.2 Transformasie van die Korrektiewe stelsel in Suid-Afrika : 'n Historiese oorsig

Volgens Neser (1993 : 65) was Jan van Riebeeck self verantwoordelik vir die hanhawing van wet en orde in die Kaap sedert 1652. Eers na voltooing van die Fort en Kasteel was daar plek om gevangenes in aan te hou. Die eerste bekende Suid-Afrikaner wat in die kasteel aangehou is, was Adam Tas. Op daardie stadium was gevangenisstraf nie erken as 'n strafvorm nie. Slegs terdoodveroordeeldes en verhoorafwagtendes was aangehou. Die Britse besetting van die Kaap in 1795 was een van die vernaamste hervormings van straf en straftoemeting. Gedurende 1806 was daar slegs een gevangenis in die land en dit was onder beheer van die koloniale sekretaris in Engeland.



FIGUUR 2: Pretoriagevangenis (1880 – 1906), geleë waar die munt vandag staan.

Na Uniewording in 1910 het die destydse Gevangenisdiens se beheer baie rondgespring. Eers was die beheer deur die Departement van Justisie oorgeneem. Na 1911 het dié twee instellings (Justisie en Gevangenisdiens) geskei, maar tydens die depressie (1928 – 1933) het hulle weer saamgesmelt om geld te bespaar. In 1937 is die administrasie van justisie en gevangenisse weer geskei. Gevangenisse is weereens onder 'n eie departementshoof geplaas. Vanaf 1940 tot 1952 is die administrasie van justisie en gevangenisse weereens saamgevoeg. Op 1 Augustus 1952 het die gevangenisdepartement 'n volwaardige staatsdepartement geword. Die destydse nuwe Wet op Gevangenisse (wet 8 van 1959) het 'n totale nuwe bedeling tot gevolg gehad. Op 1 September 1959 is die benaming van "Direkteur van Gevangenisse" vervang met die benaming "Kommissaris van Gevangenisse" (Neser 1993 : 68). Op 1 November 1980 het die Departement van Gevangenisse weer deel geword van die Departement van Justisie. Die Gevangenisdiens sou voortbestaan binne die nuwe groter departement (Justisie). Verskeie veranderings binne die Gevangenisdiens het plaasgevind. 'n Missie en strategieë is op 28 November 1990 deur die regering goedgekeur. Een van die veranderings is 'n naamsverandering na Departement van Korrektiewe Dienste. Die naamsverandering het op 21 Desember 1990 plaasgevind. Nog 'n verandering was die implementering van Korrektiewe toesig as strafvorm wat wysigings aan die Strafproseswet (wet 51 van 1977) sowel as die Wet op Gevangenisse (wet 8 van 1959) teweeg gebring het. Tydens hierdie wysigings gedurende 1991 is die Wet op Gevangenisse ook verander na die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 8 van 1959).


In bogenoemde bespreking is hoofsaaklik gekyk na die beheer oor gevangenisse sedert 1652. Daar moet egter ook gekyk word na watter gevangenishervorming plaasgevind het binne inrigtingsverband.

In die "White Paper on Corrections for South Africa" (2005) word 'n hoofstuk gewy aan 'n historiese oorsig van Korreksies in Suid-Afrika. Die volgende bespreking handel kortliks oor die verloop van gevangenishervorming sedert die vroeë 1900's in Suid-Afrika.

Die Britse invloed het 'n groot rol gespeel in die wyse waarop gevangenisse bedryf is in die vroeë 1900's. Hierdie tydperk was ook gekenmerk deur reeds oorvol gevangenisse wat hoofsaaklik toegeskryf is aan oortredings van die vorige wette en

ook omdat myne van goedkoop gevangenes-arbeid gebruik kon maak. Met die inwerkingstelling van die Gevangenis en Verbeteringskolewet (wet 13 van 1911), word die beheer oor Verbeteringskole ook onder die bestuur van gevangenisse geplaas.

Na Uniewording in 1910 het die howe ook ’n al groter rol begin speel in die ontwikkeling van gevangeniswette bv. dat ongevonniste gevangenes die reg het om ’n hof te nader indien hy voel dat hy onbillik hanteer is in die gevangenis. Dit was ook gedurende die vroeë 1900’s wat strafvermindering op vonnis in werking gestel is vir gevangenes wie hulle goed gedra het binne gevangenisse. Ook die paroolstelsel waar gevangenes voor die normale verstryking van ’n vonnis vrygelaat is om die res van sy vonnis in die gemeenskap uit te dien. Straf vir gevangenisoortredings was swaar en lyfstraf, alleenopsluiting en dieëtstraf is toegepas. Rasse-skeiding was voorskriftelik en is nougeset toegepas in alle gevangenisse.




FIGUUR 3: Durbangevangenis (1920).

Gedurende 1945 het die Landsdown Kommissie ’n verslag uitgebring oor Straf- en Gevangenishervorming. Die volgende belangrike aspekte is uitgelig:

- die Gevangenis en Verbeteringskoolwet van 1911 het nie ’n nuwe era in Suid-Afrikaanse gevangenisse gebring soos wat verwag is nie,
- lig die mening dat daar afgesien moet word van die gebruik om gevangenes uit te huur aan buitestaanders,
- versoek dat rehabilitasie meer tot sy reg kom en veral geletterdheid aandag moet geniet en
- krities teenoor die regering se besluit om gevangenisse steeds binne ’n volle militaristiese opset te bestuur. Volgens die kommissie sou ’n militêre inslag indruis teenoor moderne sienswyses wat belangrik sou wees vir rehabilitasie van oortreders.

Daar het nie veel gekom van die verslag wat voorgelê is in 1947 nie, aangesien die militêre karakter steeds voortgegaan het en ook omrede goedkeuring verleen is om buiteposgevangenisse (wat gedeeltelik deur Boereverenigings bestuur is) op te rig ten einde arbeid vanuit hierdie gevangenisse aan boere te voorsien.

Gedurende die 1960’s en 1970’s het die nuwe Wet op Gevangenisse (wet 8 van 1959) die grondslag vir hervorming gebied. Volgens die nuutste “White Paper on Corrections” (2005) het hierdie Wet (wet 8 van 1959):

- baie min verandering in die gevangenistelsel weerspieël,
- die rasse-skeiding het steeds voortgeduur,
- militêre karakter het steeds voorgekom en kommissierange en nie-kommissierange is aan lede verskaf,
- die gevangenis is as ’n geslote entiteit bestuur waar geen inspeksie deur buitestaanders gehou kon word nie en publisiteit en foto’s verbode was. Dit het veroorsaak dat die gevangeniswet nie tot die letter uitgevoer is in die algemene bestuur van gevangenisse nie en
- die nuwe wetgewing het die VN se standaard minimum reëls erken ten opsigte van rehabilitasie, maar ander reëls verontagsaam soos bv. die afskaffing van lyfstraf vir gevangenisoortredings.

In die 1980’s het verskeie veranderings binne die gevangenistelsel plaasgevind. Die gebruik van buitepos (Boerevereniging) gevangenisse is in 1984 gestaak. Daar is

ook minder gevangenes-arbeid voorsien vir landbou in die algemeen. Die noodtoestand wat op 21 Julie 1985 afgekondig is en geduur het tot 1990, het baie politieke gevangenes tot gevolg gehad in reeds oorvol gevangenisse. In 1988 is wetgewing deurgevoer vir die uitsluiting van alle verwysings na ras en dit het 'n einde gebring aan rasse-skeiding, al het dit 'n paar jaar gevat om in die praktyk deur te voer.

Gedurende die 1990's was die grootste veranderings die naamsverandering na Korrektiewe Dienste, die totstandkoming van Korrektiewe Toesig en die nuwe voorregtestelsel waar gevangenes kridiete verwerf het vir goeie gedrag in plaas van strafvermindering. Die inwerkingstelling van die Wet op Arbeidsverhoudinge (wet 66 van 1995) het ook groot verandering in die gevangenisbestuurstyl gebring aangesien Vakbonde gewettig is en deel uitgemaak het van besprekings rondom bestuursbesluite. Op 1 April 1996 het demilitarisering plaasgevind en die militêre karakter van Korrektiewe Dienste is verander na 'n burgerlike Staatsdepartement.

Met die 1994 verkiesing afgehandel en 'n nuwe regering aan bewind het radikale veranderings plaasgevind en Korrektiewe Dienste moes sy Wet, regulasies en voorskrifte aanpas om in lyn te kom met die nuwe Grondwet (wet 108 van 1996). Groot wetgewings-hervorming het plaasgevind tydens die aanloop tot die goedkeuring van 'n nuwe Wet op Korrektiewe Dienste. Op 19 November 1998 onderteken die Staatspresident die nuwe Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) en dit word bekend gemaak op 27 November 1998 in Staatskoerant no. 19522. Hierdie nuwe Wet beweeg heeltemal weg van die 1959 Wet en fokus op 'n moderne, internasionaal aanvaarbare Korrektiewe stelsel, ontwerp binne die raamwerk van die 1996 Grondwet. Artikel 2 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) omskryf die oogmerk van 'n Korrektiewe stelsel soos volg: "Om by te dra tot die instandhouding en beskerming van 'n regverdige, vreedsame en veilige samelewing deur:

- vonnisse van die howe af te dwing op die wyse wat hierdie Wet voorskryf,
- alle gevangenes in veilige bewaring aan te hou terwyl hul menswaardigheid verseker word en
- die maatskaplike verantwoordelikheid en die menslike ontwikkeling van alle gevangenes en persone onderworpe aan gemeenskapskorreksies te bevorder.

Minister Ben Skosana (DKD-Intranet) sê in ’n toespraak by ’n gesamentlike werkwinkel tussen lede van die Portfolio-komitee van Korrektiewe Dienste en die Departement van Korrektiewe Dienste op 24 Februarie 2003 dat: “The Constitution necessitated certain changes in the management of the prison system resulting in a shift in focus from public safety and incarceration to safe custody and humane detention.” In die Nexus (November 2000 : 13) skryf Sihle Mlotshwa ’n artikel oor menswaardige aanhouding. Hy sê dat dit ’n prioriteit is binne Korrektiewe Dienste. Elf dringende probleme word as prioriteit beskou en sekerlik die belangrikste daarvan is oorbevolking. Korrektiewe Dienste se hoofdoel is rehabilitasie van oortreders, maar oorbevolking veroorsaak ’n gevallelading wat onhanteerbaar is. Veiligheid, menswaardigheid en fisiese versorging van gevangenes word erg gekortwiek deur oorbevolking. Die topbestuur van Korrektiewe Dienste het dan ook ’n taakspan saamgestel om oplossings te vind vir die oorbevolkingsprobleem.

Die Standaard minimum reëls soos aanvaar by die 1995 kongres van die Verenigde Nasies (VN) is steeds van toepassing op die Suid-Afrikaanse Korrektiewe stelsel. Oorbevolking het ook hier ’n negatiewe invloed. Ten opsigte van die volgende reëls kan oorbevolking veroorsaak dat hierdie reëls nie behoorlik nagekom kan word nie:

- Reël 8: bepaal dat skeiding van verskillende kategorieë gevangenes baie belangrik is. Aangeleenthede soos geslag, ouderdom, kriminele rekord, rede vir aanhouding en die belangrikheid van hulle behandeling speel hier ’n rol,
- Reël 9: slegs een gevangene moet in ’n enkelsel aangehou word. Indien meer as een gevangene in ’n enkelsel aangehou moet word, moet liefs nie twee gevangenes saam toegesluit word nie,
- Reël 10: alle slaapakkommodasie moet binne gesondheidsriglyne toegerus wees ten opsigte van klimaatstoestande, beskikbare oppervlakte per gevangene, lig, lug, verwarming en ventilasie,
- Reël 12: sanitêre geriewe moet voldoende wees om in alle gevangenes se menslike behoeftes te voorsien. Geriewe moet ook higiënies gehou word,
- Reël 15 – 26: maak voorsiening vir persoonlike higiëne, klere en beddegoed, voedsel, oefening en sport en mediese behandeling. Die fisiese versorging van elke gevangene is dus hier ter sprake

- Reël 27: is van toepassing op dissipline en orde wat deurgaans gehandhaaf moet word.

Bogenoemde Standaard minimum reëls is slegs enkele van die reëls wat van toepassing gemaak kan word op oorbevolking en die gepaardgaande uitvoerbaarheid daarvan.

In die Beeld (Donderdag, 14 Junie 2001 :5) verskyn 'n artikel: "Toestande in tronk onrusbarend – DA." Die artikel begin met die volgende sin: "Toestande in die Johannesburgse Gevangenis is onrusbarend met tot 93 gevangenes wat een toilet gebruik weens dele van dié tronk wat tot 260% oorbevolk is. Standaard minimum reël 12 word dus reeds hier oortree.

Die A-afdeling van dié gevangenis waar gevangenes vir minder ernstige oortredings aangehou word, is 260% oorbevolk. Die vraag kan gevra word of hierdie kategorie gevangenes ooit binne 'n gevangenis hoort?

Die DA se verslag noem ook dat 6 975 van die 11 330 gevangenes in die Johannesburge Gevangenis verhoorafwagtend is. Daar is ook 1 144 jeugdiges wat in "haaglike omstandighed" aangehou word.

Uit bogenoemde statistiek (wat bevestig is deur Mnr. Themba Rubushe, kommunikasiebeampte van DKD) is dit duidelik dat oorbevolking die grootste gemene deler is wat rehabilitasie binne gevangenisse bykans onmoontlik maak. Wanneer na oorbevolking gekyk word, moet dit nie net as getalle bestempel word nie, maar ook in 'n breër sin, soos die soeke na redes en oplossings vir dié verskynsel.

Willem Luyt (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafregspleging, 1999 : 223) sê dat Suid-Afrika 'n gladde oorgang na 'n nuwe demokrasie gehad het en dat Suid-Afrika 'n merkwaardige rolspeler op die Afrika kontinent geword het. Hy gaan voort deur te sê dat: "All in all, South Africa has become a country of opportunities for everyone, unfortunately including a large number of people with criminal intentions. The heritage of the present prison regine was none other than an overcrowded monster which the staff was unable to control."

Hierdie oorbevolkte "monster" moet bestuur word en vervolgens word gekyk na statistiek ten opsigte van oorbevolking, eerstens in ander lande en daarna na die situasie binne Suid-Afrikaanse gevangenisse.

## 2.5 Oorbevolking van gevangenisse in ander lande

Dit is duidelik dat oorbevolking van gevangenisse nie net 'n probleem in Suid-Afrika is nie, maar dat dit 'n wêreldwye verskynsel is.
Wanneer daar egter gesoek word na oplossings vir hierdie probleem, moet twee logiese aspekte aandag geniet, nl.:

- hoe kan misdaad verlaag word ten einde minder oortreders in die gevangenis op te neem? en
- wanneer misdaad reeds gepleeg is, waarom gevangenisstraf as die algemeenste vonnisopsie gebruik word?

Indien sinvolle antwoorde op hierdie twee vrae verkry kan word, kan oorbevolking wêreldwyd aan bande gelê word. Vervolgens word gekyk na oorbevolkingstendense in ander lande en daarna gaan die plaaslike situasie evalueer word ten einde te bepaal waar Suid-Afika hom bevind binne die oorbevolkingsprobleem.
Vivien Stern, senior navorser by die Internasionale Sentrum vir Gevangenisstudies by die Kings Kollege in Londen (www.iss.co.za) het in 'n toespraak oor gevangenishervorming op 19 Augustus 2003 gesê: "There are 8,7 million prisoners in the world, roughly 2,16 million of these are in the United States, giving an imprisonment rate of 702 prisoners per 100 000 population. The United States has 5% of the world's population and 23% of the world's prisoners. The highest imprisonment in the European Union is England and Wales with 140 per 100 000 of the general population."
Roy Walmsley, bestuurder van die "ICPS World Prison Brief Project" (www.prisonstudies.org) verwys in 'n verslag oor gevangenisbevolking wat in Moskou voorgelê is aan die "Council of Europe" op 11 Oktober 2000 dat Rusland op 1 Junie 2000, 750 per 100 000 van die bevolking in die gevangenis gehad het. Die

VSA was op daardie stadium 680 gevangenes per 100 000 van die bevolking. Hierdie twee syfers (Rusland en VSA) is die hoogste ter wêreld gevolg deur Belarus en Kazakhstan.

Gedurende 2002 is die gemiddelde verhouding van 140 gevangens per 100 000 van die bevolking wêreldwyd gemeet. India was 28 per 100 000 en die VSA 686 per 100 000. Dr Andrew Coyle (www.prisonstudies.org) noem in die ICPS se jaarverslag vir 2002 dat daar baie redes is vir die groot verskille in verhoudings tussen gevangenesgetalle en bevolkingsgetalle. Hy noem dat mense redeneer dat hoë gevangesettingstotale gebruik word om misdaad te voorkom. Daar is egter lande wat baie hoë gevangesettingstotale het en nog steeds sukkel met misdaad wat toeneem. Die 44 lande wat die vergadering van die "Council of Europe" gedurende November 2003 in Strasbourg bygewoon het, is dit eens dat politieke besluite eerder aanleiding gee tot hoër of laer gevangesetting as wat die vlakke van misdaad dit beïnvloed.

### 2.5.1 **Oorbevolking in die VSA**


Die nuutste statistiek ten opsigte van die VSA se gevangenisbevolking (Kings Kollege, Londen – ICPS) is die 2003 syfers:

| | | | |
|---|---|---|---|
| - | Gevangenisbevolking | : | 2 033 331 |
| - | Goedgekeurde Akkommodasie | : | 1 817 628 |
| - | %-Besetting | : | 111.86% |
| - | Gevangenes per 100 000 van bevolking | : | 701 |

Reid (1988 : 492) noem dat die effek van oorbevolking in die VSA hoofsaaklik die oorsaak is van meer geweld, dood, homoseksuele aanrandings en ook klagtes oor mediese behandeling (fisies en psigies). Navorsing het ook getoon dat gevangenes baie vinnige humeure het en meer aggressief voorkom in gevangenisse of gedeeltes van gevangenisse wat oorvol is. Stresvlakke by gevangenes én personeel is ook hoër in oorvol gevangenisse.

### 2.5.2 **Oorbevolking in Europa**

André Kuhn (Tonry, 1997 : 134) het oorbevolking in Wes-Europa onder die loep geneem. Gevangenishervorming is daarop gemik om alternatiewe vir gevangenisstraf te soek. Figuur 4 toon 'n nuwe strafraamwerk wat van die onderkant van die piramide af begin en gevangenisstraf dus as laaste uitweg stel:




FIGUUR 4: Hierargie van Strafsanksies.

Indien die oortreding ernstig genoeg is om nie 'n absolute of voorwaardelike ontslag op te lê as vonnis nie, kan 'n boete oorweeg word. Gemeenskapsvonnisse kan slegs opgelê word indien die oortreding te ernstig is om 'n boete op te lê. Waar gemeenskapsvonnisse opgelê word, is daar drie keuses nl. korrektiewe toesig, gemeenskapsdiens of 'n kombinasie van die eerste twee opsies. Gevangenisstraf moet as laaste uitweg dien, slegs in gevalle waar die gemeenskap beskerm moet word teen die oortreder en hy dus uit die gemeenskap verwyder moet word. Die lengte van gevangenisstraf moet ook so kort as moontlik gehou word. Die enigste probleem met

hierdie stelsel is die gevalle waar vorige veroordelings (ook soortgelyke oortredings) in ag geneem moet word en gevangnisstraf dalk al opsie is. In sulke gevalle maak dié strafraamwerk voorsiening vir versagtende omstandighede vir ’n goeie vorige veroordelingsrekord. Waar ’n “swak” vorige veroordelingsrekord ter sprake is, moet die huidige oortreding ’n plafon skep waar die lengte van vonnis nie verby kan gaan nie.

Hierdie stelsel is beslis ’n teenvoeter vir oorbevolking, maar die vraag kan egter gevra word of so ’n stelsel die gemeenskap tevrede sal stel? Die gemeenskap kan dalk voel dat misdaad hierdeur verhoog sal word aangesien oortreders te “lig” daarvan afkom.

- **Duitsland**

Thomas Weigend (Tonry, 1977 : 177) verwys na die vermindering van gevangenisstraf as vonnisopsie in Duitsland en berig die volgende. Tussen 1968 en 1989 het die destydse Wes-Duitsland sy gevangesetting drasties verlaag. In 1968 was ongeveer ’n kwart van oortreders tot gevangenisstraf gevonnis. Twee jaar later het hierdie groep vanaf 136 000 verlaag na slegs 42 000. Persentasiegewys het dit afgeneem van 24% tot 7%. In 1989 was die syfer 33 000 gevangenes wat minder as 6% van alle oortreders uitgemaak het.

Die manier hoe dit bewerkstellig is, is deur ontslae te raak van die bykans 50% van alle oortreders wie gevonnis is vir tydperke van tot drie maande gevangenisstraf. Hierdie korttermyn gevangenisstraf het veroorsaak dat gevangenisse oorvol was met oortreders wie hulle vonnisse buite die gevangenis kon uitdien. Boetes is as alternatief vir hierdie korttermyn gevangenisstraf opgelê. 83% van die oortreders wat in 1968 gevangenisstraf uitgedien het, het vonnisse van ses maande of minder uitgedien. Duitsland het toe reeds besef dat korttermyn gevangenisstraf meer kwaad as goed gedoen het. Tydens ’n vonnistydperk van drie maande in ’n oorvol gevangenis kan geen of baie min rehabilitasie plaasvind. Oorbevolking maak skeiding van gevangenes moeilik en dit veroorsaak dat ’n oortreder wat vir ’n geringe oortreder in die gevangenis is, kan meng met geharde misdadigers wat beslis

’n negatiewe uitwerking op die oortreder en sy rehabilitasie sal hê. ’n Boete in so geval sal meer van pas wees.

- **Frankryk**

Kensey en Tournier (1999 : 97) noem dat die gevangenisbevolking in Frankryk vanaf 1975 tot 1995 gestyg het van 26 032 tot 51 623, ’n styging van bykans 100%. Gedurende hierdie tydperk was daar ook twee amnesties (1981 en 1988).

In Frankryk word gevangenesdigtheid op ’n nasionale basis bereken. Dit veroorsaak egter probleme aangesien ’n nasionale syfer slegs ’n gemiddelde besettingspersentasie verskaf. Daar kan gevangenisse wees waar die oorbevolkingsyfer baie hoër as die gemiddelde persentasie is. Kensey en Tournier (1999 : 107) sê dan ook die volgende oor die berekening van bevolkingsdigtheid in gevangenisse: “Population density is not as easy an index to calculate as one might think. Although the numerator (the number of detainees) poses no real problem, the same cannot be said of the denominator (the number of places) which depends on the capacity of the different establishments.”

Gevangenesgetalle en die gepaardgaande besettingspersentasies word as volg verdeel:

- gevangenisse met besettingspersentasies van onder 80% word as onderbenut beskou,
- besettingspersentasies van 80 – 100% word as normal beskou,
- waar die besettingspersentasie tussen 100 en 120% is, moet aandag gegee word aan die problem,
- besettingspersentasie van tussen 120 – 150% weerspieël ’n oorbevolkte gevangenis en
- gevangenisbevolkingsdigtheid van bo 150% (dit beteken dat daar 3 gevangenes vir elke 2 beskikbare plekke is) word bestempel as baie moeilik om te hanteer en gevaarlik om straf in uit te dien.

’n Ander baie interessante aspek in Frankryk is die feit dat slegs 3 uit 71 gevangenisse waar die besettingspersentasie hoer as 120% is, gebruik word vir die aanhouding van gevangenes met vonnisse van langer as een (1) jaar gevangenisstraf.

Hieruit kan afgelei word dat gevangenisse waar vonnisse van langer as een (1) jaar gevangenisstraf uitgedien word in effek onderbenut word.
Dieselfde tendens kom ook voor by die ongevonniste gevangenes waar ongeveer 50% van hierdie gevangenisse/afdelings bo 120% beset is. In agt (8) gevangenisse/afdelings waar ongevonnistge gevangenes aangehou word, is die besettingspersentasie hoer as 200% of dan een (1) plek vir twee (2) gevangenes.
Dit is weereens korttermyngevangenisstraf (in hierdie geval minder as een jaar) en ongevonniste gevangenes wat die hoofrede vir oorbevolking in gevangenisse is.

- **Nederland**

Angie Botha (Nexus, November 1998 : 27) skryf in ’n artikel oor die “Second International Conference on Modern Trends in Corrections” wat op 17 September 1998 by Technikon SA aangebied is dat sprekers van verskeie lande hulle siening oor Korreksies gegee het. Interessante statistiek ten opsigte van aanhoudingsyfers in Nederland is deur Prof. Gerard de Jonge, verbonde aan die Limberg Universiteit in Maastricht, bekend gemaak. Hy sê ondermeer dat die verhouding tussen gevangenes en die land se bevolking, 77 per 100 000 is, slegs 15% van gevangenes is onder 23 jaar oud en slegs 4% bo 50 jaar oud. Gevagenisse is gemiddeld 98% beset en meer as die helfte van hierdie gevangenes is buitelanders. Ook word gesê dat bykans die helfte van die gevangenisbevolking vir dwelm-verwante oortredings in die gevangenis is. Prof. de Jonge noem ook dat daar een (1) lid is vir elke gevangene.
Prof. de Jonge het ook verwys na die “Standard Minimum Rules” van die VN en gesê dat dit slegs ’n riglyn is en dat dit nie afdwingbaar is of dat ’n oortreding daarvan deur enige land, strafbaar kan wees nie. Hy noem wel dat daar gekyk moet word na nuwe minimum standaarde om gevangenes wêreldwyd in aan te hou. Hy sê ook terreg dat as daar waarheid steek in die gesegde dat “The way in which a state treats its prisoners discloses the level of its civilisation, a lot remains to be done.”
Om terug te kom na die lae gevangene/bevolking verhouding van 77 per 100 000, moet daar gekyk word na hoe dit vermag word. Binne die Nederlandse kriminele reg (Tak, Acta Criminologica, Volume 7, no. 1 van 1994 : 7) word vonnisopleggers wye diskrisionêre magte gegee en daar bestaan feitlik geen statutêre reëls ten opsigte van

vonnisoplegging nie. Individualisasie van straf kom dus tot sy reg aangesien die vonnisoplegger die erns van die misdaad, die omstandighede waarbinne die oortreding gepleeg is en die privaat en sosiale agtergrond van die oortreder in ag neem voordat hy 'n gepaste vonnis oplê.

Die kritici sal dadelik sê dat gelyke behandeling van alle oortreders deur howe gehandhaaf moet word. Dit kan dus gebeur dat twee persone vir dieselfde oortreding verskillend gevonnis word aangesien twee verskillende vonnisopleggers verskille vonnisse opgelê het. Dit mag miskien so wees, maar dan moet dit ook nie uit die oog verloor word dat geen twee kriminele sake dieselfde kan wees nie en beslis ook nie twee verskillende oortreders dieselfde kan wees nie.

Nederland is geneig om gevangenisstraf te verminder en meer op nie-aanhoudingswyses te konsentreer. Die lae gevangenisbevolkingsyfers word toegeskryf aan die volgende aspekte wat binne die Nederlandse wetgewing (Dutch Penal Code) vervat is:

- vermindering van die gronde waarop aansoek gedoen kan word vir voorverhoor aanhouding (verhoorafwagtendes) en ook die vermindering van die maksimum aantal dae wat 'n verhoorafwagtende aangehou mag word na slegs 100 dae,
- die instel van boetes as die mees algemene vonnisopsie en daarmee saam ook 'n wye verskydenheid van boete-opsies,
- hervorming van die wetgewing wat voorwaardelike vrylating reël (parool) en
- inwerkingstelling van gemeenskapgebaseerde vonnisse.

Die "Dutch Penal Code" maak ook voorsiening vir opgeskorte vonnisse. Hierdie vonnisopsie kan volledige of gedeeltelike opskorting wees. In Nederland kan opgeskorte vonnisse opgelê word vir enige oortreding behalwe in gevalle waar gemeenskapsvonnisse en gevangenisstraf van langer as 3 jaar ter sprake is.

Ook gevangenisstraf word redelik beperk. Daar word wel maksimum vonnisse voorgeskryf vir moord (lewenslank of 20 jaar), verkragting (12 jaar), huisbraak (6 jaar) en diefstal (4 jaar). Hierdie maksimum strawwe is daargestel vir die ernstigste senario van misdaadpleging, maar dit is nie voorskriftelik vir enige oortreding nie. Die minimum gevangenisstraf wat in Nederland opgelê kan word, is een (1) dag. Daar was kritiek teenoor die oplegging van een (1) dag gevangenisstraf, maar die


Minister van Justisie het gesê dat dit geregverdig is en dit met die volgende saak toegelig (Tak, Acta Criminologica, Volume 7, no. 1 van 1994 : 9): “During a battle a soldier is lethally wounded. He is not able to ask for a merciful killing. It is impossible to transport him and he runs the risk of being tortured further. A co-soldier kills him merciful. This falls under the legal definition of murder. But in case a prosecution takes place, one day of imprisonment would be an appropriate sentence.”

### 2.5.3 **Oorbevolking in Japan**

Ook in Japan is die verhouding tussen gevangenisbevolking en die bevolking van die land relatief laag, 53 per 100 000. Hierdie syfer is gebaseer op totale soos in 2000 (ICPS, Kings Kollege 2003). Bogenoemde verhouding is bereken op ’n bevolking van 127,5 miljoen mense teenoor 67 255 gevangenes. Suid-Afrika se statistiek word breedvoerig bespreek in die volgende afdeling (paragraaf 2.6, p66), maar om net ’n vergelyking met Japan te doen, is Suid-Afrika se gevangenisbevolking tans 187 903 teenoor ’n bevolking van ongeveer 45 miljoen, ’n verhouding van 417 per 100 000.
Dit moet duidelik gestel word dat die verskil tussen die gevangene/bevolking verhouding in Japan en Suid-Afrika beslis nie net dui op hoër misdaad in Suid-Afrika nie. Misdaad kan wel hoër wees, maar die belangrikste afleiding wat hieruit gemaak kan word, is die feit dat Suid-Afrika baie meer van gevangenisstraf as vonnisopsie gebruik maak.

### 2.5.4 **Oorbevolking in Nieu-Seeland**

Die volgende land wat bespreek word is Nieu-Seeland. Prof. Charl Cilliers noem in ’n artikel in die Nexus (April 1993 : 22) dat Nieu-Seeland in 1991 ’n bevolking van 3,45 miljoen gehad het. Die gevangenisbevolking vir die ooreenstemmende tydperk was 3 990, ’n verhouding van 115 gevangenes per 100 000 van die bevolking. Sedert 1960 was daar ’n redelike styging in hierdie verhouding. Die tendens vanaf 1960 – 1990 word in figuur 5 hieronder aangedui:




FIGUUR 5: Gevangenes per 100 000 van die bevolking van Nieu-Seeland (1960 – 1990).

Nieu-Seeland se strafstelsel is daargestel om sy gemeenskap te beskerm. Dit word gedoen deur afskrikking sowel as verbetering van die oortreder se misdadige gedrag. Rehabilitasie geniet dus baie aandag. Prof. Cilliers (Nexus, April 1993 : 22) sê dat: "The primary consideration is to ensure that those who are a serious danger to society by reason of the nature or character of offence, are removed from the community. Apart from this whether possible, sanctions are imposed that do not involve imprisonment."

In Nieu-Seeland word die volgende alternatiewe vir gevangenisstraf gebruik:

- boetes,
- kompensasie,
- toesig,
- gemeenskapsdiens,
- periodieke aanhouding en
- gemeenskapsversorging.

Vir moord is lewenslange gevangenisstraf verpligtend. Die doodstraf is reeds in 1961 afgeskaf in Nieu-Seeland. Ook lyfstraf vir enige misdaad is afgeskaf gedurende 1989. ’n Baie interessante aspek van die kriminele reg in Nieu-Seeland is dat ’n oorteder wat lewenslange gevangenisstraf uitgedien het, op parool geplaas word onder toesig van ’n paroolbeampte vir die res van sy lewe.

Nieu-Seeland se strafreg maak ook spesifiek voorsiening vir aanhouding onder menslike omstandighede en in die minimum graad van sekuriteit. Arbeid van gevangenes is baie belangrik aangesien gevangenes in werkwinkels binne die gevangenis of op gevangenisplase werk. Daar word ook veral vir jeugdiges vaardigheidsklasse, skoolonderrig, rekreasie ens. aangebied om die rehabilitasie van oortreders te bewerkstellig. Opleiding van personeel maak ook ’n groot deel uit van vaardigheidsontwikkeling.

Na vrylating word daar aandag gegee aan die gemeenskapinskakeling van oortreders. Alle oortreders wat vonnisse van korrektiewe opleiding of gevangenisstraf van een (1) jaar of meer uitgedien het, word vir ses (6) maande na vrylating onder toesig van ’n paroolbeampte geplaas.

### 2.5.5 **Oorbevolking in Afrika**

In bogenoemde bespreking (paragraaf 2.5.1 tot 2.5.4, p49-57) is oorbevolking in verskeie lande in die wêreld hanteer, maar buurstate op dieselfde kontinent se situasie en hantering van oorbevolking kan handig gebruik word om uiteindelik wysigings aan die plaaslike regstelsel aan te bring ten einde oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse te verlig.

Roy Walmsley (www.prisonstudies.org) verwys in ’n verslag, “An overview of world imprisonment: global prison populations, trends and solutions” na hoe die verhouding van gevangenes per 100 000 van die bevolking in Afrika verskil. Hy noem dat die gemiddelde verhouding in Suider-Afrika vyf (5) keer hoër is as in Sentraal- en Wes-Afrika. Slegs een (1) land in Suider-Afrika het ’n verhouding van minder as 230 per 100 000 en slegs een (1) land in Sentraal- en Wes-Afrika het ’n verhouding van meer as 115 per 100 000.

Dr. Khulekani Sitole (Nexus, Mei 1998 : 14), ’n voormalige Kommissaris van Korrektiewe Dienste, het vanaf 15 – 18 Maart 1998 ’n internasionale simposium in Kanada bygewoon en skryf die volgende oor die groei van gevangenisbevolkings in Afrika: “The concept of imprisonment as a penal measure did not exist in Africa traditional society. Prisons in Africa have their genesis in colonialism because colonialism perceived the African as a sub-human being, the treatment and nature of Africans had nothing to do with rehabilitation. Custodial sentences were the order of the day regardless of the seriousness of the offence as according to colonialists, this was the only punishment that a native would understand.”

Dr. Sitole noem verder dat omstandighede binne gevangenisse in Afrika haaglik is. Ou polisiestasies en militêre forte is gebruik om gevangenes aan te hou. Die voortdurende oplegging van gevangenisstraf het die probleme vererger en nuwe gevangenisse was gou oorbevolk as gevolg van hierdie vonnisopsie.

In Suider-Afrika het veral lande soos Zimbabwe, Suid-Afrika en Botswana leiding geneem met gevangenishervorming om gevangenisstraf nie net as straf vir misdaad te gebruik nie, maar ook om gevangenes te verander ten einde na vrylating waardevolle bydrae’s te lewer in die gemeenskap.

- **Zimbabwe**

Prof. Feltoe van Zimbabwe (Nexus, Maart 1993 : 8) het tydens ’n seminaar oor die kriminele reg en gevangenisstraf verwys na die rol wat die verskillende rolspelers binne die regsplegingstelsel kan speel om die problem van oorbevolking aan te spreek:

- Die Wetgewer:
  - (i) dekriminalisering van sekere oortredings,
  - (ii) groter gebruikmaking van die sivielereg en
  - (iii) nie-aanhoudingsvonnisse voorskryf vir geringe oortredings.
- Polisie/Aanklaers:
  - (i) polisie en aanklaers moet meer geringe oortredings filter, veral waar daar min of geen bewyse is nie en

(ii) hulle moet ook meer aangemoedig word om hulle magte ten opsige van waarskuwings en ontslag vir geringe oortredings te gebruik.

- Howe:
  (i) baie minder gebruik maak van gevangenisstraf as vonnisopsie en
  (ii) meer gebruik maak van nie-aanhoudingsvonnisse.
- Gevangenisse:
  (i) korttermyn gevangenes moet vrygelaat kan word in die gemeenskap onder toesig van ’n toesigbeampte en
  (ii) die gevangenes wie regtig in die gevangenis hoort, moet menswaardig behandel en gerehabiliteer word om residivisme te verhoed.

Daar is 40 gevangenisse in Zimbabwe met ’n goedgekeurde akkommodasie van 16 000. Gedurende 2001 was daar 21 000 gevangenes in aanhouding wat ’n persentasiebesetting van 131,25% verteenwoordig. Van hierdie 21 000 gevangenes is 29% ongevonnis. Daar is 4 356 bewakingspersoneel in diens wat ’n lid/gevangene ratio van 1:4.8 teweeg bring.

Daar word al meer besef dat gevangenisstraf nie die oplossing vir misdadige gedrag is nie. Dit is ’n baie duur opsie en baie min lande beskik oor die nodige hulpbronne om goeie gevangenisadministrasie toe te pas. Ook in Zimbabwe is die Strafproses- en Bewyswet in Augustus 1992 gewysig om voorsiening te maak vir gemeenskapgebaseerde vonnisse.

- **Kenya**

In die Nexus (Volume 1 : 15) word Kenya as een van die Afrika state bestempel wat baie doen om gevangenishervorming op die Afrika kontinent te bewerkstellig. Die Suid-Afrikaanse “Lawyers for Human Rights” het Kenya gelukgewens met sy pogings om die doodstraf af te skaf.

Die nuut aangestelde President van Kenya, Mnr. Mwai Kibaki, het die aankondiging gemaak dat 28 terdoodveroordeelde gevangenes vrygelaat gaan word en dat ’n

verdere 195 terdoodveroordeelde gevangenes se vonnisse omskep gaan word na lewenslange gevangenisstraf. Mnr. Kibaki het verder gesê dat hy die doodstraf afgeskaf wil sien in dié Oos-Afrika staat. Hy het bygevoeg: "This is a new government with a new thinking. The government feels there is no reason and no justification to keep prisoners, particularly if they have reform in prison, for that long." Kenya voeg hom dus ook by al die ander lande wat voel dat onnodige lang gevangenisstrawwe nie meer van pas is nie.

Die Minister van Justisie in Kenya, Mnr. Kiraitu Murungi, het gesê dat die doodstraf barbaars is en dat dit hopelik afgeskaf gaan word wanneer dié land sy grondwet aanvaar.

- **Burundi**

Nog 'n Afrika-staat waar oorbevolking 'n problem is, is Burundi. 'n Afvaardiging van Korrektiewe Dienste (SA) het Burundi besoek gedurende 2002 om vas te stel wat hulle probleme is en hoe hulle gehelp kan word om hul doelwitte ten opsigte van gevangenisadministrasie te bereik (Nexus, Junie 2002 : 16).

Mnr. Takalanie Mbara van die afdeling Strategiese beplanning, DKD Suid-Afrika, het die volgende knelpunte in Burundi uitgelig:

- oorbevolking is 'n groot probleem wat gevangenishervorming belemmer,
- meer akkommodasie en uitbreiding van bestaande gevangenisse is nodig,
- verbetering van die regstelsel,
- funksionering van howe moet opgeskerp word, veral om die agterstand van sake en die gepaardgaande hoeveelheid ongevonniste gevangenes wat in aanhouding is, te verlig en
- tekort aan voedsel vir gevangenes as gevolg van 'n finansiële krisis.

Die aanhouding van gevangenes is die hoofdoel van die gevangenisowerhede en minimale rehabilitasie vind plaas. Die toestande waaronder gevangenes aangehou word, is basie swak. Gevangenes het nie beddens in alle selle nie en gevangenes moet dus noodgedwonge op die grond slaap met min beddegoed. 'n Tekort aan

water was ook ’n groot probleem aangesien sanitêre geriewe nie behoorlik kan werk sonder water nie.

Verskeie ontvlugtings het al plaasgevind veral wanneer gevangenes na hospitale of howe geneem word. Daar bestaan ’n groot behoefte aan opleiding van personeel om hulle beter toe te rus vir die werk wat hulle moet doen.

’n Ander probleem is swak administrasie. Al die administrasie word met die hand gedoen, geen rekenaarstelsels is beskikbaar nie en dus is rekordhouding baie onvolledig. Lae salarisse vir personeel verswak die toestand nog verder aangesien die moraal van die personeel baie laag is.

Mnr. Mbara het Burundi se gevangenisbestuur genooi om Suid-Afrika te besoek ten einde meer samewerking te bewerkstelling, veral ten opsigte van armoede verligting, MIV/Vigs en rehabilitasieprogramme.

- **Namibië**


Die destydse Suidwes-Afrika het deel gevorm van Suid-Afrika en daarom het die gevangenisowerhede in Namibië ook tot 1998 nog Suid-Afrika se Wet op Gevangenisse (wet 8 van 1959) gebruik. Namibië se Gevangenisdienswet (wet 17 van 1998) is op 12 Junie 1998 geteken deur die President van Namibië en bekend gemaak per Staatskoerant no. 1894 op 22 Junie 1998. Op 31 Desember 2000 (Ministry of Prisons Annual Report 2000 : 2) was daar 4 779 gevangenes aangehou in dertien (13) gevangenisse in Namibië. Die goedgekeurde akkommodasie vir hierdie gevangenisse is 3 822, ’n persentasiebesetting van 125,03%. Namibië se bevolking in 2000 was 1,34 miljoen. Die verhouding van gevangenes per 100 000 van die bevolking is 355 per 100 000.

Die Minister van Korrektiewe Dienste in Namibië, Mnr. Marco Hausiku sê in die 2000 jaarverslag dat die gevangenisse in Namibië ongeveer 20% oorbevolk is, maar hy sê ook dat korttermyn gevangenisstraf vir geringe oortredings 44% van die gevangenisbevolking verteenwoordig. Om hierdie tendens hok te slaan gaan nie-aanhoudings vonnisopsies soos Korrektiewe toesig en gemeenskapsdiens ingestel word om die oplegging van gevangenisstraf, in gevalle van geringe oortredings, te verminder. ’n Gerekenariseerde gevangenesstelsel word ook beoog om te help met

ondermeer klassifikasie van gevangenes. Tans word die tipe gevangenis geklas volgens die tydperk van gevangenisstraf wat daar uitgedien word en nie volgens risiko faktore soos wat bepaal kan word met 'n goeie klassifikasiestelsel nie.

Rehabilitasie is 'n baie belangrike doelwit van die Namibiese Korrektiewe stelsel, maar die voortdurende groei in gevangenisbevolking plaas 'n demper op rehabilitasie pogings. Die ledetal by die dertien (13) gevangenisse in Namibië is 1 191 (soos op 31 Desember 2000). Met 'n gevangenisbevolking van 4 779 is die lid/gevangene ratio 1:4 wat rehabilitasie positief kan beïnvloed aangesien meer individuele aandag aan gevangenes in kleiner groepe gegee kan word.


Die twee belangrikste faktore wat lei tot oorbevolking in enige land is eerstens die aantal korttermyn gevangenes in aanhouding en ook die frekwensie van beweging ten opsigte van ongevonniste gevangenes. In figuur 6 word die verskillende aanhoudingstydperk as 'n persentasie van die totale gevangenisbevolking voorgestel. Hieruit is dit duidelik dat korttermyngevangenisstraf, ook in Namibië, die grootste oorsaak is van oorbevolking van gevangenisse. Rehabilitasie van korttermyn gevangenes is baie moeilik aangesien die gevangene relatief "gou" vrygelaat word en behandelingsprogramme nie werklik tot sy reg kan kom by hierdie kategorie gevangenes nie. Rehabilitasie van die langer-termyn gevangenes word weer belemmer deur die groot gevallelading wat hanteer moet word en uiteindelik het die oorbevolking veroorsaak dat wynig suksesse behaal word met rehabilitasie.




FIGUUR 6: Lengte van vonnis ten opsigte van gevangenisstraf opgelê in Namibië gedurende 2000.

Tydens 'n besoek aan Swakopmundgevangenis op 3 Oktober 2001 het dit aan die lig gekom dat gevangenes hulle vonnisse volledig uitdien. Geen paroolbeleid is in plek

sedert die inwerkingstelling van die nuwe Wet op Korrektiewe Dienste (wet 17 van 1998) nie. Hierdie tendens is beslis een van die hoofoorsake van die groei in gevangenestotale aangesien nuwe opnames voortdurend opgeneem word, terwyl vrylating eers geskiet na voltooiing van die volle straftydperk soos opgelê deur die hof. Figuur 7 toon die groei in gevangenisbevolking in Namibië oor die afgelope 10 jaar (1991 – 2000):





FIGUUR 7: Toesluittotale op 31 Desember (1991 – 2000).

Tydens die besoek aan Swakopmundgevangenis op 3 Oktober 2001 was die goedgekeurde akkommodasie 87 en die oopsluittotaal 139. Die persentasiebesetting was 159,77%. Windhoekgevangenis is op 8 Oktober 2001 besoek. Die goedgekeurde akkommodasie was 900 en die oopsluit 1 271. Die persentasie besetting was 141,22%. Gesien in die lig van die gemiddelde persentasiebesetting van 125,03% op 31 Desember 2000 is dit duidelik dat die huidige bevolkingsgroei onder gevangenes problematies is. Minister Hausiku sê dat die bou van meer gevangenisse nie noodwendig oorbevolking sal teenwerk nie. Die gemeenskap moet besef dat daar altyd gevangenisse sal wees, maar dit moet aangewend word vir die aanhouding van die mees gevaarlike gevangenes teen wie die gemeenskap beskerm moet word. Vir die res moet gemeenskapgebaseerde vonnisse opgelê word om sodoende alle oortreders te straf vir hulle misdadige gedrag, maar oorbevolking moet

ook aangespreek word. ’n Ander feit wat die gemeenskap deeglik van moet kennis neem is dat Korrektiewe Toesig en gemeenskapdiens nie as ligtelike vonnisopsies gesien moet word nie.

Figuur 8 toon ’n foto van Walvisbaaigevangenis in 1904 en ook ’n foto van Swakopmundgevangenis soos dit in 2004 daaruit sien.



FIGUUR 8: Walvisbaaigevangnis (1904) Swakopmundgevangenis (2004).

Dit is duidelik dat die gevangenisstrukture baie verbeter het oor die jare, maar gevangenishervorming is dringend nodig om die gevangenisadministrasie te verbeter, meer beheerbare getalle gevangenes in aanhouding te hê ten einde rehabilitasie te laat slaag en laastens ’n beter diens aan die gemeenskap te lewer.

Kommissaris Shikongo sluit die 2000 jaarverslag af deur te sê dat daar baie mietes onder die publiek bestaaan oor Korrektiewe Dienste. Hy sê dat die ware feite meer gereeld deurgegee moet word na die publiek sodat hulle meer ingelig is oor die werklike probleme en uitdagings wat in die gesig gestaar word. Hy noem ten slotte dat: “We did deliberately challenge those myths to reduce public misconceptions and promote greater understanding about how good corrections contribute to public safety. Hopefully, this will also reduce the perceived fears about crime and increase Namibians confidence that offenders can and do return safely to community as responsible, law-abiding citizens.”

### 2.5.6 **Vergelyking van die oorbevolkingsprobleem in ander lande**

Gedurende 2002 was die gemiddelde verhouding van 140 gevangenes per 100 000 van die bevolking wêreldwyd gemeet. Die hoogste aantal gevangenes per 100 000

van die bevolking was gedurende hierdie tydperk in Rusland (750) en die VSA (686). Die laagtste was gemeet in Indië (28 per 100 000).

In Duitsland is weggedoen met die groot hoeveelheid gevangenisstraf van minder as 3 maande. Dit het tot gevolg gehad dat slegs 6% van oortreders gedurende 1989 in gevangenisse aangehou is. Alternatiewe vir gevangenisstraf is aangewend soos bv. gemeenskapsvonnisse en boetes.

Ook in Frankryk is dit korttermyn gevangenisstraf en ongevonnistes wat die grootste invloed het op oorbevolking. Wanneer slegs langtermyn gevangenisstrawwe in ag geneem word, is dit duidelik dat gevangenisse in effek onderbenut word en dus positiewe rehabilitasiemoontlikhede tot gevolg kan hê.

In Nederland dien 77 uit elke 100 000 van die bevolking gevangenisstraf uit. Dit is die resultaat van wye diskressie wat verleen word aan die vonnisopleggers in Nederland. Individualisasie van straf kom tot sy reg en anders as die oplegging van verpligte minimum vonnisse in Suid-Afrika, dra dit by tot die lae gevangesettingstotale in Nederland.

Japan met sy 53 uit 100 000 en Nieu-Seeland met sy 120 uit 100 000 van die bevolking is steeds baie laer as die verhouding in Afrika. In Nieu-Seeland word baie klem gelê op rehabilitasie en dit dra beslis by tot die laer aanhoudingsyfers. Wanneer Afrika lande vergelyk word, is dit duidelik dat die verhouding tussen gevangenes en die land se bevolking merkbaar hoër is as die lande wat reeds in hierdie afdeling bespreek is. Veral in Suider-Afrika is die verhouding baie hoër as in Sentraal- en Wes-Afrika. Suid-Afrika self het ’n verhouding van 408 gevangenes per 100 000 van die bevolking. Oorbevolking in gevangenisse in Afrika kan aan verskeie redes toegeskryf word. In ’n land soos Burundi is aanhouding van gevangenes prioriteit bo bv. rehabilitasie. In Namibië dien 44% van die gevangenes tydperke van tussen 1 en 6 maande gevangenisstraf uit. Indien hierdie kategorie gevangenes vonnis buite die gevangenis kan uitdien, sal oorbevolking merkbaar afneem. ’n Ander aspek wat oorbevolking in die wiele ry is die frekwensie van beweging ten opsigte van ongevonniste gevangenes. In Nederland is die aantal dae wat ’n verhoorafwagtende aangehou mag word verminder na slegs 100 dae. Indien soortgelyke wetgewing ook in Afrika oorweeg kan word, behoort die gevangenisbevolking aansienlik te daal.

Ook Suid-Afrika se wetgewers moet gaan kyk wat gedoen kan word om meer gepaste vonnisse op die wetboeke te kry. Die toepassing van minimum vonnisse is beslis ook een van die kwessies wat dringende aandag moet geniet. Dit het tyd geword dat daar wegbeweeg word van die era waar ’n oortreder toegesluit en die sleutel weggegooi word. Hierdie vergeldingsproses is verouderd en die gemeenskap moet deel gemaak word van die gesprekke rondom alternatiewe vir gevangenisstraf.

## 2.6 **Oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse**

Seker die belangrikste deel van hierdie ondersoek is juis die oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse. In hierdie afdeling word die redes vir oorbevolking, die uitwerking daarvan op die owerhede, gevangenes en die gemeenskap, die finansiële implikasies en moontlike oplossings vir die probleem in detail bespreek.

Gedurende 2001 was die wêreld se bevolking 6,1 biljoen teenoor ’n wêreldwye gevangenisbevolking van ongeveer 8,7 miljoen. Die gemiddelde verhouding tussen gevangene totale en 100 000 van die wêreld se bevolking is dus 140 per 100 000. In Suid-Afrika is ongeveer 46 miljoen mense met ’n gevangenisbevolking van 187 903 (30 April 2004), met ander woorde ’n verhouding van 408 gevangenes per 100 000 van die bevolking. Die 187 903 gevangenes bestaan uit 53 880 ongevonniste gevangenes en 134 023 gevonniste gevangenes terwyl die goedgekeurde akkommodasie slegs 114 787 is. Die huidige persentasiebesetting is dus 163.70% wat ’n oorbevolking van 63.70% of 73 116 gevangenes verteenwoordig.

Op 27 April 1994 het Suid-Afrika sy eerste vrye verkiesing gehou waar alle burgers kon stem. Hieruit is ’n nuwe demokratiese regering saamgestel onder leierskap van President Nelson Mandela. Hierdie regering wou eerstens die rasse ongelykhede uit die weg ruim en menseregte, vir almal, bemark. ’n Intrim Grondwet is saamgestel en deel daarvan was die Handves vir Menseregte. Hierdie handves het die fundamentele regte van alle Suid-Afrikaners uitgespel. Een van hierdie regte is dat elke mens die reg het op menswaardigheid en respek. Dié reg is ook van toepassing gemaak op gevangenes. Artikel 35(2)(e) van die Grondwet (wet 108 van 1996) sê dan ook die volgende: “A prisoner is entitled to conditions of detentions that are consistent with human dignity, including at least exercise and the provision, at state

expense, of adequate accommodation, nutrition, reading material and medical treatment."

'n Nuwe regering, 'n nuwe Grondwet en 'n handves vir menseregte het dan ook 'n omwenteling binne Korrektiewe Dienste veroorsaak. Die siening en beleid van die nuwe regering was totaal anders as die apartheidsregering s'n. Die Korrektiewe Dienste Wet (wet 8 van 1959) moes dus in totaliteit hersien en gewysig word om aan te pas by die nuwe Grondwet. Wet 111 van 1998 is ontwikkel en tans die nuutste riglyn waarbinne Korrektiewe Dienste sy mandaat moet uitvoer. Die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) en die gepaardgaande regulasies is daarop gemik om gevangenes onder menswaardige omstandighede aan te hou en op te hef tot voordeel van die gemeenskap waarin hulle weer vrygelaat moet word. Indien die oorbevolkingsyfers in ag geneem word, kan die vraag egter ontstaan of menswaardige aanhouding en rehabilitasie moontlik is onder sulke swak omstandighede. Tans word die eerste dekade van demokrasie gevier, maar daar is steeds 73 116 gevangenes te veel in die gevangenis. Om bloot te sê dat Suid-Afrikaanse gevangenisse 63,70% oorbevolk is, kan gevaarlik wees want dit is slegs 'n gemiddelde persentasie. Daar was op 30 April 2004 gevangenisse in Suid-Afrika wat tot 370% vol was (inligting verkry vanaf die kantoor van die Inspekterende Regter). Minister Ben Skosana (DKD-Intranet) het op 1 Augustus 2000 tydens 'n toespraak by die Nasionale Simposium vir Korrektiewe Dienste verwys na hoe Prof. Dirk van Zyl Smit, 'n lid van die Nasionale Raad vir Korrektiewe Dienste die verlede van Korrektiewe Dienste beskryf: "The history of the South African prison system in the last twenty years is a history of both change and continuity. On the one hand, there is the history of a system which formed part of the State apparatus of a minority government which applied explicitly racial criteria. The prison system itself was governed by a highly restictive legal regime, which included explicitly racist elements. Change in this regard has been significant and on accosions has anticipated change in the national polictical structure…" Minister Skosana noem verder in sy toespraak dat transformasie nodig is om die regsplegingstelsel effektief toe te pas. Hy sê dat die onderafdelings van die regsplegingstelsel beter sal moet saamwerk om hierdie doelwit te bereik. Die Polisie, Justisie, Korrektiewe Dienste en Maatskaplike ontwikkeling kan nie hulle werk in isolasie doen nie.


Om terug te kom na oorbevolking, sal daar dus gesamentlike pogings aangewend moet word ten einde minder gevangenes in aanhouding te hê. Die bou van meer gevangenisse is beslis nie ’n oplossing vir oorbevolking nie. Die regering het reeds goedgekeur om twee nuwe gevangenisse jaarliks oor die volgende tien jaar te bou (Beeld, 16 Desember 1999 : 2). “Ons kan onsself nie uit oorbevolking uit bou nie, minder gevangenes sal na die gevangenis gestuur moet word”, het Minister Skosana gesê. 4 Uit elke 1 000 Suid-Afrikaners is in die gevangenis. Hierdie situasie sal dringend aangespreek moet word en langtermyn oplossings sal gevind moet word.

Op 11 Julie 2004 het Freek Robinson (Fokus SABC 2) gesprek gevoer met die Adjunk-Minister van Korrektiewe Dienste, Me. Cheryl Gillwald en Regter Hannes Fagan, Inspekterende Regter van gevangenisse. Regter Fagan was soos gewoonlik gepantser met statistiek en het verskeie interessante feite bekend gemaak, ondermeer dat daar ongeveer 13 000 ongevonniste gevangenes in aanhouding is, wie borg toegestaan is, maar wat nie die borg kan bekostig nie. Hulle hou volgens die howe geen gevaar in vir die gemeenskap nie, want borg is reeds toegestaan. Tans kos dit die belastingbetaler bykants 1,5 miljoen rand per dag om hierdie 13 000 oortreders aan te hou. Me. Gillwald noem verder dat ongeveer 16 500 ongevonnistes per maand nie terugkom vanaf howe nie, dit nadat hulle gemiddeld vir 3 maande aangehou was. Sy voeg by deur te sê dat Suid-Afrika een van die strengste strafmaatreëls in die wêreld het en dat oorbevolking in ons gevangenisse een van die resultate daarvan is.

Regter Fagan sê dat hy bly is dat die regering oor die volgende vyf jaar werkskepping en sosiale omstandighede wil verbeter. Volgens die Regter is armoede en werkloosheid ’n groot bydraende faktor tot misdaadpleging in die algemeen. Me. Gillwald het ten slotte gesê dat Korrektiewe Dienste sy mandaat moet uitvoer binne die Grondwet (wet 108 van 1996), die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) en die regulasies en voorskrifte wat daaruit vloei. Dit is dan ook een van die redes om die ongeveer R800 miljoen wat tans aan oortyd vir lede per jaar spandeer word, te gebruik om ’n addisionele 5 000 lede aan te stel en dan ’n 7-dag werkweek in te stel. Op die manier sal die personeeltekort aangespreek word en dus sal daar meer personeel wees om die werk te verrig. Indien die oorbevolkingsprobleem ook verlig kan word, sal rehabilitasie tot sy reg kan kom. Gevangenisse is daargestel om straf in uit te dien en nie om verder te straf nie. Korrektiewe Dienste moet

"korreksies" toepas en moet dus opheffingswerk vir die gemeenskap doen. Oorbevolking kan hierdie opdrag verongeluk aangesien te veel gevangenes en te min personeel chaos kan veroorsaak deur mense in haaglike omstandighede onmenswaardig te behandel.

Wanneer navorsing gedoen word oor oorbevolking van gevangenisse, kom twee aspekte bykans wêreldwyd na vore, nl. die aanhouding van ongevonniste gevangenes asook gevonniste gevangenes wat veral korttermyn gevangenisstraf uitdien. Ook in Suid-Afrika is dit die geval. Figuur 9 hieronder toon 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse gevangenisbevolking soos op 31 Maart 2004. Met hierdie statistiek as vertrekpunt kan daar gekyk word na redes vir hierdie tendense asook moontlike oplossings daarvoor.




FIGUUR 9: Oorsig van SA gevangenisbevolking (Maart 2004).*

* Statistiek vanuit 2003 jaarverslag van die Inspekteurende Regter van gevangenisse

Die ongevonniste gevangenes (29%) en kort termyn gevangenisstraf (10%) verteenwoordig 39% van die algehele gevangenisbevolking van 187 903 en is dus 73 282, die getal wat tans te veel aangehou word. As hierdie kategorieë gevangenes drasties verminder kan word, sal die mikpunt van 120 000 gevangenes in aanhouding glad nie so onrealisties klink nie. Regter Fagan sê in sy 2003 jaarverslag dat 20 000 ongevonniste en 100 000 gevonniste gevangenes 'n verhouding van 260 gevangenes per 100 000 van die bevolking sal verteenwoordig. Dit is nog steeds baie hoog, gemeet aan die 140 per 100 000 gemiddeld in die wêreld, maar beslis baie beter as die 408 per 100 000 wat tans die geval is. Die persentasiebesetting sal ook daal van die huidige 163,70% tot 104,54%. Indien dit vermag kan word, sal daar werklik sprake kan wees van sinvolle rehabilitasie van oortreders.

In die Beeld (5 Maart 2002 : 3) verskyn 'n artikel oor menseregteskendings in die wêreld. Die Amerikaanse regering sê in sy verslag dat Suid-Afrika se tronke nie voldoen aan internasionale standaarde nie en dat die oorbevolkingsyfer kommerwekkend is.

Dit is reeds vroeër in hierdie ondersoek gesê dat hoër misdaadsyfers alleen, nie oorbevolking tot gevolg kan hê nie. Roy Walmsley (Prison population size: problems and solutions, 2000) sê dat die groei in gevangenisbevolking bly voortduur. Hy noem verder dat kriminoloë 'n onderskeid tref tussen: "deterministic explanations and policy-driven explanations. Deterministic explanations focus on such background factors as changes in the crime rate, demographic changes and social and economic factors, including child poverty, the breakdown of the family, poor education and unemployment. Policy-driven explanations see the size of the prison population and its growth as primarily the consequence of decisions taken by government ministers, legislators and by criminal justice agencies, especially the courts." Roy Walmsley sê verder dat die voorskrif-gedrewe verklaring ten opsigte van die voortdurende groei in gevangenisbevolkings reg oor die wêreld die meeste gewig dra. Hy sê dat al meer lande hulle houding verander ten opsigte van gevangenisstraf wat bo alternatiewe verkies word. Walmsley sê ook dat die gemeenskap, veral na spesifieke gebeure (bv. ontvoering en moord op Marleen Konings en Leigh Matthews) drastiese stappe van die owerhede verlang en in sekere

gevalle word strenger optrede deur howe toegepas in die vorm van langer gevangenisstraf.

Die publiek vra die vraag, waarom wil ons minder mense in die gevangenis hê? As die tronke vol is, dan doen die Polisie hulle werk en word misdaad bekamp. ’n Persoon kan mos nie misdaad pleeg in die gemeenskap terwyl hy in die gevangenis is nie. Hierdie stellings maak sin vir die algemene publiek, maar wanneer hulle gekonfronteer word met die werklike feite, sal hulle beslis van mening verander. Jacques Grobler was ’n maand lank aangehou in Modderbee-gevangenis en vertel sy storie in die Beeld (28 September 2000 : 7) onder die opskrif “Publiek moet weet wat in tronke gebeur.” Hy vertel van ’n sel, bedoel vir 40 mense, waarin 80 gevangenes gehuisves word. Die kos is sleg en beddegoed is met luise besmet. Hy vertel van gevangenes wat deur lede aangerand word en gevangenes wat mekaar aanrand. Grobler sê verder: “Dit is niks anders as skending van menseregte nie. Dit is tyd dat die mense weet wat in die tronke aangaan. Dis tyd dat die regering iets daadwerkliks hieraan en aan rehabilitasie doen.

Sandara Coetzee (Beeld, 25 Oktober 1999 : 5) berig dat Suid-Afrikaanse tronke oerwoude van beton en staal is waarin slegs die sterkste oorleef. “As jy nie die sterkste is nie, is dit verby met jou,” sê Mnr. Moses Mpiliso, Adjunk-President van die “South African Prisons Organisation for Human Rights” (SAPOHR). Dit is veral bendes wat die oorbevolkingsituasie uitbyt. Mnr. Mpiliso sê verder dat indien sekere gevangenes (gewoonlik die swakkes) kos wil hê, ’n bed om in te slaap of net ’n kombers, moet sekere dinge vir die sterkes gedoen word. Dit kan enigiets van seksuele gunsies tot dwelms wees.

In nog ’n berig in die Beeld (24 November 1999 : 4) verskyn ’n artikel oor die hoë ontvlugtingsyfer uit die land se gevangenisse. Daar word verskeie redes genoem, soos nalatigheid, gebrek aan opleiding, gebrek aan toesig oor gevangenes, amptenare wat gevangenes help ontsnap en laaste, maar nie die minste nie, oorbevolking van gevangenisse wat veroorsaak dat onhanteerbare getalle gevangenes aangehou word waar reeds ’n personeeltekort ondervind word.

Midgley (1975 : 19) het statistiek van 1970 gebruik om ’n vergelyking te tref tussen die aantal gevangenes per 100 000 van die bevolking in verskeie lande. In tabel 4 word hierdie statistiek getoon.

| Land | Bevolking | Aantal Gevangenes | Per 100 000 van Bevolking |
|---|---|---|---|
| Nederland | 12,9 miljoen | 3 280 | 25,4 |
| België | 9,5 miljoen | 6 000 | 63,2 |
| Frankryk | 50,0 miljoen | 35 000 | 70,0 |
| Denemarke | 4,6 miljoen | 3 300 | 71,7 |
| Engeland | 45,5 miljoen | 33 000 | 72,5 |
| Suid-Afrika | 21,3 miljoen | 88 825 | 417,0 |

TABEL 4: Gevangenisbevolking per 100 000 van ’n land se bevolking (1970).


’n Baie belangrike aspek wat uit die statistiek in tabel 4 afgelei kan word, is die feit dat die verhouding ten opsigte van Suid-Afrika in 1970, 417 per 100 000 van die bevolking was en 34 jaar later 408 per 100 000. Hieruit kan afgelei word dat die bevolkingsgroei en misdaadstatistiek nie ’n baie groot rol speel in die oorbevolkingstatistiek van Suid-Afrikaanse gevangenisse nie. Die enigste ander afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat te veel mense in Suid-Afrika gevangenis toe gestuur word. Tabel 5 toon die verhouding tussen gevangenisbevolking per 100 000 van die Suid-Afrikaanse bevolking vir die tydperk 1970 en 1993 tot 2004.

| Jaar | Aantal Gevangenes | Bevolking | Per 100 000 van Bevolking |
|---|---|---|---|
| 1970 | 88 825 | 21,3 miljoen | 417 |
| 1993 | 106 878 | 37,9 miljoen | 282 |
| 1996 | 125 750 | 40,5 miljoen | 280 |
| 1997 | 142 410 | 41,1 miljoen | 346 |
| 1999 | 162 638 | 42,0 miljoen | 387 |
| 2001 | 168 443 | 44,8 miljoen | 375 |
| 2004 | 187 903 | 46,0 miljoen | 408 |

TABEL 5: Gevangenisbevolking per 100 000 van Suid-Afrikaanse bevolking.

Tans is daar 238 gevangenisse in gebruik in Suid-Afrika (April 2004). Van hierdie gevangenisse is 84 se persentasiebesetting hoër as 175% tot 199%, 49 gevangenisse se besetting 200% tot 299% en 7 gevangenisse se besetting 300% en hoër. Dit impliseer dat 59% van Suid-Afrikaanse gevangenisse se besetting 175% of hoër is terwyl die gemiddelde Nasionale persentasiebesetting slegs 163,70% is.

Uit die verhouding tussen gevangenisbevolking per 100 000 van die Suid-Afrikaanse bevolking is dit duidelik dat Suid-Afrika baie ver weg is van die wêreld-gemiddeld van 140 per 100 000. Dit is belangrik om te gaan kyk na wat die werklike omvang van oorbevolking in Suid-Afrika is. Deur bloot te sê dat daar op 30 April 2004, 187 903 gevangenes in aanhouding was terwyl die goedgekeurde akkommodasie slegs 114 787 was en dat die gevangenisse dus 63,70% oorbevolk is, is nie genoeg nie. Hierdie statistiek moet oor ’n tydperk grafies voorgestel word om die ware omvang te kry en net weer te besef dat daar drasties iets aan gedoen moet word om gevangenesgetalle minder te maak, sodat rehabilitasie tot sy reg kan kom. Figuur 10 gee ’n geheelbeeld van aanhoudingsyfers in Suid-Afrikaanse gevangenisse in 1970 en vanaf 1995 tot 2004.




FIGUUR 10: Gevangenisbevolking teenoor goedgekeurde akkommodasie.

In die Strategiese Beplanningsdokument van Korrektiewe Dienste in die jaar 2000, is een van die strategiese fokus-area's oorbevolking van gevangenisse. Die mandaat in hierdie fokus-area is gesetel in die Grondwet van Suid-Afrika (wet 108 van 1996) asook die VN se standaard minimum reëls vir die behandeling van gevangenes. Die strategiese doelwit wat gestel is, is om die gevangenisbevolking met 25% te verminder teen die jaar 2002. Die gevangenisbevolking gedurende die middel van 2000 was 172 271 en gedurende die middel van 2002, 175 290. Daar was dus in plaas van 'n 25% daling, 'n styging van 1,75% (3 019 gevangenes) in die gevangenisbevolking.

Die rede vir doelwitte van Korrektiewe Dienste wat nie bereik word nie, moet binne die regsplegingstelsel as 'n geheel gesoek word. Daar moet begin word by die Polisie en daarna moet die hofprosedures bestudeer word en dan eers kan probleemareas's binne Korrektiewe Dienste self aandag geniet. Aangesien Korrektiewe Dienste die laaste bestemming vir baie oortreders is, is dit uiters belangrik om te gaan kyk wat aanleiding gegee het tot die gevangesetting van 'n oortreder.

Seipati Sentle (Nexus, Volume 1 : 12) skryf 'n artikel oor misdaadvoorkoming en vra die vraag: "Are we winning the war against crime?" Volgens hierdie artikel kom die SAPD nie sy kant van die ooreenkoms tussen suster departemente binne die regsplegingstelsel na nie. 'n Witskrif vir Veiligheid en Sekuriteit is reeds in 1998 deur die parlement goedgekeur, maar tot in 2003 is daar steeds baie van die voorskrifte vervat in hierdie Witskrif, nog nie tot uitvoering gebring nie. Indien van hierdie misdaadvoorkomingstrategieë reeds in werking gestel is, kon oorbevolking van gevangenisse reeds baat gevind het daarby.

Op 22 September 2003 het die Kommissaris van Polisie, Mnr. Jackie Silebe op TV nuus gesê dat misdaad afgeneem het. Met die uitsondering van roof met verswarende omstandighede, is misdaad-teikens behaal. Hy sê verder dat daar 'n afname in moord, verkragting en aanranding was.

Volgens die Instituut vir Veiligheidstudies benodig die publiek meer detail inligting as die huidige getalle/persentasies wat bekend gemaak word. Die statistiek dui aan dat aggressiewe misdade afgeneem het, maar kan dit moontlik ook wees dat minder aggressiewe misdade aangemeld is. Ekonomiese misdade word weer meer gereeld

gerapporteer as gevolg van bv. korttermyn versekeringseise waar ’n “MAS” nommer verstrek moet word. Statistiek kan dus baie misleidend wees en nie altyd die ware toedrag van sake weerspieël nie.

In dieselfde insetsel op TV nuus noem die Adjunk Minister van Veiligheid en Sekuriteit, Mnr. Joe Matthews dat 12,5 miljoen ernstige misdade die afgelope nege (9) jaar gepleeg is. Slegs in 6% van hierdie gevalle is die oortreders gestraf. Dit laat die publiek onveilig voel. Mnr. Matthews sê ten slotte dat alhoewel die misdaadstatistiek ’n afname toon, dit steeds te hoog is.


Misdaadstatistiek is ’n handige bestuursmeganisme aangesien beleid daarvolgens aangepas kan word ten einde oplossings vir probleme te soek. Ook vir Korrektiewe Dienste is misdaadstatistiek baie belangrik aangesien dit ’n invloed het op oorbevolking, veral waar die howe gevangenisstraf oplê. Getalle ten opsigte van veral ongevonniste gevangenes speel tans ’n groot rol as gevolg van die feit dat 53 880 van die huidige gevangenisbevolking (30 April 2004) ongevonnistes is.

Vervolgens word die situasie rondom ongevonniste gevangenes in detail bespreek. Gevonniste gevangenes en die gepaardgaande oplegging van gevangenisstraf word daarna onder die loep geneem en hierdie afdeling word dan afgesluit met ’n oorsig van die finansiële implikasies van gevangesetting.

### 2.6.1 **Ongevonniste gevangenes**

Eerstens is gekyk na die totale prentjie van oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Dit is egter nodig om die totale oorbevolkingsprobleem nou verder af te breek ten einde die spesifieke oorsake vir die probleem vas te stel. Soos reeds genoem, is die groot aantal ongevonniste gevangenes in aanhouding en die “oormatige” oplegging van gevangenisstraf die twee groot oorsake van oorbevolking.

Ten opsigte van ongevonnistes in aanhouding is statistiek versamel en word dit in figuur 11 hieronder grafies voorgestel.




FIGUUR 11: Aantal ongevonniste gevangenes in aanhouding (1995 – 2004).

Vanaf 1995 tot April 2000 was daar 'n deurlopende styging in die aantal ongevonniste gevangenes in aanhouding (24 000 tot 64 000), 'n styging van 163,60%. In die ooreenstemmende tydperk was die groei in die land se bevolking ongeveer 8,7%. Tussen April 2000 en Januarie 2001 is die situasie baie verbeter deur 'n daling in aanhoudingsyfers van ongevonnistes vanaf 63 964 tot 51 559. Die rede vir hierdie daling word later in hierdie afdeling bespreek. Sedert 2001 tot 2004 is die aanhoudingsyfers redelik konstant en die rede hiervoor is dat die rolspelers in

die regsplegingstelsel saamgespan het om die probleem van oorbevolking ten opsigte van ongevonniste gevangenes in aanhouding aan te pak en werkbare oplossings te vind.

Op 11 Julie 2004 tydens 'n onderhoud met Freek Robinson (Fokus, SABC 2), het Regter Hannes Fagan, Inspekterende Regter van gevangenisse, gesê dat die oorbevolkingsprobleem baie hoog op die agenda van Korrektiewe Dienste is en dat hy bly is om te sê dat veral onder ongevonniste gevangenes daar verbetering is. Die aantal ongevonniste gevangenes is sedert 2000 verlaag vanaf 64 000 tot ongeveer 54 000 in 2004, het hy gesê.

In die Inspekterende Regter se 2003 jaarverslag noem hy egter dat die ongevonniste gevangenes in aanhouding verder afgebring moet word, tot ongeveer 20 000. Dit sal 'n drastiese vermindering wees en maniere sal gevind moet word om daarby uit te kom.

Korrektiewe Dienste se grootste probleem met oorbevolking is die feit dat hy nie sy mandaat ten volle kan uitvoer soos deur die regering aan hom gestel is nie. By die opening van die Qalakabusha gevangenis in KwaZulu-Natal op 4 November 2000 (DKD-Intranet) het Minister Ben Skosana gesê: "One of the major challenges facing prison systems world wide, my Department included, is overcrowding. Prison overcrowding, prevalent in almost every country is at the root of many of the worst violations of the human rights in prisons." Die regering verwag menswaardige aanhouding en rehabilitasie van gevangenes, maar dit is nie maklik bereikbaar in gevangenisse wat tot 300% beset is nie.

Die Adjunk-minister van Korrektiewe Dienste, Me. Cheryl Gillwald, sê in die "SA Corrections Today (Julie 2004 : 5): "Perhaps we need to encourage our colleagues from Justice- the Magistrates Commission and the Prosecuting Authority in paticular, to visit our facilities. They will witness, first hand, the impact of the decisions they make on inmates and awaiting-trial detainees housed within our facilities. Their cooperation in managing the overcrowding problem is critical and we must make them our allies in this crusade."

Prof. Steven Terblanche skryf in die Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg (Volume 60, nommer 1, Februarie 1997 : 61) dat verhoorafwagtendes 'n al groter wordende deel van die gevangenisbevolking uitmaak. Hy sê dat die syfer oor

die afgelope 20 jaar (1975 – 1995) taamlik konstant gebly het in die omgewing van 16 000, maar oor die laaste dekade met 68,5% toegeneem het tot 28 421 aan die einde van 1995. Waar verhoorafwagtendes in 1985 slegs 15,6% van die totale gevangenisbevolking uitgemaak het, het hulle in 1995 25,3% van die totale gevangenisbevolking verteenwoordig. In April 2004 was 28,7% van die totale gevangenisbevolking verhoorafwagtend.

’n Ernstige probleem word tans by howe ondervind om sake afgehandel te kry. Sake word net nie teen dieselfde spoed afgehandel as wat die Polisie misdadigers aankeer nie. Die “Parliamentary Monitoring Group” (www.pmg.org.za) sê in ’n verslag gedateer 3 Oktober 2000 dat: “The court cycle times has increased from 76 days in 1995 to 140 days in August 2000.”

Regter Fagan sê in sy jaarverslag van 2000 dat die aantal verhoorafwagtendes wat langer as drie maande aangehou is, gestyg het van ongeveer 4 000 in 1996 tot bykans 27 000 in 2000. Hy sê verder dat die gemiddelde aanhoudingstydperk van verhoorafwagtendes 138 dae is, maar dat ongeveer 50% van die verhoorafwagtende gevangenes vir 4½ maande en langer aangehou word, sommiges selfs vir jare.

Op 30 April 2004 was die aantal ongevonniste gevangenes in aanhouding 53 880. Die per kapita koste om ’n gevangene vir een dag aan te hou word tans bereken op R114 per dag. Dit kos die regering dus daagliks R6,14 miljoen om dié kategorie gevangenes aan te hou.

Tabel 6 toon die ouderdomsgroepe van die ongevonniste gevangenes in aanhouding.

| **Geslag** | **<18 Jaar** | **18-<21 Jaar** | **21-25 Jaar** | **>25 Jaar** | **Totaal** |
|---|---:|---:|---:|---:|---:|
| Vroulik | 58 | 200 | 275 | 709 | 1 242 |
| Manlik | 2 055 | 11 111 | 15 195 | 24 277 | 52 638 |
| **Totaal** | **2 113** | **11 311** | **15 470** | **24 986** | **53 880** |

TABEL 6: Ouderdomsgroepe van ongevonniste gevangenes in aanhouding (30 April 2004).

Die ouderdomsgroepe toon dat 96% van die ongevonniste gevangenes in aanhouding, die werkersgroep is wat hulle gesinne kan onderhou en ’n inkomste

verkry terwyl ’n saak teen hom ondersoek word en die hofprosedure afgehandel word. Waar die gemeenskap egter beskerm moet word teen ’n oortreder, sal aanhouding die enigste opsie wees.

’n Ander aspek wat duidelik na vore kom uit die statistiek in table 6, is die hoë aanhoudingsyfer van jeugdiges jonger as 18 jaar (2 113). Tydens ’n media inligtingsessie in Kaapstad op 14 Junie 2000 het Minister Ben Skosana gesê dat: “Overcrowding is the single biggest problem in all South African prisons and is aggravated by the fact that almost a third of the prison population is awaiting trial. At Pollsmoor Prison nearly 2 000 children are packed in communal cells. Some of the 1 985 prisoners are as young as 14 years.”

Die tweede kolom in tabel 6 toon die aantal ongevonniste jeugdiges jonger as 18 jaar. In tabel 7 hieronder word hierdie kategorie gevangenes verder verdeel in die spesifieke ouderdomme onder 18 jaar.

| **Geslag** | **7-13 Jaar** | **14 Jaar** | **15 Jaar** | **16 Jaar** | **17 Jaar** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vroulik | 0 | 1 | 16 | 13 | 28 | 58 |
| Manlik | 7 | 101 | 308 | 668 | 971 | 2 055 |
| **Totaal** | **7** | **102** | **324** | **681** | **999** | **2 113** |

TABEL 7: Ongevonnistge gevangenes jonger as 18 jaar (30 April 2004).

In die Universiteit, Wes-Kaap, se Perspectives (Volume 6, nommer 3, 1996 : 15) het Wendell Roelf ’n onderhoud gevoer met die senior navorser van die “Community Law Centre”, Julia Sloth-Nielsen. Sy sê dat kinders, tot 30 in ’n sel aangehou word. Baie van hierdie selle is met luise besmet en die omstandighede waaronder aanhouding geskied, is haaglik. Een jong kind word as ’n verhoorafwagtende aangehou vir langer as drie maande en dit vir die steel van een hoender. Haar organisasie beywer hulle om sulke gevalle te rapporteer by die Portfolio-komitee vir Korrektiewe Dienste, die Menseregtekommissie asook by die Inter-Ministriële komitee vir jeugdiges.

Me. Sloth-Nielsen sê voorts: “Six key areas were identified in determining the parameters for sending children to prison, namely:

- that children under the age of 14 should not go to priosn,
- the length of detention should not be longer than 14 days,
- children convicted and not yet sentenced should be treated as still awaiting trial,
- magistrates should hear oral evidence,
- offences should be serious and
- conditions of detention should be justifiable in international law.

In tabel 7 hierbo kan gesien word dat sewe (7) ongevonniste kinders jonger as 14 jaar in aanhouding was op 30 April 2004. Op dieselfde datum was daar ook 10 gevonniste kinders in aanhouding, dus 17 kinders wat die eerste reël hierbo genoem, reeds oortree.

Baie jeugdiges is in die gevangenis vir geringe oortredings. Hier word hulle blootgestel aan fisiese- en/of seksuele mishandeling. Veral die ongevonniste jeugdiges word nie blootgestel aan enige behandelingsprogramme nie en dit is brood nodig aangesien baie van hierdie oortreders skoolgaande was toe hulle gearresteer is. Regter Fagan sê in die verband: “One would love to get better facilities for the juveniles. The decision to close the schools and send the children to prison was not a good one.”

Artikel 19 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) handel oor kinders in aahouding. In die artikel word genoem dat elke gevangene wat ’n kind is, onderwerp word aan verpligte onderwys en die wat nie verpligte onderwys ondergaan nie, moet toegang gebied word tot opvoedkundige programme [artikel 19(1) (a) en (b)]. Artikel 19(2) noem dat die Kommissaris moet toesien dat elke gevangene wat ’n kind is, voorsien word van maatskaplike werk-dienste, geestelike versorging, sielkundige dienste en ontspanningsprogramme.

Die trant waarin artikel 19 geskryf is, maak dit meer van toepassing op die gevonniste jeugdiges in aanhouding. Kinders wat lang tye as verhoorafwagtendes aangehou word, word ’n vreeslike onreg aangedoen aangesien baie van die basiese behoeftes van ’n kind hom ontneem word.

Op 30 April 2004 was daar 2 113 ongevonniste en 1 769 gevonniste jeugdiges onder 18 jaar in aanhouding. Alhoewel die totaal van 3 882 slegs 2,06% van die algehele gevangenisbevolking uitmaak is dit steeds 3 882 te veel wat in aanhouding is. Veral die 2 113 ongevonniste jeugdiges waar geen behandelingsprogramme en skoolonderrig plaasvind nie, is kommerwekkend.

Dit is baie belangrik om te let op die feit dat institusionalisasie van kinders geensins moet plaasvind nie, veral nie aanhouding van 'n kind in 'n gevangenis nie. Die vraag wat egter ontstaan is wat die alternatiewe is aangesien jeugdige oortreders nie oor die hoof gesien kan word wanneer dit by misdaadpleging kom, net omrede die oortreder 'n kind is nie. Hierdie maatskaplike probleem sal ook op die langtermyn aangespreek moet word, veral in die gemeenskap waar die gesinsbande versterk moet word.

In die Nexus (Junie 2002 : 18) verskyn 'n artikel oor die groot hoeveelheid arrestasies wat verwag word nadat die Minister van Veiligheid en Sekuriteit Mnr. Charles Nqakula, die nuwe vingerafdruktegnologie van die SAPD bekend gestel het. Hy sê "ou" sake so ver terug as 20 jaar, kan heropen word en verder ondersoek word met die nuutste tegnologie. Vir die publiek is dit verblydende nuus, maar vir Korrektiewe Dienste wat reeds oorbevolk is, voorspel dit niks goeds nie. Nexus het ook met Mnr. Nico Baloyi, Hoof van Pretoria Lokaal en Mnr. Freddie Engelbrecht, Area Bestuurder van Pollsmoor gepraat oor die invloei van "nuwe" gevangenes. Beide menere Baloyi en Engelbrecht is van mening dat die grootste probleem met oorbevolking binne Korrektiewe Dienste by die aanhouding van ongevonniste gevangenes is. Die howe vat te lank om sake af te handel en intussen word die gevangenes teen hoë koste in die gevangenis aangehou. Mnr. Tsoeu Ntsane, woordvoerder vir Minister Ben Skosana het gesê dat die aanhouding van ongevonniste gevangenes gedurende 2001 bykans R2 biljoen beloop het.

Me Cheryl Gillwald, Adjunk-minister van Korrektiewe Dienste, sê in die "SA Corrections Today" (Julie 2004 : 4) dat ongeveer 16 500 ongevonniste gevangenes per maand nie terug kom van die howe nie. Met ander woorde hulle word aangehou in 'n gevangenis, die saak word soms by herhaling uitgestel en uiteindelik word die saak teruggetrek of die oortreder onskuldig bevind. Hierdie gevangenes word

gemiddeld 4 maande aangehou. Bereken teen die huidige R114 per dag is miljoene rande per maand van die belastingbetaler spandeer.

Regter Fagan het ook gesê dat ongeveer 13 000 ongevonniste gevangenes aangehou word terwyl borg vasgestel is vir hulle, maar hulle dit nie kan bekostig nie. Deur borg vas te stel sê die Departement van Justisie dat hierdie oortreders nie ’n gevaar inhou vir die gemeenskap nie. Hulle hoort dus nie in die gevangenis nie, maar maak deel uit van die huidige oorvol gevangenisse.


Regter Fagan sê verder in sy jaarverslag vir 2000: “Considering the enormous cost involved in building new prisons, which amounts to about R200 000 per prisoner, the answer is not merely to build more prisons. The number of awaiting-trial prisoners in relation to sentenced prisoners is totally unacceptable and must be reduced.”

Daar is slegs twee maniere om die getal ongevonnistge gevangenes te verminder, nl.:

- verlaging van die invloei van verhoorafwagtendes en
- om dié reeds in die ge vangenis, daar uit te kry.


2.6.1.1 **Lang aanhoudingstydperke van ongevonniste gevangenes**

Daar moet ten alle koste gepoog word om ongevonniste gevangenes se getalle te verminder. ’n Ander baie belangrike aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, is ongevonniste gevangenes wie wel in die gevangenis is aangesien geen borg vasgestel is nie of omrede die beskuldigde ’n gevaar inhou vir die gemeenskap, maar vir maande (en in sommige gevalle vir jare) aangehou word alvorens sy saak afgehandel word. Figuur 12 toon juis die statistiek ten opsigte van ongevonniste gevangenes langer as 3 maande in aanhouding (inligting verkry vanaf Inspekterende Regter van Gevangenisse.)



FIGUUR 12: Ongevonniste gevangenes langer as 3 maande in aanhouding (30 April 2004).

Bogenoemde statistiek is bereken op 53 880 ongevonniste gevangenes wat op 30 April 2004 in Suid-Afrikaanse gevangenisse in aanhouding was. Dit is skokend om te sien dat 6% (3 232) van die ongevonniste gevangenes vir langer as 2 jaar aangehou word, voordat sake gefinaliseer word. Regter Fagan het in ’n onderhoud met die navorser gesê dat die langste aanhouding van ’n ongevonniste gevangene in Suid-Afrika bykans 7 jaar was. Die vraag wat hieruit kan ontstaan is, gaan die beskuldigde ooit langer as 7 jaar gevonnis word wanneer hy skuldig bevind word? Daar sal beslis gekyk moet word na maniere om hierdie toedrag van sake te stuit. Die statistiek ten opsigte van ongevonniste gevangenes in aanhouding vir langer as 3 maande (per maand) word in figuur 13 aangetoon.




FIGUUR 13: Ongevonniste gevangenes langer as 3 maande in aanhouding (per maand).

Alhoewel die maandelikse aanhoudingsyfers oor die afgelope 12 maande (figuur 13) redelik konstant gebly het, is die syfer van aanhouding langer as 3 maande onrusbarend hoog. Die 24 843 verhoorafwagtendes (April 2004) teenoor die totale aantal verhoorafwagtendes (53 880) vir die ooreenstemmende tydperk

verteenwoordig 46,1%. Dit is nie aanvaarbaar dat bykans die helfte van ongevonnistes in aanhouding, vir langer as 3 maande sal moet wag om hul sake gefinaliseer te kry nie.

Me. Cheryl Gillwald sê in "SA Corrections Today" (Julie 2004 : 4) dat verskeie inisiatiewe reeds geïmplementeer is om oorbevolking aan te spreek, maar dat dit wynig invloed gehad het op gevangenisbevolkingstotale. Aspekte soos Saterdag howe, pleit-bedinging en afwentelingsprogramme is in plek gestel, maar weer eens moet die vraag gevra word, hoe suksesvol kan sulke inisiatiewe wees as dit slegs sporadies toegepas word?

'n Ander inisiatief wat in die Wes-Kaap geloods is, is die voorstel deur die Regsgemeenskap om te help met die verligting van oorbevolking ten opsigte van verhoorafwagtendes. Hierdie projek is in samewerking met die kantoor van die Inspekterende Regter, Regter Fagan in Kaapstad begin. Me. Cheryl Gillwald, Adjunk-minister van Korrektiewe Dienste, sê dat hierdie projek 'n reuse suskses in die Wes-Kaap is en uitgerol moet word na die ander Provinsies. Hierdie projek word op 'n "pro bona" basis hanteer en geen vergoeding vir die regslui is ter sprake nie.

Regter Fagan noem ook die volgende in sy jaarverslag vir 2003: "On Human Rights day, 16 December 2003, 66 attorneys carried out inspections in 27 prisons situated throughout the country. They did this without any charge and produced a report of their findings after the various inspections. In their report they dealt separately with each prison. Virtually every prison had to cope with overcrowding which led to a litany of problems including;

- gangsterism,
- contagious diseases,
- emotional stress of prisoners and staff causing low morale,
- inadequate ablution facilities,
- rehabilitation and educational courses hampered by the overcrowding and
- prisoners being kept in cells for many hours due to lack of staff to guard them when out of the cells.

'n Ooreenkoms tussen die "Cape Law Society" en die Inspekterende Regter is reeds geteken waarby eersgenoemde party hulleself bereid verklaar om 3 dae, onbetaalde

werk, per geregistreerde prokureur in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap te verrig in 'n strewe om minder verhoorafwagtende gevangenes in aanhouding te hê.

Regter Fagan vertel van 'n sel, ontwerp vir 38 gevangenes, wat gedurende April 2003, 101 gevangenes gehuisves het. In hierdie sel is net een toilet wat teen 10:00 bedags nie meer werk nie aangesien die watertenk leeg is. "Dit is seker nie nodig om te sê waar hierdie gevangenis is nie," sê Regter Fagan. Johannesburg Medium A is die plek waar sulke tonele afspeel.

In die Nexus (Volume III, 2003 : 28) verskyn 'n artikel oor die haaglike omstandighede waarin ongevonniste gevangenes in Johannesburg Medium A gevangenis aangehou word. Die goedgekeurde akkommodasie is 2 360, maar gedurende 2003 is bykans 8 000 verhoorafwagtendes aangehou. Daagliks word gemiddeld 400 nuwe opnames ontvang. Hierdie opnamegetal per dag tesame met lang aanhoudingstydperke van ongevonniste gevangenes het 'n sneeubal-effek wat beslis buite beheer is. Die skrywer van hierdie artikel, Samantha Ramsewaki sê dan ook terreg: "There is definitely a break in the system of offender handling, and for as long as the backlog in cases at courts continue, Johannesburg Medium A prison will become an intolerable place to live in and even worse to work in." Dieselfde stelling kan ook gemaak word ten opsigte van baie ander gevangenisse in Suid-Afrika waar soortgelyke omstandighede daagliks voorkom.

In hierdie ondersoek is die probleem wat nagevors is, oorbevolking. Tot dusver het dit neergekom op hoofsaaklik die aanhouding van ongevonniste gevangenes sowel as die oplegging van korttermyn gevangenisstraf wat dan tot gevolg het dat die getal gevangenes wat hanteer moet word binne inrigtingsverband totaal uit verhouding is met bv. die aantal lede werksaam by hierdie inrigtings. Menswaardige aanhouding en rehabilitasie is bykans onmoontlik en daarom sal daar gekyk moet word na wie of wat verantwoordelik is vir die huidige oorbevolkingsprobleem binne Suid-Afrikaanse gevangenisse.

Om dit te doen word gekyk na die rol van die Polisie, Justisie, Korrektiewe Dienste sowel as die rol van die gemeenskap in so verre dit die oorsake vir oorbevolking aangaan.

2.6.1.1.1 **Die rol van die Polisie**

Verhoorafwagtende gevangenes is persone wat deur die Polisie gearresteer is, voor 'n hof verskyn en dan gevangenis-toe gestuur word tot die volgende hofverskyning. Dit is hier waar hulle gemiddeld vir 3 maande en soms vir jare aangehou word totdat hulle uiteindelik skuldig bevind en gevonnis word, of selfs onskuldig bevind en ontslaan word nadat miljoene rande spandeer is aan hulle aanhouding.
Regter Fagan sê in sy jaarverslag vir 2003 dat daar ook baie sake teruggetrek word, slegs 40% van verhoorafwagtendes word uiteindelik skuldig bevind en gevonnis.
Dit beteken dat die Polisie nie hulle werk reg doen nie. Een van die redes is dat die Polisie onnodige arrestasies maak. Dit word geensins negatief bedoel nie. Die gemeenskap moet beskerm word teen misdadigers, maar is dit nodig om so groot hoeveelhede beskuldigdes in gevangenisse aan te hou tot hul volgende verskyning in die hof? Hoe meer misdadigers aangekeer word, hoe groter is die druk op die howe, maar dit moet nie beteken dat daar addisionele druk op Korrektiewe Dienste moet wees nie.
Die Strafproseswet (wet 51 van 1977) maak in verskeie artikels voorsiening vir maniere waarop verseker kan word dat beskuldigdes wel in die hof verskyn. Artikel 54, 56, 57, 59 en 72 van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) gaan vervolgens in meer detail bespreek word.

- Artikel 54: 'n **Dagvaarding** wat deur die aanklaers uitgereik kan word, in gevalle waar arrestasie onnodig is.

Hiemstra (2002 : 132) noem dat hierdie meganisme, met oordeelkundige gebruik, aangewend kan word om die onrusbarende hoë gevangenisbevolking van verhoorafwagtendes teen te werk en ook om artikel 7(2) en 8(2) van die Grondwet (wet 108 van 1996) na te kom deur elke verdagte se menswaardigheid en die reg op vryheid [artikel 10 en 12(1)] onderskeidelik te eerbiedig.

- Artikel 56: 'n **Skriftelike kennisgewing** kan deur 'n vredesbeampte uitgereik word vir 'n beweerde oortreder in aanhouding of nie. 'n

Skulderkennigsboete moet vasgestel word en kan betaal word, sonder om in die hof te verskyn.

Hierdie artikel beoog besparing van die koste aan tyd en geld (vir die gearresteerdes, maar ook vir die staat) van onnodige aanhoudings en hofverskynings. Die skriftelike kennisgewing om te verskyn, bied die geleentheid om uit die staanspoor aanhouding te vermy of dit reeds in die polisiestasie te beïndig, asook om latere hofverrigtinge te vermy mits die beskuldigde die vasgestelde skulderkenningsboete betaal. Subartikel (2) noem dat waar ’n beskuldigde in aanhouding is, is die gevolg van die bedienning van ’n skriftelike kennisgewing dat hy onverwyld uit bewaring vrygelaat word. Die huidige perk is tans vasgestel op R1 500 boete wat op dié manier opgelê kan word.

Die verskil tussen ’n dagvaarding en ’n skriftelike kennisgewing is dat ’n dagvaarding slegs deur ’n aanklaer uitgereik kan word terwyl ’n skriftelike kennisgewing deur ’n vredesbeampte uitgereik kan word. ’n Aanklaer sal dus die eerste keer met ’n skriftelike kennisgewing te doen kry wanneer ’n skulderkenningsboete nie betaal is nie en die saak voor die hof moet dien (Hiemstra, 2002 : 141).

- Artikel 57: ’n **Skulderkenningsboete** van hoogstens R1 500 (hierdie perk is vasgestel in Staatskoerant no. 19435 van 30 Oktober 1998) kan deur middel van ’n skriftelike kennisgewing of dagvaarding gestel word.

Slegs in gevalle waar die vredesbeampte of aanklaer oortuig is dat ’n swaarder straf as ’n boete van R1 500 nie in ’n hof opgelê sou gewees het nie, kan van hierdie artikel gebruik gemaak word.

- Artikel 59: ’n Beskuldigde wat in bewaring is ten opsigte van ’n misdryf, behalwe ’n in Deel II of Deel III van Bylae 2 bedoelde misdryf kan, voor sy eerste verskyning in ’n laer hof, deur ’n polisiebeampte met of bo die rang van onderoffisier, in oorleg met die polisiebeampte belas met die ondersoek, ten opsigte van so ’n misdryf op **borgtog** vrygelaat word.

Dit staan ook bekend as “Polisieborg”. Die vasgestelde bedrag moet by die polisiestasie gedeponeer word waarna ’n kwitansie uitgereik word en ’n borgakte

voltooi word met die verhoordatum daarop aangedui. (Hiemstra, 2002 : 151). Indien ’n beskuldigde in aanhouding is en sy borg word betaal, moet hy onmiddellik vrygelaat word. Daar kan ook by ’n hof aansoek gedoen word vir die vasstelling van borg sowel as verlenging van borgvoorwaardes.

- Artikel 72: Indien ’n beskuldigde ten opsigte van ’n misdryf in bewaring is en ’n polisiebeampte of ’n hof die beskuldigde ten opsigte van daardie misdryf ingevolge artikel 59 of 60, na gelang van die geval, op borgtog kan vrylaat, kan bedoelde polisiebeampte of bedoelde hof, na gelang van die geval, in plaas van borgtog en indien die misdryf, in die geval van bedoelde polisiebeampte, nie ’n in Deel II of Deel III van Bylae 2 bedoelde misdryf is nie – die beskuldigde uit bewaring vrygelaat en hom **waarsku** om op ’n bepaalde datum en tyd voor ’n bepaalde hof te verskyn of in die geval van ’n beskuldigde onder die ouderdom van 18 jaar wat vrygelaat word, die beskuldigde in die sorg geplaas word van ’n persoon in wie se bewaring hy is, en bedoelde persoon waarsku om die beskuldigde op ’n bepaalde datum en tyd voor ’n bepaalde hof te bring of te laat bring.

’n Vorm van “vry borg” of “vrylating op eie verantwoordelikheid” het oor die jare in die praktyk bestaan, maar sonder wetregtelike magtiging. In 1977 het die wetgewer toe ’n formele meganisme geskep wat in die plek van borgstelling gebruik kon word om verhoorafwagtendes wat nie in hegtenis hoort nie, op vrye voet te stel. Uiteraard is dit by uitstek geskik vir diegene wat selfs ’n geringe borgbedrag nie kan bekostig nie (Hiemstra, 2002 : 184).

Misdrywe bedoel in Deel II en Deel III van Bylae 2 (Hiemstra, 2002) word as bylaag 3 in hierdie ondersoek aangeheg (Artikel 59 en 72 hierbo verwys).

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat daar verskeie opsies bestaan om misdadigers by die hof te kry sonder om hulle in aanhouding te hou. In gevalle waar die gemeenskap beskerm moet word teen ’n misdadiger, is die gevangenis die aangewese plek. Die polisie moet baie meer gebruik maak van die magte wat hulle opgelê is aangesien dit ’n groot rol kan speel by oorbevolking van gevangenisse. Indien die polisie nie onnodige arrestasies maak nie; waarskuwings, borg en

skulderkenningsboetes optimaal benut en nouer saamwerk met die aanklaers en howe (Justisie), sal die mikpunt van 20 000 ongevonniste gevangenes in aanhouding haalbaar wees.

Regter Fagan voeg ook die volgende voorstelle by om ongevonniste gevangenestotale te verlaag (Jaarverslag vir 2003):

- Maatskaplike Dienste en die Polisie moet nouer saamwerk veral waar jeugdiges se aanhouding oorweeg word. Die gevangenis is beslis nie ’n plek vir jeugdige oortreders nie (beide gevonnis en ongevonnis),
- die ondersoekbeamptes moet nouer saamwerk met aanklaers om te bepaal of aanhouding regtig nodig is tot ’n volgende hofdatum en
- die Polisie moet meer gebruik maak van polisieselle om gearresteerdes in aan te hou pleks van reeds oorvol gevangenisse.

Die owerheid is daargestel om wet en orde te handhaaf deur die gemeenskap te beskerm. Sodra die Polisie dit doen wat van hulle verwag word, word druk geplaas op die howe en Korrektiewe Dienste. Hoe meer misdadigers aangekeer word, hoe voller word die hofrolle en hoe meer gevangenes beland by Korrektiewe Dienste. Dit is dan ook die uitsluitlike rede vir oorbevolking van gevangenisse. Om oorbevolking te bekamp word van die Polisie verwag om hulle diskressie te gebruik by arrestasie en vrylating op waarskuwing, borg of die betaling van ’n skulderkenningsboete. Die oomblik wat enige van hierdie drie opsies uitgeoefen word, word die beskuldigde vrygelaat in die gemeenskap. Die Strafproseswet (wet 51 van 1977) reël wel hierdie opsies, maar terwyl met mense gewerk word, is dit onmoontlik om gedragspatrone te beheer. Dit kan dus baie maklik gebeur dat ’n beskuldigde wat vrygelaat is om later in ’n hof ter verskyn, weer misdaad pleeg en dan is die gemeenskap vyandig teenoor die Polisie wie vir hulle veiligheid verantwoordelik is aangesien die Polisie hierdie misdadiger vrygelaat het. Daar moet dus ’n fyn balans gehandhaaf word wanneer sulke besluite deur die Polisie geneem word.

In die Burger (15 November 2003 : 3) verskyn die artikel oor Me. Alix Carmichele wat na agt jaar ’n hofsaak gewen het teen die Minister van Veiligheid en Sekuriteit en die Minister van Justisie. Sy is op 6 Augustus 1995 naby Knysna wreed

aangerand en vir dood agtergelaat. Die oortreder, Francois Coetzee, was ten tye van die voorval op eie verantwoordelikheid vrygelaat op ’n aanklag van verkragting. Regter Harms het in sy uitspraak gesê dat die polisie en die hofpersoneel wat Coetzee vrygelaat het, nie behoorlik aandag gegee het aan die vraag of hy hoegenaamd op eie verantwoordelikheid vrygelaat moet word in die lig van sy hangende verkragtingsaak teen hom nie.

In ’n ander voorval (Rapport, 26 Oktober 2003 : 1) is lasbriewe vir minagting van die hof uitgereik teen die Kommissaris van Polisie, Jackie Silebe. Die hof het bevel gegee dat ’n jeugdige, sewentien jaar oud, verwyder word uit die Amsterdam Polisieselle waar hy reeds langer as ’n maand tussen geharde misdadigers aangehou word. Die hof het opdrag gegee dat die kind na ’n plek van veiligheid geneem word. Hierdie bevel is verontagsaam deur die polisie en die kind se regsverteenwoordiger het die Hooggeregshof genader om hulp. Regter Bertelsmann het die Polisiehoof in Mpumalanga self opdrag gegee om toe te sien dat die hofbevel uitgevoer word.

Die regsplegingstelsel is en bly ’n kettingreaksie waar samewerking en goeie kommunikasie van uiterste belang is. Die kringloop vanwaar ’n oortreder uit die gemeenskap verwyder word, totdat hy weer aan die gemeenskap “terug gegee” word, moet uiters versigtig bestuur word. Daar moet nooit uit die oog verloor word dat daar met mense gewerk word nie en daarom is spanwerk so belangrik.

Die volgende komponent binne die regsplegingstelsel wat bespreek word, is die Departement van Justisie.

Dit dien gemeld te word dat die skulderkenningsboetes wat deur ’n polisiebeampte en ’n aanklaer (maksimum van R1 500 elk) opgelê kan word, op 14 Februarie 2003, soos volg gewysig is:

- Polisiebeampte: die maksimum skulderkenningsboete wat opgelê kan word, is R2 500.
- Aanklaer: die maksimum skulderkenningsboete wat opgelê kan word, is R5 000.

Hierdie boetes kan betaal word sonder ’n hofverskyning en kan by oordeelkundige gebruik, oorbevolking in gevangenisse help bekamp.

### 2.6.1.1.2 Die Departement Justisie se rol in aanhoudingstydperke van ongevonniste gevangenes

Hierdie afdeling word begin met ’n vraag: Weet aanklaers, landdroste en regters hoe verhoorafwagtende afdelings van ’n gevangenis lyk, en weet hulle onder watter omstandighede hierdie kategorie gevangenes aangehou word? Die aanhoudingsyfers in ongevonniste afdelings van gevangenisse is die resultaat van aanklaers, landdroste en regters se daaglikse besluite.

Regter Bertelsmann het op 21 Januarie 2004 in die saak, Pretoruis vs die Minister van Korrektiewe Dienste, die regte van verhoorafwagtendes herbevestig deur te sê: “They retain all the basic rights and liberties of ordinary citizen except those taken away by law, expressly or by implication, or those necessarily inconsistent with the circumstances in which the prisoners had been placed.” (Inspekterende Regter van Gevangenisse se 2003/2004 jaarverslag : 31).

In die Staat vs Zuba het Regter Plasket in Februarie 2004 gelas dat die Oos-Kaapse Departement van Onderwys ’n verbeteringskool moet inrig waarheen jeugdiges verwys kan word. Die Regter was baie ontevrede toe hy ’n jeugdige wat hy na ’n verbeteringskool verwys het, in die gevangenis aangetref het (Inspekterende Regter van Gevangenisse se 2003/2004 jaarverslag : 31).

Justisie se daaglikse besluite speel dus ’n groot rol by die aanhoudingsyfers van ongevonniste gevangenes. Die vastelling van borg is een voorbeeld wat genoem kan word. Borg word dikwels vasgestel op bedrae wat nie deur die beskuldigde betaal kan word nie. Dit wil voorkom of die erns van die misdaad ’n deurslaggewende rol speel by die vasstelling van borg. Die enigste bepalende faktor behoort te wees of die gemeenskap teen die beskuldigde beskerm moet word en of hy die wagperiode tot sy volgende verskyning in die hof, buite die gevangenis kan deurbring. As daar besluit word dat borg wel vasgestel kan word, is die enigste oorblywende besluit watter bedrag ter sprake moet wees. Die finansiële vermoë van die beskuldigde moet dan in aanmerking geneem word. As die borg vasgestel word op ’n bedrag wat die beskuldigde nie kan betaal nie, sal hy noodgedwonge in aanhouding moet bly tot sy volgende verhoordatum. Wat was dan die rede vir borgvasstelling? Dit is gevalle

soos hierdie wat oorbevolking van ongevonniste afdelings in gevangenisse negatief beïnvloed.

In die verslag wat uitgebring is nadat prokureurs op Menseregtedag (16 Desember 2003) gevangenisse besoek het, is ’n geval uitgewys waar ’n beskuldigde drie mango’s gesteel het en sy borg op R500 vasgestel is. In ’n ander geval is borg van R1 000 vasgestel vir die oorsteek van spoorlyne. In beide gevalle het armoede veroorsaak dat die beskuldigdes in aanhouding moes bly aangesien hulle nie geld gehad het om hulle borg te kon betaal nie. Hierdie twee beskuldigdes hou geen gevaar vir die gemeenskap in nie en die hof het dit erken deur borg toe te staan. Dit is sulke besluite deur Justisie wat Korrektiewe Dienste onder geweldige druk plaas wanneer dit kom by die aanhouding van ongevonniste gevangenes wat eintlik buite die gevangenis moes gewees het.

Behalwe vir die vasstelling van bekostigbare borg, is daar verskeie ander metodes wat gebruik kan word deur Justisie om oorbevolking van ongevonniste afdelings in gevangenisse te help bekamp. Tydens die navorsingsproses in hierdie ondersoek het dit telkens na vore gekom dat soveel reeds gesê en geskyf is oor alternatiewe wat oorbevolking kan help bekamp, maar die uitvoering daarvan bly egter beperk. In die jongste verslag van die Inspekterende Regter van Gevangenisse (2003) maak Regter Fagan verskeie voorstelle om oorbevolking in Suid-Afrikaanse gevangenisse te verlaag. Wanneer van sy vorige verslae deurgewerk word, kom dieselfde voorstelle ook daar reeds na vore. Wanneer gaan daar begin word om hierdie voorstelle in die praktyk te toets? Die Regter het voorgestel dat beskuldigdes met borg tot ’n R1 000, wie dit nie kan bekostig nie, vrygelaat word. Dit is gedurende September 2000 gedoen en ongeveer 11 000 verhoorafwagtendes is vrygelaat. Dit was ’n eenmalige aksie wat uitgevoer is. Dit behoort nie weer gedoen te word indien Justisie daardeur besef het dat vasstelling van nie-bekostigbare borge sinneloos is nie, maar steeds word dit gedoen en steeds is gevangenisse oorvol.

Regter Fagan het ook ondermeer die volgende voorstelle gemaak ten opsigte van aspekte waar Justisie ’n rol kan speel in die verligting van aanhoudingsyfers:

- aanklaers moet baie meer van dagvaardings gebruik maak om teenwoordigheid by die hof te verseker (Art 54 van die Strafproseswet, wet 51 van 1977),

- pleitbedinging moet meer tot sy reg kom by alle tipe sake. Hierdie aspek sal breedvoerig bespreek word in hoofstuk 3 (paragraaf 3.3.4, p170) wat handel oor "Besigheid teen Misdaad",
- in gevalle waar aanhouding nie nodig is nie en 'n waarskuwing nie van pas sal wees nie, moet die aanklaer bekostigbare borg oorweeg,
- landdroste moet meer mag hê om te besluit oor die toestaan van borg. Die huidige beperkings op die gebruik van eie diskressie deur landdroste behoort herroep te word,
- in gevalle waar beskuldigdes nie borg kan betaal nie en 'n waarskuwing onvanpas sal wees, kan artikel 62(f) van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) gebruik word om hierdie beskuldigdes onder toesig van 'n korrektiewe beampte te plaas en in die geval van 'n jeugdige in die sorg van sy ouers, voog of 'n plek van veiligheid,
- die instelling van borg-howe om borgaansoeke so gou as moontlik af te handel,
- wanneer 'n beskuldigde aangehou word tot sy volgende verhoordatum behoort daar tydens daardie verhoor herbesin te word of aanhouding steeds nodig is. Indien die verhoor weer uitgestel word, moet 'n alternatief vir aanhouding oorweeg word,
- daar moet minder toegeeflikheid wees ten opsigte van die verdediging en aanklaers wat voortdurend uitstel vra. Sake moet so spoedig moontlik gefinaliseer word,
- aanklaers moet aangemoedig word om "swak" sake terug te trek veral waar beskuldigdes reeds vir lang tydperke verhoorafwagtend is. Sake wat teruggetrek word, kan altyd weer heropen word,
- voorkeur moet gegee word aan sake van beskuldigdes in aanhouding,
- sake van beskuldigdes in aanhouding moet weer geprioritiseer word ten einde die gevalle waar aanhouding die langste is, eerste af te handel,
- aandag moet bv. gegee word aan addisionele hofsittings (Saterdaghowe) en die aanstel van meer aanklaers en voorsittende beamptes om agterstande uit die weg te ruim en

- landdroste en aanklaers moet aangemoedig word om gereeld gevangenisse te besoek ten einde hulle op hoogte te hou met die omstandighede waaronder verhoorafwagtende gevangenes aangehou word.

Oorbevolking veroorsaak dat gevangenes onder onmenswaardige toestande aangehou word. Die Handves van Menseregte, die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) en die Standaard Minimum Reëls vir die behandeling van oortreders word daagliks verontagsaam aangesien die aanhoudingsyfers onhanteerbaar word. Siektes moet gekeer word, die druk waaronder personeel van Korrektiewe Dienste moet werk en die miljoene rande per dag wat aan aanhoudingskostes spandeer moet word, is faktore wat deeglik bestuur moet word deur alle rolspelers binne die regsplegingstelsel.

Tydens ’n besoek aan die Mangaung-gevangenis het Regter Fagan (Beeld, 26 Mei 2001 : 4) gesê: “Verlede week het ek uitgevind ’n kind sit al die afgelope drie weke as verhoorafwagtende in ’n tronk in Johannesburg omdat hy drie mango’s gesteel het. Dit is duidelik dat ’n landdros en ’n staatsaanklaer nie hul werk in die Johannesburgse hof behoorlik gedoen het nie. Die kind is bereid om skuld te beken. Hoekom is hy dan verhoorafwagtend?” het Regter Fagan gevra.

In ’n ander artikel in die Beeld (7 Maart 2001 : 2) het Minister Skosana aan kabinetslede gesê dat sowat ’n derde van die gevangenisbevolking (55 000) ongevonnis is. Dit word toegeskryf aan die agterstand by howe en dra by tot die oorbevolkingsprobleem.

Die “National Crime Prevention Strategy” (NCPS) se visie is om ’n misdaadvrye Suid-Afrika daar te stel. Verskeie projekte is reeds geloods en 146 swakpunte binne die regstelsel is geïdentifiseer. Die Hoof van die NCPS, Dr. Benie Fanaroff sê (Nexus, Januarie 1999 : 10) dat een van hierdie swakpunte die volgende behels: “An awaiting-trial prisoner has to go to court six or seven times before his trail is finalized.”

In die Rapport (30 September 2001 : 7) verskyn ’n artikel oor twee broers wat vir twee jaar in die Volksrust-gevangenis as verhoorafwagtendes aangehou is sonder enige verder verhoor. Regter Bertelsmann het op 13 September 2001 die Volksrust-gevangenis besoek en op die twee broers afgekom. By verdere ondersoek is bevind

dat hulle hoflêer by die openbare vervolger weggeraak het. Die twee broers het op 30 Augustus 1999 in die hof verskyn waarna die saak onbepaald uitgestel is. Regter Johan van der Westhuizen het gehelp om die geskiedenis van die saak na te spoor. Regter Bertelsmann het die kantoor van die openbare vervolger opdrag gegee om 'n hofdatum te bepaal en die twee broers is daar ingelig dat die saak formeel uitgestel is. Foute soos hierdie stel die regstelsel nie net in 'n baie swak lig nie, maar kos die belastingbetaler duisende rande per dag vir onnodige aanhouding. In die Beeld (22 Julie 1999 : 6) is verwys na 'n besoek aan Johannesburg Medium A, Boksburg, Pretoria Lokaal en C-Max gevangenisse. Hierdie gevangenisse is besoek deur Mnr. Steve Tshwete, Minister van Veiligheid en Sekuriteit, Dr. Penuell Maduna, Minister van Justisie, Mnr. Joe Nhlanhlo, Minister van Intelligensie en Mnr. Ben Skosana, Minister van Korrektiewe Dienste. Die rede vir die besoek was om oorbevolking en ontsnappingsprobleme te ondersoek. Een aspek wat weer eens na vore gekom het, was die lang aanhoudingstydperke van verhoorafwagtendes.

Die vraag wat nou ontstaan is; wat kan gedoen word om hierdie probleme/flaters die hoof te bied? In die Acta Criminologica (Volume 7, nommer 3, 1994 : 50) bespreek Doreen Pitfield die moontlikhede van 'n gerekenariseerde vonnisopleginstelsel. Hierdie aspek kan egter verder gevoer word deur te kyk na 'n geïntegreerde rekenaarstelsel vir die Polisie, Justisie en Korrektiewe Dienste. Die rekenaartegnologie brei daagliks uit en Suid-Afrika sal moet aanpas by die nuutste tegnologie om dinamies te wees in die bestuur van die regstelsel. Met 'n gerekenariseerde stelsel behoort hoflêers wat wegraak nie te veroorsaak dat beskuldiges vir 2 jaar aangehou word, sonder dat iemand iets daaraan doen nie. 'n Geïntegreerde rekenaarstelsel sal ook die verkryging van statistiek vergemaklik en daaruit kan belangrike bestuursbesluite geneem word wat bv. oorbevolking positief kan beïnvloed. Aanklaers sal ook baat kan vind daarby aangesien statistiek dadelik beskikbaar sal wees oor die aantal aangehoudendes (ongevonnis) en ook die aanhoudingstydperke. Statistiek oor beskuldigdes buite die gevangenis sal ook beskikbaar wees en sodoende kan hofrolle meer sinvol saamgestel en geprioritiseer word.

'n Ander inisiatief wat geïmplementeer is, is Saterdaghowe. Dit is gedoen om die agterstand uit die weg te ruim. Die ongevonniste gevangenes is met 4 355 verminder

(sowat 8,5%) as gevolg van hierdie projek wat gedurende 2001 van stapel gestuur is (Beeld, 12 Oktober 2001 : 2). Hierdie is een van die projekte wat steeds gebruik word om hoofsaaklik hofrolle skoner te kry, maar in die proses word meer sake afgehandel en dus is daar ook minder ongevonnistes in aanhouding. Tydens ’n onderhoud met Me Mostert, Senior Staatsaanklaer in Worcester, het sy gesê dat hulle eerste prioriteit die verhoorafwagtendes in aanhouding is. Alhoewel hierdie projek nie ’n aansienlike verskil aan oorbevolking maak nie, help dit ten minste dat die probleem nie nog groter word nie. Die Departement Justisie moet egter alles in hulle vermoë doen om hierdie projek deurgaans in stand te hou en toesien dat dit veral waar die oorbevolkingsprobleem die grootste is, so effektief moontlik aangewend word.

Die kwessie van borgvasstelling wat bekostigbaar is, is reeds bespreek, maar in sy jaarverslag vir 2000 noem Regter Fagan dat daar op 31 Julie 2000, 59 275 ongevonniste gevangenes in aanhouding was. Borg is geweier vir 40 315, wat 18 930 oorlaat aan wie borg wel toegestaan is. Die aantal ongevonniste gevangenes wie se borg bo R1 000 vasgestel was (7 036), kan afgetrek word aangesien hulle meer ernstige oortredings begaan het. Die oorblywende 11 924 se borg was vasgestel op R1 000 of minder. Regter Fagan se aanbeveling was dat laasgenoemde kategorie ongevonniste gevangenes behoort vrygelaat te word aangesien daar reeds borg vasgestel is vir hulle, maar hulle dit nie kan bekostig nie. Verhoorafwagtendes wat vir verkragting in aanhouding is, is uitgesluit by hierdie vergunning, sou dit goedgekeur word.

Hierdie gevangenes bied geen gevaar vir die gemeenskap nie en kan hulle families onderhou en ook ’n inkomste verdien terwyl hulle wag vir hul volgende hofverskyning. Dit sal nie net oorbevolking van gevangenisse baie verlig nie, maar ook groot kostebesparings teweeg bring aangesien die aanhoudingskoste per gevangene R90 per dag beloop het gedurende 2000. ’n Besparing van bykans een miljoen rand per dag sou ter sprake wees.

Op 10 Julie 2000 het die Nationale Raad vir Korrektiewe Dienste die voorstel van Regtger Fagan aanbeveel. Die Minister van Korrektiewe Dienste het op sy beurt hierdie aspek op agenda van die Kabinet geplaas waar dit op 6 September 2000 aanvaar en goedgekeur is.

Die Minister van Korrektiewe Dienste, Mnr. Ben Skosana het op 8 September 2000 tydens 'n media-konferensie gesê: "This is not an amnesty. Each accused who is released will still have to stand trial on the day to which his case has been remanded and may face a prison term should he be found guilty."

Mnr. Skosana het ook bygevoeg dat hierdie vrylating sal plaasvind vanaf 11 tot 15 September 2000. Die gevangenes wat sal baatvind daarby moes op 10 September 2000 in aanhouding gewees het, borg van 'n R1 000 of minder vasgestel gewees het en nie gevangenes in aanhouding vir verkragting insluit nie.

In die Beeld (7 Oktober 2000 : 3) word berig dat 8 200 verhoorafwagtende gevangenes gedurende September 2000 vrygelaat is ingevolge die regeringsbesluit om oorbevolking in gevangenisse te verlig. Ook in die Beeld (12 September 2000 : 5) is berig van die 11 000 gevangenes wat borg van R1 000 of minder het, wat vrygelaat gaan word. In dieselfde berig het 'n beampte van Korrektiewe Dienste sy skouers opgetrek en gesê: "Dit is 'n korttermynoplossing. Dié week laat ons 400 vry en twee weke later is 300 van hulle maar net weer terug." Hierdie tendens kan toegeskyf word aan die feit dat werkloosheid en armoede 'n groot rol speel in residivisme.

Regter Fagan het in sy 2000 jaarverslag bevestig dat 8 451 verhoorafwagtende gevangenes teen 27 September 2000 vrygelaat is. Ook parooldatums van gevonniste gevangenes is vervroeg om verder verligting te gee aan die oorbevolkingsprobleem. Dit sal egter in die volgende afdeling (paragraaf 2.6.1.1.3, p99) bespreek word.

Die grootste les wat geleer kan word uit hierdie oefening is dat daar geen waarde in steek vir enige party in gevalle waar die howe borg vasstel wat nie bekostig kan word nie. Justisie sal moet insien dat die gemeenskap nie beskerm hoef te word in gevalle waar borg vasgestel word nie. Korrektiewe Dienste vind geen baat by die aanhouding van 'n verhoorafwagtende wat einlik buite die gevangenis moes gewees het nie, inteendeel dit plaas 'n geweldige las op Korrektiewe Dienste en kos die belastingbetaler R114 per dag om so 'n beskuldigde aan te hou. Die beskuldigde self vind geen baat daarby nie aangesien geen behandelingsprogramme vir ongevonnistes aangebied word nie. Geen rehabilitasie vind dus plaas nie. Die beskuldigde kan nie sy familie onderhou nie, verloor sy werk en leer dalk meer kriminaliteit aan in die "Universiteite van misdaad".

By die opening van die nuwe Kokstad Bestuursarea het Minister Ben Skosana (Minister van Korrektiewe Dienste) gesê dat nuwe gevangenisse gebou moet word, maar dat dit nie net gedoen word om oorbevolking aan te spreek nie. Dit word ook gedoen om "ou" gevangenisse te vervang. In hoofstuk 6 gaan gekyk word na eenheidsbestuur en om hierdie beginsel toe te pas, is dit nodig om die nodige infrastruktuur daar te stel. Nuwe gevangenisse word dan spesifiek so ontwerp om nuwe aanhoudingtegnieke te ondersteun. Die Minister het ook gesê: "It is necessary to explore alternatives to imprisonment, which involve serving the sentence within the community under supervison. Since the beginning of 2001, Section 62(f) of the Criminal Procedure Act of 1977 was introduced as a mechanism to reduce the number of awaiting-trial prisoners who could not afford to pay bail. As a reslult, we have constantly appealed to the judiciary in particular magistrates to apply this provision."

Artikel 62(f) van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) bepaal dat: "'n Beskuldigde onder toesig van 'n proefbeampte of 'n korrektiewe beampte geplaas word."

Artikel 60(1) van dieselfde Wet het voorheen slegs die bevoegdheid verleen om die hoeveelheid borggeld vas te stel en die bevoegdheid tot formulering van ander toepaslike borgvoorwaardes het in artikel 62 gesetel.

Voordat hierie opsie van alternatief vir die aanhou van ongevonniste gevangenes verder bespreek word, sal die situasie by Gemeenskapskorreksiekantore eers deeglik bestudeer moet word. Hoofstuk 9 van hierdie ondersoek word gewy aan Gemeenskapskorreksies en meer detail sal dan bespreek word ten opsigte van artikel 62(f) van Wet 51 van 1977. Die Korrektiewe Toesigstelsel sal aansienlik uitgebrei moet word om ook die ongevonniste gevangenes wat verwys word, te hanteer.

Olivier (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Strafregspleging, Volume 3, nommer 1, 1990 : 63) noem dat howe nie 'n inherente bevoegdheid het om borgtog te verleen nie en dit dus 'n suiwer statutêre bevoegdheid is. Olivier noem dat artikel 60(1) van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) slegs magtiging verleen vir die vasstelling van die borgbedrag wat gedeponeer moet word. Hy vra egter die vraag of verlening van borgtog en vrylating van beskuldigdes, nie tot hierdie voorwaarde beperk is nie en of die voorwaardes uiteengesit in a 62 nie uitdruklik beperk is tot gevalle waar borgtog reeds toegestaan is en waar die aanklaer aansoek doen om die byvoeging van verdere

voorwaardes nie. Wat egter hier belangrik is, is wat daagliks in die praktyk gebeur. Howe stel borg vas op ’n spesifieke bedrag wat gedeponeer word en kan ook verdere voorwaardes byvoeg deur die beskuldigde onder toesig van ’n korrektiewe beampte te plaas. Vir Korrektiewe Dienste is die opsie van a 62(f) baie belangrik aangesien dit oorbevolking in ongevonniste afdelings van gevangenisse kan help verlig. Justisie sal moet besluit of slegs borg, soos bedoel in a 60(1) toegestaan gaan word en bv. by nie betaling van die borg (terwyl in aanhouding) daar verder gekyk gaan word na borgvoorwaardes vir beskuldigdes in aanhouding (a 62).

2.6.1.1.3 **Die rol wat Korrektiewe Dienste kan speel in aanhoudingstydperke van ongevonniste gevangenes**

Die volgende rolspeler in die regsplegingstelsel wat bespreek word, is Korrektiewe Dienste. Hierdie departement is wel aan die ontvang kant en kan nie verhoorafwagtendes weier omdat ’n gevangenis oorbevolk is nie. Baie mense is van mening dat ongevonniste gevangenes niks met Korrektiewe Dienste te doen het nie. Daar steek wel waarheid in so ’n siening, maar daar is beslis ook nie plek vir 54 000 verhoorafwagtendes in polisieselle nie. Wanneer die gemeenskap beskerm moet word teen misdadigers, is die gevangenis altyd die eerste opsie.

Korrektiewe Dienste is tans verantwoordelik vir die aanhouding van verhoorafwagtendes en daarom moet hulle die probleem van oorbevolking bestuur. As daar 54 000 verhoorafwagtendes in aanhouding is, moet hulle hanteer word. Die vraag of hierdie probleem deur die polisie of justisie (of ’n kombinasie daarvan) veroorsaak word, moet by geïntegreerde justisie vergaderings hanteer word aangesien al die rolspelers dan verteenwoordig is.

Vervolgens wprd gekyk na enkele aspekte wat Korrektiewe Dienste kan doen om oorbevolking van ongevonniste afdelings te verlig:

- gedurende Desember 2001 is artikel 63A van die Strafproseswet (wet 51 van 1977) ingevoeg en behels die volgende: “Provides for a Head of Prison, who is satisfied that overcrowding in his prison is constituting a material and imminent threat to the human dignity, physical health or safety of awaiting-trial prisoners who are unable to pay their bail amounts, to apply to court for

their release under various conditions."  Regter Fagan noem dat hy die Hoof van die Pollsmoor Maksimumgevangenis gedurende Maart 2002 gehelp het om so 'n aansoek tot die hof te rig.  Die resultaat was dat 176 ongevonniste gevangenes op hierdie wyse vrygelaat is.  Soortgelyke aansoeke is ook in Johannesburg en Pretoria hanteer wat tot nog vrylatings aanleiding gegee het. Hoofde van gevangenisse kan hulle dus tot hierdie artikel wend wanneer oorbevolking te erg raak in verhoorafwagtende afdelings.

Regter Fagan maan egter dat dit 'n tydsame proses is aangesien verskeie administratiewe take afgehandel moet word alvorens 'n aansoek deur 'n hof oorweeg kan word.  Hoofde van gevangenisse moet onder eed verklaar dat sy gevangenis nie meer binne menswaardige omstandighede bestuur kan word nie.  Hierdie verklaring kan weer lei tot eise van gevangenes teen die staat. Baie van die groter gevangenisse bedien verskeie landdrosdistrikte en daarom sal 'n Hoof van 'n gevangenis 'n aansoek na elke distrik moet indien vir goedkeuring.

Die wetgewer se bedoeling met a 63A was belis om oorbevolking in verhoorafwagtende afdelings te verlig en daarom behoort die prosedure baie vereenvoudig te word sodat dit 'n nuttige bestuursmeganisme in die hand van Korrektiewe Dienste kan wees.  Dit dien gemeld te word dat hierdie artikel nie vir aanklagtes waar ernstige oortredings ter sprake is, gebruik kan word nie,

- as alternatief of om artikel 63A gevalle te bespoedig, kan Hoofde van gevangenisse weekliks lyste saamstel van ongevonniste gevangenes met borg van tot R1 000 wie dit nie kan betaal nie en steeds in aanhouding is.  Hierdie lyste moet dan weekliks aan die aanklaers voorsien word.  Tydens maandelikse Justisievergaderings kan Hoofde van gevangenisse die lyste ook aan Landdroste voorsien.  Op dié manier is al die betrokke partye ingelig en kan die hof vroegtydig 'n beslissing maak om borg op 'n laer bedrag vas te stel of om die beskuldigde vry te laat onder toesig van 'n korrektiewe beampte.  Die navorser is nog steeds van mening dat 'n geïntegreerde rekenaarstelsel al die lyste kan uitskakel en inligting onmiddellik elektronies beskikbaar stel vir alle rolspelers,

- van die kant van Korrektiewe Dienste is kommunikasie met suster departemente van kardinale belang. Hoofde van gevangenisse en aanklaers moet gereeld skakel ten einde die aanklaers in staat te stel om sinvolle voorstelle aan die hof te maak en
- die gebruikmaking van elke platvorm wat geskep word vir gesprekvoering waar oorbevolking aangespreek en oplossings gesoek kan word.

2.6.1.1.4 **Die Gemeenskap en oorbevolking van gevangenisse**

Die laaste rolspeler wat bespreek word is die gemeenskap. Vir te lank was die binnekant van ’n gevangenis net bestem vir dié wat daar werk en dié wat daar aangehou word. Korrektiewe Dienste se nuwe beleid is daarop gemik om hierdie tendens om te keer en die gevangenis “oop te stel” vir die betrokke belangegroepe waarby die gemeenskap ingesluit is.

Dit moet nie uit die oog verloor word dat alle gevangenes eintlik maar gewone lede van die gemeenskap is wat net tydelik daaruit verwyder is nie. Die gemeenskap kan dus nie hulle rug draai op Korrektiewe Dienste nie. Die werk wat Korrektiewe Dienste doen en die omstandighede waaronder dit gedoen moet word, sal ’n beduidende uitwerking hê op die gehalte persoon wat na vrylating aan die gemeenskap terug besorg word. Die gemeenskap het dus ook ’n rol te speel in die oorbevolkingsprobleem waarmee Korrektiewe Dienste te make het. Die R21 miljoen wat dit kos om 188 000 gevangenes vir een dag aan te hou, kom egter uit die gemeenskap se sakke.

Regter Fagan sê in sy jaarverslag vir 2002 die volgende: “It might have been necessary in 1997 to reassure a public that believed that crime was out of control, to pass legislation limiting the right to bail and laying down minimum sentences. But that is no longer required. Crime in South Africa would not appear to be worse than that in many other countries. It is under control and declining steadily.”

Die gemeenskap moet dus voorraadopname doen en besef dat tye verander en die regsplegingstelsel moet saam verander om by te bly by die nuutste denkrigtings in die wêreld betreffende aanhouding van gevangenes.

Me Cheryl Gillwald sê dan ook terreg: "We also need to educate civil society about the impact of overly harsh sentencing and the unintended consequences of confusing punishment with verigeance. We need all roleplayers to help us build a sentencing framework that is constructive and fair to both the victims of crime and its perpetrators."

Die gemeenskap moet voortdurend ingelig word oor nuwe verwikkelinge binne die regstelsel. Kommunikasie is uiters belangrik aangesien nuwe idees wat geïmplementeer word, sonder dat die publiek behoorlik ingelig word, rampspoedig kan wees as die gemeenskap nie die agtergrond van die besluit weet nie en hierdie projekte/besluite afkeur as gevolg van onkundigheid. Die gemeenskap kan 'n groot bate wees en in baie gevalle doen hulle reeds reuse werk om die regstelsel se hand te neem in die soeke na oplossings vir talle probleme wat oorbevolking van gevangenisse insluit. Instansies soos "Besigheid teen Misdaad", nie-regeringsinstansies, kerke en lede van die publiek kan maar as enkele voorbeelde gebruik word. Die regstelsel het hierdie hulp dringend nodig en behoort meer erkenning te gee vir die werk wat op dié gebied gedoen word.

#### 2.6.1.2 **Kan aanhoudingstydperk as verhoorafwagtende 'n deel uitmaak van vonnislengte na skuldigbevinding?**

Ongevonniste gevangenes word aangehou tot hul volgende verhoordatum. Die meeste gevangenes gaan verskeie kere hof toe voor hul sake gefinaliseer word. Terwyl in aanhouding, word hulle elke oggend oopgesluit, getel en weer toegesluit. By baie gevangenisse word hulle weer oopgesluit om hulle kos te neem en in baie gevalle binne hul selle te eet. Daarna word enkele "skoonmakers" uit die selle gehaal om die afdeling (binneplaas) skoon te maak. Behalwe etenstye word hulle twee keer per dag uit die selle gehaal vir oefening (indien daar genoeg lede is). In die middag word hulle weer getel en toegesluit.

Dit is baie duidelik dat hierdie roetine geen sin maak in enige mens se lewe nie. Dit werk soos 'n rekenaarprogram, oor en oor dieselfde. Binne hierdie afdelings word met mense gewerk wat reeds met die gereg gebots het en wat gefrustreerd is met hulle huidige situasie en daarby is die omstandighede binne die selle (waar hulle

meeste van die dag en snags moet deurbring) haaglik as gevolg van oorbevolking. Sulke omstandighede kan net ’n teelaarde wees vir verdere misdadige gedrag.

’n Ongevonniste gevangene is slegs ’n beskuldigde wat onskuldig is tot en met sy skuldigbevinding. Hy moet dus soos ’n gewone burger hanteer word met al die regte wat hom toekom, behalwe die wat by wet weggeneem is tydens aanhouding. Wanneer gevonniste gevangenes se omstandighede binne die gevangenis bekyk word, word ’n heel ander prentjie geskets. Die gevonnistes gaan uit op werkspanne elke dag, loop klas waar onderwys en opleiding aangebied word, skakel in by maatskaplike groepsessies, gaan oor naweke uit vir sport, sing in kore wat ook buite die gevangenisperseel optree, sien die inrigtingskomitee en paroolraad wie hulle op hoogte hou van vordering en moontlike ontslagdatum en nog vele meer. Oorbevolking speel wel ook ’n rol by die gevonniste afdelings van gevangenisse en dit gaan in detail bespreek word in die volgende afdeling (paragraaf 2.6.2, p104). Die verskil is egter dat selle in hierdie afdelings in 80% van die gevalle slegs in die nag oorbevolk is. Bedags word gevangenes konstruktief besig gehou.

Wanneer hierdie twee senario’s egter met mekaar vergelyk word, besef ’n mens eers waardeur ongevonniste gevangenes in aanhouding, elke dag moet gaan. Die tydperk wat ongevonniste gevangenes in aanhouding is, word op geen wyse in aanmerking geneem nie aangesien die aanhouding nie as straf dien nie. Dit word slegs gesien as verwydering uit die gemeenskap tot ’n volgende verhoordatum.

Hierdie aspek lê die navorser egter baie na aan die hart aangesien “meer” straf uitgedien word in ’n ongevonniste afdeling as in gevonniste afdelings, al word dit nie assulks erken nie. Wetlik is daar nie ’n manier om die tydperk van aanhouding as ongevonniste deel te maak van die vonnislengte wanneer ’n beskuldigde skuldig bevind en gevonnis word nie. Die navorser is van mening dat die wetgewer kan kyk na moontlikhede om die aanhoudingstydperk as ongevonniste gevangene in aanmerking te neem by die berekening van so ’n gevangene se parooldatum. Oorbevolking van gevangenisse kan slegs aangespreek word deur ongevonniste en gevonniste aanhoudingsyfers te verminder. Die howe kan steeds die gepaste vonnis oplê, maar wanneer die uitdiening daarvan begin, kan die paroolraad by die berekening van bv. die helfte van vonnis vir oorweging van parool, die gedeelte van aanhouding as ongevonniste in aanmerking neem. Op die manier kan gevonniste

gevangenes vroeër op parool vrygelaat word en dus ook oorbevolking van gevonniste gevangenes help verlig.

Dit is wel so dat in sekere gevalle die aanhouding as ongevonniste langer kan wees as die gevangenisstraf wat opgelê word. Dit sal slegs enkele gevalle wees en kan binne die wysiging van voorskrifte geakkommodeer word. Hierdie aspek sal eers deeglik nagevors moet word, maar Korrektiewe Dienste moet kennis neem van die voorstel, sodat dit verder ondersoek kan word.


### 2.6.2 **Gevonniste gevangenes**

In hierdie afdeling word gekyk na die aspekte wat oorbevolking onder gevonniste gevangenes veroorsaak sowel as oplossings wat oorbevolking kan verlig. Dit is baie duidelik dat die oplegging van gevangenisstraf die grootste oorsaak is van oorbevolking in gevonniste afdelings van Suid-Afrikaanse gevangenisse. Daar moet dus nie eerstens gekyk word na hoe gevangenes wat reeds in aanhouding is, daaruit gekry kan word nie. Hierdie aspekte is gewoonlik die korttermyn oplossings. Die eerste taak moet wees om te gaan kyk waarom gevangenisstraf, as strafvorm so gereeld toegepas word deur howe. Die invloei van gevonniste gevangenes is die grootste probleem. Daarna volg die lengte van vonnis, berekening van ontslagdatums, oorweging vir parool ensovoorts. Die gemeenskap moet besef dat gevangenisstraf as strafsanksie daargestel is om die gemeenskap te beskerm, vir geen ander rede nie. Dit is dus sinneloos om ’n persoon wat ’n hoender gesteel het, in ’n gevangenis toe te sluit as straf. So ’n persoon hou geen gevaar in vir die gemeenskap nie en kan sy straf in die gemeenskap uitdien.

Korrektiewe Dienste het nie werklik ’n personeeltekort soos wat berig word nie, daar is te veel gevangenes onnodig in aanhouding. Dit is die rede vir ’n swak lid/gevangene ratio wat aanhouding onmenswaardig maak en min kans vir rehabilitasie bied. Aspekte soos huisarres, gemeenskapsdiens en korrektiewe toesig is in baie opsigte ’n swaarder vonnis as gevangenisstraf waar gevangenes 3 keer bedags goeie kos voor hulle kry, slaapplek, televisie en verskeie ander “luukshede” waaraan hulle nie gewoond is buite die gevangenis nie. Dit alles word vir hulle

gebied teen R21 miljoen per dag uit die sakke van die gemeenskap wat hulle agter tralies wil hê.

Gevangenisstraf is die regte opsie vir enige misdaad/misdadiger teen wie die gemeenskap beskerm moet word en daarom sal daar altyd gevangenisse wees waar die oortreders vir ernstige misdade aangehou word. Dit is daar waar rehabilitasie moet plaasvind om 'n beter mens aan die gemeenskap terug te gee as wat vanaf die hof ontvang is. Tans plaas Korrektiewe Dienste rehabilitasie eerste en wil elke beampte 'n rehabiliteerder maak. Om rehabilitasie enigsins te laat slaag, sal daar by meer hanteerbare gevangenestotale uitgekom moet word. In figuur 14 word die aantal gevonniste gevangenes vanaf 1995 tot 2004 grafies voorgestel. Hierdie kurwe sal omgedraai moet word om te verseker dat die gevangenis aangewend word vir die doel waarvoor dit daargestel is, om mense menswaardig aan te hou en te rehabiliteer ten einde die gemeenskap teen herhaling te beskerm.




FIGUUR 14: Aantal gevonniste gevangenes in aanhouding (1995 - 2004).

In die volgende afdelings word juis gekyk na watter kategorieë gevonniste gevangenes hul vonnisse buite die gevangenis kan uitdien ten einde die wat werklik daar hoort, beter mense te maak vir die samelewing waarin hulle uiteindelik vrygelaat gaan word.

In tabel 8 word statistiek verskaf ten opsigte van die tien gevangenisse met die hoogste persentasiebesetting in Suid-Afrika (Inspekterende Regter van gevangenisse se jaarverslag vir 2003):

| **Gevangenis** | **Goedgekeurde akkommodasie** | **Aantal gevangenes** | **% Oorbevolk** |
|---|---|---|---|
| Lusikisiki | 148 | 422 | 285% |
| Modimolle | 341 | 988 | 290% |
| Mount Ayliff | 85 | 250 | 294% |
| Middledrift | 411 | 1 325 | 322% |
| Johannesburg Med. B | 1 300 | 4 256 | 327% |
| Mount Frere | 42 | 142 | 338% |
| Uniondale | 24 | 82 | 342% |
| Umtata Med. | 580 | 2 108 | 363% |
| Durban Med. C | 671 | 2 480 | 370% |
| Thohoyandou Vroue | 134 | 517 | 386% |

TABEL 8: Die 10 mees oorbevolkte gevangenisse in Suid-Afrika (Maart 2004).

Artikel 36 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) handel oor die oogmerk met implementering van vonnis van gevangenisstraf. Dit sê die volgende: “Met behoorlike inagneming van die feit dat die ontneming van vryheid die doel van strafoplegging dien, het die implementering van ’n vonnis van gevangenisstraf die oogmerk om die gevonniste gevangene daartoe in staat te stel om in die toekoms ’n maatskaplik verantwoordelike en misdaadvrye lewe te lei.” Die bedoelling van die wetgewer was beslis nie om te sê dat deur suiwer gevangenisstraf uit te dien, die oortreder ’n maatskaplike verantwoordelike en misdaadvrye lewe sal lei na vrylating nie. Nee, wanneer daar na die embleem van Korrektiewe Dienste gekyk word (sien figuur 15 hieronder), het die boek tussen die twee sleutels baie meer betekenis as slegs aanhouding vir ’n tydperk.



FIGUUR 15: Embleem van Korrektiewe Dienste.

Die oopgeslane boek simboliseer die moreel-etiese grondslag van korrektiewe geleenthede ter opheffing van die persoon en die verbetering van sy gedrag. Die simboliek van die oop boek is niks meer as rehabilitasie nie. Die persoon moet geleer word hoe om ’n maatskaplik verantwoordelike en misdaadvrye lewe te lei. Dit is bykans onmoontlik om enige rehabilitasie toe te pas wanneer statistiek soos voorsien in tabel 8 hierbo werklikheid is (gevangenisse wat tot meer as 300% besit is).

Artikel 81 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) reël spesiale maatreëls vir vermindering van gevangenisbevolking. Volgens hierdie artikel kan die Minister van Korrektiewe Dienste, wanneer hy oortuig is dat die gevangenisbevolking so ’n probleem raak dat menswaardige aanhouding, veiligheid

en fisiese versorging van gevangenes wesenlik beïnvloed word, moet die aangeleentheid na die Nasionale raad verwys word. Die vervroeging van sekere kategorieë gevangenes se vrylatingsdatums of uitplasing na gemeenskapskorreksies kan dan aanbeveel word deur die Nasionale Raad waarna die Minister diensooreenkomstig mag optree. Hierdie prosedure is niks anders as "amnestie" aan sekere kategorieë gevangenes nie. Ongelukkig is dit 'n korttermyn oplossing wat beslis nie rehabilitasie sal help nie. Om rehabilitasie te bewerkstellig moet langtermyn oplossing vir oorbevolking gesoek word.

Roy Walmsley (www.prisonstudies.org) sê dat Suid-Afrika se gevangenisbevolking gedurende die 1990's met ongeveer 33% gestyg het (vergelykende lande word as bylaag 4 aangeheg).

Een van die probleme met dié ondersoek is die feit dat baie gedoen word om gevangenes uit die gevangenis te kry ten einde oorbevolking aan te spreek, maar hopeloos te min gedoen word om te verseker dat minder gevalle in die sisteem opgeneem word. Dit het tyd geword dat die beginsel van "voorsorg is beter as nasorg" toegepas word binne die totale regsplegingstelsel.

Roy Walmsley (www.prisonstudies.org) spreek 'n baie waar woord wanneer hy sê: "High prison population and growth in numbers are harmful to prisoners and to staff; they lead to breaches of recognised international standards and they decrease the chances of prisoners, when released being satisfactorily re-integrated into the community;

- we know what measures are needed to tackle these problems,
- the main challenge is to convince the key people to apply them."

'n Gevangenis moet 'n beskaafde instelling wees. Dit moet nie vergelyk kan word met destydse konsentrasiekampe nie. 'n Gevangenis moet meer herrinner aan 'n skool of hospitaal. In 'n demokratiese Suid-Afrika moet "korreksies" toegepas word deur Korrektiewe Dienste en dit moet gemeenskapsdiens wees. Gevangenes moet nie gesien word as vyande van die staat nie. Die wyse waarop gevangenes aangehou word, moet dus in lyn wees met die Grondwet, die Wet op Korrektiewe Dienste, Standaard Minimum reëls en ander internasionale standaarde waaronder gevangenes aangehou moet word. Vivien Stern (www.iss.co.za) verwys ook na artikel 10 van die

"International Covenant on Civil and Political Rights" wat die volgende behels: "All persons deprived of their liberty shall be treated with humanity and with respect for the inherent dignity of the human person."

Die doel van gevangenisstraf moet duidelik wees en die regering, politici, gemeenskap en die media moet dit op dieselfde vlak verstaan sodat daar saam gesoek kan word na oplossings vir probleme soos oorbevolking. Dr. Andrew Coyle (www.prisonstudies.org) noem dat daar soms verwarring bestaan oor die feit of gevangenisstraf gesien moet word as straf of as rehabilitasie. Gevangenisstraf is beslis 'n strafsanksie wat deur howe gebruik word. Daarinteen moet die aanhouding in 'n gevangenis egter as rehabilitasie beskou word.

Tydens 'n ete vir die "Southern African Development Community" (SADC) het Minister Ben Skosana (DKD-Intranet) op 3 Julie 2003 gesê dat probleme soos oorbevolking, gesondheidsprobleme van gevangenes en die stadige afhandeling van sake algemeen voorkom in Suider-Afrika. Die oorbevolkingsprobleem is ook die grootste in Suider-Afrika.

Prof. Van Zyl Smit (Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, Volume 60, nommer 1, Februarie 1997 : 65) vra die vraag of oorbevolking ongrondwetlik is en verwys dan na die Grondwet van Amerika wat na die agste wysiging onder andere die oplegging van wrede en buitengewone straf verbied. Daar is min twyfel dat gevangenisstraf, in bepaalde omstandighede, wreed en buitengewoon kan wees. Prof. Van Zyl Smit voeg by deur te sê dat oorbevolking per se nie wrede en buitengewone straf uitmaak nie. Die gevolge van oorbevolking kan egter daartoe aanleiding gee.

Een van Korrektiewe Dienste se belangrikste funksies is om voorsittende beamptes van Justisie voortdurend op hoogte te hou met die omstandighede binne gevangenisse. Die Grondwet (wet 108 van 1996) vereis menswaardige aanhouding van gevangenes. Die howe (regsprekende gesag) kan nie gevangenisstraf oplê terwyl hulle weet wat die omstandighede van Korrektiewe Dienste (uitvoerende gesag) is ten opsigte van onmenswaardige aanhouding van gevangenes wat deur oorbevolking veroorsaak word nie.

Haas (1986 : 400) noem vier redes waarom daar minder mense in gevangenisse aangehou behoort te word. Eerstens verwys hy na humanitêre redes soos afsondering

wat gepaard gaan met aanhouding, die verlies van familiebande, werk en die stigmatisering van gevangene wees. Hoe meer mense in ’n klein spasie saamdrom, hoe erger die gevoel van inhokking. Dit is juis wat oorbevolking in gevangenisse tot gevolg het.

Tweedens word die effektiwiteit van gevangenisstraf as strafvorm bevraagteken. Voorheen het gevangenisstraf as afskrikking gedien, maar volgens Haas (1986 : 400) het onlangse persoonlikheidsstudies getoon dat oortreders nie meer afgeskirk word (of beslis in ’n mindere mate) vir tydelike verwydering uit die gemeenskap nie. Hierdie studie het getoon dat die tydelike wegneem van ’n persoon se vryheid die gevoel van onserkerheid, apatie en aggressie teenoor die gemeenskap kan versterk en dus die teenoorgestelde uitwerking kan hê as wat met gevangenisstraf (afskrikking) bereik wou word.

Derdens noem Haas (1986 : 401) dat oortredings teen besittings (diefstal) baie hoog is in Denemarke, maar met die groei in rykdom en versekering teen diefstal is die probleem nie meer so groot vir slagoffers nie. Gevangenisstraf vir diefstal het in Denemarke ’n te swaar straf vir ekonomiese misdade geword. Indien dieselfde ook in Suid-Afrika kan plaasvind, sal oorbevolking aansienlik verlaag kan word. Op 30 April 2004 was daar 37 562 gevonniste gevangenes, vir ekonomiese misdade, in aanhouding. Dit verteenwoordig 20% van die totale gevangenisbevolking op dieselfde datum. Regter Fagan sê in sy jaarverslag vir 2003 dat die aantal gevonniste gevangenes verminder moet word van die huidige 134 023 tot ten minste 100 000. Indien oortreders van ekonomiese misdade dus hulle straf buite die gevangenis kan uitdien, sal die persentasiebesetting daal van die huidige 163,70% tot 130,97%. Dit alleen sal ’n baie positiewe uitwerking hê op rehabilitasie en die gepaardgaande omstandighede waaronder gevangenes aangehou word.

Laastens noem Haas (1986 : 401) dat gevangenisstraf ’n baie duur opsie is en ongeveer 90 miljoen dollor per jaar kos om Denemarke se gevangenisse te bedryf. Tans kos die daaglikse aanhouding in Suid-Afrika R21 miljoen. Die gemeenskap neem kennis van die hoë aanhoudingskostes, maar voeg ook by dat gevangenes in aanhouding, ten minste nie misdaad kan pleeg terwyl hulle in die gevangenis is nie.

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat maniere gevind sal moet word om minder oortreders na die gevangenisse te stuur. Oorbevolking het veroorsaak dat die hele

regstelsel onder verdenking geplaas word. In plaas van rehabiliteer, word oortreders meer hatig op die owerheid wat hulle in onmenslike omstandighede aanhou.

Indien minder gevangenes onder die regte omstandighede aangehou word, kan die doel van gevangenisstraf baie meer effektief wees en sal die gemeenskap wat so hammer op aanhouding ook besef dat dit getalle is wat die regstelsel onbevoeg laat lyk. Daar is soveel projekte en beleid wat deur Korrektiewe Dienste, Maatskaplike ontwikkeling, nie-regeringsorganisasies en die sakesektor in plek geplaas is, maar oorbevolking en spesifiek die haaglike aanhoudingsomstandighede maak gevangenes so gefrustreerd dat hulle weinig aandag kan skenk aan al hierdie positiewe projekte.

Bartol (1991 : 357) verwys na navorsing wat Paulus gedoen het oor ’n periode van vyftien jaar. Hy het bevind dat hoe voller die gevangenis word, hoe groter word die aantal voorvalle van spanning, angstigheid en depressie onder gevangenes. Ook fisiese reaksies soos hoofpyn, hoë bloeddruk en hartkwale vermeerder waar groot hoeveelhede mense in klein spasies aangehou word. In teenstelling hiermee word in die Nexus (Januarie 1988 : 28) berig dat in ’n ondersoek in Frankryk waar 18 000 gevangenes by betrek is (van 1977 tot 1983) wat lewenslange gevangenisstraf uitgedien het, was die aantal sterftes onder hierdie gevangenes laer as die van die publiek. Veral sterftes aan hartkwale, kanker en selfmoorde was laer onder die gevangenisbevolking. In 1970 was Frankryk se gevangenisbevolking per 100 000 van die land se bevolking, 70 per 100 000 terwyl dit in Suid-Afrika 417 per 100 000 was. Frankryk het dus minder oortreders wat gevangenisstraf uitdien en kan dit die rede vir goeie gesondheid wees onder gevangenes wie lewenslange gevangenisstraf uitdien. Die lengte van die gevangenisstraf is beslis nie die hoofoorsaak van swak fisiese en psigiese toestande nie, maar eerder die omstandighede waaronder hierdie gevangenisstraf uitgedien word.

Om terug te kom na die navorsing deur Paulus (Bartol, 1991 : 357), is ook bevind dat die sosio-ekonomiese vlak, opvoedkundige vlak en vorige aanhouding ’n groot rol speel by die verwerking van oorbevolking in gevangenisse. Hoe hoër die sosio-ekonomiese en opvoedkundige vlakke, hoe moeiliker word daar aangepas by die omstandighede van oorbevolking. Paulus noem dat die laer vlakke van sosio-ekonomiese en opvoedkundige groepe makliker aanpas by oorbevolking aangesien hulle in die gemeenskap al reeds meer tedoen gekry het met groter groepe mense wat

saamleef in ’n beperkte ruimte. Ook gevangenes wat reeds voorheen in die gevangenis was, sukkel om aan te pas by die oorvol gevangenisse. By ’n vorige geleentheid was oorbevolking nog nie so groot probleem nie en daarom vind hulle dit nou moeiliker om aan te pas. Paulus noem dat hierdie aanpassingsprobleme by alle rassegroepe voorkom wat weer in die gevangenis opgeneem word. Volgens Paulus (Bartol 1991 : 358) is die primêre impak van oorbevolking:

- reduces one’s sense of control over the social environment, and with many people, things become unpredictable and uncertain,
- crowded situations interfere with one’s goals, such as carrying out desired activities, restrict freedom and privacy, and expose one to a variety of undesired intrusions and
- crowded situations produce much more activity, noise, interactions, smells, violations of personal space and generally excessive stimulation.

Paulus (1988 : 8) sê: “The term overcrowding is often used in reference to density problems, but the reference point for this term seems to be the capacity of a setting. If the number of individuals exceeds capasity, it is deemed to be overcrowded.” Die HAT (Odendal, 1984 : 90) omskryf oorbevolking as ’n aanwins, groei, toename in bevolking. Hierdie omskrywing neem slegs die groei in getalle in aanmerking, maar sê niks oor die beskikbare “spasie” vir hierdie groei nie.

Wanneer daar na ’n rugbystadion se kapasiteit gekyk word, kan dit vergelyk word met die twee omskrywings hierbo. Ellispark stadion kan bv. 80 000 toeskouers akkommodeer. Wanneer daar 80 000 toeskouers opdaag, is ’n groot groep mense saamgedrom, maar daar is nie sprake van “oorbevolking” nie, al is die sitplekke baie na aan mekaar en voel ’n mens ingedruk tussen al die ander mense. Wanneer daar egter 95 000 toeskouers opdaag, maak die kapasiteit van die stadion egter nie voorsiening om so baie mense te akkommodeer nie en vind voorvalle soos ’n paar jaar gelede plaas, waar toeskouers sterf as gevolg van vertrapping en gepaardgaande omstandighede. Paulus se siening van oorbevolking waar die getal mense die kapasiteit oorskry, is ’n meer van paste omskrywing en vind dit direkte inslag by oorbevolking van gevangenisse.

Toch (1982 : 48) noem dat verskeie navorsingsprojekte getoon het dat daar 'n besliste band bestaan tussen die hoeveelheid spasie per gevangene en bloeddrukvlakke, mediese klagtes, swak dissipline onder gevangenes en ook residivisme vlakke. D'Atri (Toch, 1982 : 48) se navorsing in 1975 het aan die lig gebring dat gevangenes wat in gemeenskaplike selle aangehou word, se bloeddruk oor die algemeen hoër was as dié aangehou in enkelselle. Toch (1982 : 49) sê dan terreg: "Amongst the outcomes that have been associated with increased density are found behaviours that can only be considered as damaging to the individual's emotional and physical well-being."

Standaard Minimum Reël 10 bepaal die volgende: "All accommodation provided for the use of prisoners and in particular all sleeping accommodation shall meet all requirements of health, due regard being paid to climatic conditions and particularly to cubic of air, minimum floar space, lighting, heating and ventilation." Dit is duidelik dat gevangenisse waar die kapasitiet tot 300% oorsky word, daar geen sprake van uivoering aan bogenoemde standaard minimum reël (VN) gegee kan word nie.

Daar bestaan geen twyfel dat oorbevolking van gevangenisse 'n werklikheid is nie en dat drastiese stappe gedoen moet word om dit om te keer ten einde rehabilitasie en uiteindelik misdaadvoorkoming te bewerkstellig. Vervolgens word gekyk na wat die oorbevolkingsituasie is ten opsigte van kort-, medium en langtermyn gevangenisstraf.

### 2.6.2.1 Korttermyn Gevangenisstraf

Korttermyn gevangenisstraf word beskou as gevangenisstraf tot onder 2 jaar (nie-raadgevangenes). Eerstens word gekyk na die huidige situasie betreffende aanhoudingsyfers van hierdie kategorie gevangenes. Op 30 April 2004 was daar 18 713 gevangenes met vonnisse van 0 - <2 jaar in aanhouding. Hierdie kategorie gevangenes val ook hoofsaaklik onder die groep oortreders wat minder ernstige oortredings gepleeg het.

Korttye is dus die waarskynlikste groep gevangenes om buite die gevangenis te kry om sodoende die oorbevolkingsprobleem te verlig. Waar die gemeenskap nie

beskerm hoef te word teen ’n oortreder nie, moet gevangenisstraf geensins oorweeg word nie. Daar is geen gronde vir verwydering uit die gemeenskap indien geen gevaar bestaan wat hierdie gemeenskap teen beskerm moet word nie. Indien die howe dit kan insien, sal daar klaar ’n laer invloei van korttye na die gevangenis wees. ’n Ander probleem wat ervaar word, is die aantal gevonniste kinders in aanhouding. Tabel 9 toon die ouderdomsgroepe van die gevonniste gevangenes in aanhouding.

| **Geslag** | **<18 Jaar** | **18-<21 Jaar** | **21-25 Jaar** | **>25 Jaar** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|
| Vroulik | 39 | 251 | 513 | 2 295 | 3 098 |
| Manlik | 1 730 | 13 101 | 32 426 | 83 668 | 130 925 |
| Totaal | 1 769 | 13 352 | 32 939 | 85 963 | 134 023 |

TABEL 9: Ouderdomsgroepe van gevonniste gevangenes in aanhouding (30 April 2004).

Die 1 769 gevonniste jeugdiges onder 18 jaar is ’n groot probleem wat dringende aandag nodig het. Deur hierdie aantal jeugdiges uit die gevangenis te verwyder sal feitlik geen impak op oorbevolking hê nie, maar die aanhouding van gevonniste jeugdiges kan verrykende gevolge hê op hulle verdere ontwikkeling en gedrag as volwasse landsburgers. In tabel 10 word die gevonniste jeugdiges verder verdeel in die verskillende ouderdomsgroepe, onder 18 jaar.

| **Geslag** | **7-13 Jaar** | **14 Jaar** | **15 Jaar** | **16 Jaar** | **17 Jaar** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vroulik | 1 | 2 | 1 | 6 | 29 | 39 |
| Manlik | 9 | 30 | 164 | 431 | 1 096 | 1 730 |
| Totaal | 10 | 32 | 165 | 437 | 1 125 | 1 769 |

TABEL 10: Gevonniste gevangenes jonger as 18 jaar (30 April 2004).

Tien jeugdiges tussen 7 en 13 jaar oud het gevangenisstraf uitgedien op 30 April 2004. Wanneer ongevonniste jeugdiges in aanhouding is, kan nog gesê word dat daar tydelik nie ’n ander plek is om dié kinders aan te hou nie, maar wanneer ’n hof

’n kind tussen 7 en 13 jaar oud vonnis tot gevangenisstraf, is daar beslis iets verkeerd. Vir ’n hof om so ’n jong kind tot gevangenisstraf te vonnis kan beteken dat die oortreding wat gepleeg is, so ernstig is dat die gemeenskap teen so ’n kind beskerm moet word. Dit laat dadelik die vraag ontstaan oor watter tipe opvoeding so ’n kind gekry het. Dit maak egter nie saak wat die omstandighede is waaronder die misdaad gepleeg is nie, die feit bly egter dat so ’n kind in enige ander inrigting behandeling moet ontvang. Die gevangenis-milieu moet ten alle koste vermy word wanneer dit kom by die aanhouding van jong kinders.

Om hierdie standpunt verder te neem word die misdaadkategorieë van die 1 769 gevonniste jeugdiges in tabel 11 getoon. Uit die totaal van 1 769 is daar 759 gevonniste jeugdiges in aanhouding vir ekonomiese misdade. Hierdie kategorie jeugdiges kan beslis nie ’n gevaar vir die gemeenskap inhou nie en is hulle vonnisse van gevangenisstraf onaanvaarbaar.

| **Misdaadkategorie** | **7 – 13 Jaar** | **14 Jaar** | **15 Jaar** | **16 Jaar** | **17 Jaar** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekonomies | 4 | 20 | 79 | 181 | 475 | 759 |
| Aggresief | 2 | 9 | 57 | 180 | 465 | 713 |
| Seksueel | 2 | 2 | 25 | 55 | 126 | 210 |
| Dwelms | 0 | 0 | 0 | 2 | 14 | 16 |
| Ander | 2 | 1 | 4 | 19 | 45 | 71 |
| Totaal | 10 | 32 | 165 | 437 | 1 125 | 1 769 |

TABEL 11: Misdaadkategorieë van gevonniste gevangenes jonger as 18 jaar.*

Bo en behalwe die 759 kinders wat gevangenisstraf uitdien vir ekonomiese misdade is daar 923 kinders, onder 18 jaar, wat gevangenisstraf uitdien vir aggresiew- en seksuele oortredings. Hier kan geredeneer word dat die gemeenskap wel beskerm behoort te word, maar in dieselfde moment kan gevra word, watter tipe opvoeding so

* - Statistiek verkry vanaf die Inspekterende Regter van Gevangenisse.

’n gemeenskap aan sy kinders bied? Maatskaplike ontwikkeling kom al meer na vore en die regering sal dringend aandag moet skenk aan die maatskaplike probleme in Suid-Afrika aangesien dit ’n rol speel by die misdaadpleging en ook die gehalte opvoeding wat kinders tans kry.

Die howe sal beslis moet aandag gee aan die frekwensie waarteen hulle korttermyn gevangenisstraf oplê en ook hoe effektief hierdie besluite van hulle is. Voor die gedagte van “gevangenisstraf as laaste opsie” nie inslag gevind het binne die totale regsplegingstelsel nie, sal oorbevolking ’n realiteit bly in Suid-Afrikaanse gevangenisse.

Van die kant van Korrektiewe Dienste sal gesprekke op hoë vlak gevoer moet word om die bal aan die rol te sit. Tydens die inwin van gegewens en ook tydens onderhoudvoering het dit duidelik na vore gekom dat die onderwerp van oorbevolking al holrug gery is, maar sonder sukses. Wanneer gaan iemand sy voet neersit en toesien dat werkbare oplossings geïmplementeer word. Die ANC-regering is dinamies in baie projekte wat hulle aanpak. Aanvanklik is daar baie kritiek oor die metodes wat gevolg word, maar uiteindelik word suksesse behaal wat wêreldwyd aanklank vind. Waarom kan dieselfde nie ook gedoen word ten opsigte van oorbevolking in gevangenisse nie?

Daar moet nie gesoek word na oplossings vir oorbevolking nie, antwoorde moet egter gesoek word vir die redes waarom oplossings nie in werking gestel word nie. Suid-Afrika se bevolking groei steeds jaarliks en is dit een van die redes waarom die gevangenisbevolking ook groei, maar terwyl die groei in gevangenisbevolking tussen 1996 en 2001 met 33,9% toegeneem het, het die bevolking van Suid-Afrika in die ooreenstemmende tydperk met slegs 10,9% toegeneem. Bevolkingsgroei is dus nie die enigste rede vir oorbevolking van gevangenisse nie.

Gedurende Augustus 2002 het die Minister van Korrektiewe Dienste, Mnr. Ben Skosana aangekondig (DKD-Intranet) dat die Departement ou gevangenisse gaan opknap deur middel van die RAMP projek (Renovation and Maintenace Programme). Vier (4) nuwe gevangenisse word ook beoog by Kimberly, Leeukopgevangenis, Klerksdorp en Nigel. Hierdie nuwe gevangenisse sal op ’n moderne konsep gegrond wees om eenheidsbestuur toe te pas. Indien die invloei van

gevangenes nie verminder word vanaf die howe nie, sal die bou van nuwe gevangenisse beslis nie die huidige oorbevolking kan aanspreek nie.

Tydens ’n uitsending van Fokus op SABC 2 op 11 Julie 2004 het Regter Fagan (Inspekterende Regter van Gevangenisse) aan Freek Robinson gesê dat die nuwe Kokstadgevangenis wat teen R425 miljoen opgerig is, tans onderbenut word. Die goedgekeurde akkommodasie van hierdie maksimum gevangenis is 1 530 wat die oprigtingskoste per gevangene op ongeveer R294 000 te staan bring. Vir so ’n fasiliteit om onderbenut te word, kan beslis nie koste-effektief wees nie. Die Adjunk President Mnr. Jocob Zuma het tydens die opening van die Kokstadgevangenis (Nexus, Junie 2002 : 26) gesê dat: “The rehabilitation of offenders as a longterm goal to crime prevention is now at the core of the programmes of Government. This has necessitated a change from the traditional punitive approach, which emphasizes locking prisoners away as the ultimate solution, to a focus on rehabilitation.”

Dit is baie ironies dat die regering wil wegbeweeg van die tradisie van opsluiting na ’n fokus op rehabilitasie, maar daarteenoor stuur howe (daargestel deur die regering) al meer gevangenes (gevonnis en ongevonnis) na die gevangenis om daar opgesluit te word. Die regering sal voet by stuk moet sit en begin om oorbevolkingsprobleme in die praktyk aan te spreek deur dade en nie om tafels waar dit die afgelope jare bespreek word nie. Die logiese vertrekpunt is om korttermyn gevangenisstraf te vervang met gemeenskapgebaseerde vonnisse, veral eerste oortreders en waar geringe- en ekonomiese oortredings ter sprake is. Wanneer hierdie kategorie gevangenes drasties verminder is en ongevonniste gevangenes so ver as moontlik hulle volgende verhoordatum buite die gevangenis kan afwag, kan verligting van oorbevolking ter sprake wees. Die oorblywende kategorieë gevangenes hoort in die gevangenis en met hulle moet ’n pad geloop word om hulle voor te berei op hul uiteindelike ontslag, terug in die gemeenskap. Eers dan kan die regering praat van wegbeweeg van die ou tradisie van opsluiting na rehabilitasie as fokuspunt.

Oplegging van korttermyn gevangenisstraf speel dus ’n sleutel rol in verligting van oorbevolking. Eerstens moet die regering die visie hê van alternatiewe vir korttermyn gevangennisstraf. Tweedens moet hierdie visie deurgevoer word na Justisie waar dit in die praktyk deur die regsplegende gesag ten uitvoer gebring moet word. Derdens moet die gemeenskap gesensiteer word ten opsigte van die gebruik

van gemeenskapgebaseerde vonnisse in die plek van gevangenisstraf en dan eers sal die uitvoerende gesag die vrugte pluk van laer aanhoudingsyfers en hulleself rat om daadwerklike pogings aan te wend om rehabilitasie te laat slaag.

Korrektiewe Dienste "skuil" al vir so lank agter oorbevolking as oorsaak vir die feit dat rehabilitasie nie slaag nie. Hierdie Departement sal sy voorskrifte deeglik moet bestuur en lede genoegsame opleiding gee om gerat te wees vir die dag dat oorbevolking nie meer die skuld kan kry vir swak rehabilitasie van oortreders nie. Nuwe aanstellings in Korrektiewe Dienste word veilige bewakingstegnieke geleer en hulle word "vertel" van rehabilitasie. Baie van die lede (veral die ouer lede met jare ondervinding) is opgelei in 'n militaristiese wyse van gevangenisbestuur. So baie het intussen verander en elke dag word gepraat van heropleiding van lede, maar dit gebeur nie. Intussen word gevangenes steeds elke oggend oopgesluit, getel, kos en oefening gegee, weer getel en toegesluit. Daar is geen sprake van rehabilitasie deur dissipline (bewakings) personeel nie. Die gevallelading van vakkundiges laat ook nie toe vir positiewe rehabilitasie van oortreders nie.

Dit is een van die groot redes waarom die navorser 'n voorstaander is van uitdiening van korttermyn gevangenisstraf buite die gevangenis. 'n Oortreder wat tot bv. ses maande gevangenisstraf gevonnis word, sal dalk nooit eers 'n maatskaplike werker sien nie. Hy sal wel saam met ander geharde gevangenes aangehou word en beslis meer blootgestel word aan erger kriminaliteit as wat hy aan gewoond is. "Omgekeerde" rehabilitasie kan dalk plaasvind en residivisme bevorder.

Ten slotte kan gesê word dat die gevangenis beslis nie die geskikste plek is vir kinders en oortreders wat veral geringe oortredings (eerste oortreders) gepleeg het nie.

#### 2.6.2.2 **Oplegging van minimum vonnisse**

Eerstens word daar gekyk na minimum vonnisse wat ingebring is om die misdaadsyfer te probeer afbring en tweedens word gekyk na langtermyn gevangenisstraf wat 'n voortvloeisel van minimum vonnisse insluit en laastens word lewenslange gevangenisstraf onder die loep geneem.

Minimum vonnisse is ingestel gedurende 1998 (art. 51 van wet 105 van 1997) en dit het veroorsaak dat howe lang vonnistydperke moet oplê vir sekere misdade. Die oortreders vorm dus nie deel van hierdie sanksie nie, maar slegs die oortreding. Daar is dus min sprake van individualisasie van straf.

Baie mense meen dat die oplegging van minimum vonnisse daargestel is, kort voor die 1999 verkiesing om te toon dat die regering ernstig is oor die bekamping van misdaad wat voortdurend styg. Hierdie stelsel is uit verskeie oorde gekritiseer aangesien dit oorbevolking van gevangenisse veroorsaak, rehabilitasie negatief beïnvloed en die kanse van residivisme verhoog.

Regter Fagan noem hierdie aspek by verskeie geleenthede en sê dat dit so spoedig moontlik gestaak moet word.

Die oplegging van maksimum vonnisse binne die jurisdiksie van 'n hof, kan voorskriftelik wees vir vonnisopleggers, maar minimum vonnisse moet aan die diskresie van die vonnisoplegger oorgelaat word om met inagneming van die oortreding en die oorteder 'n gepaste vonnis op te lê.

Wanneer daar na strafmodelle gekyk word, was daar in Suid-Afrika gedurende die negentigerjare weerklanke teen die "behandelingsmodel" waarvolgens by uitstek die persoonlike omstandighede van die oortreder beklemtoon is. Met die slagspreuk "verdiende loon" is daar wegbeweeg na die "geregtigheidsmodel" wat die klem primêr op die oortreding en die verwytbaarheid van die oortreder laat val (Hiemstra, 2002 : 683).

Die inwerkingstelling van minimum vonnisse het op 1 Mei 1998 in aanvang geneem en die howe se diskresie erg aan bande gelê. Die gemeenskap vereis streng optrede vir ernstige misdaade en dit is niks meer as reg om so te voel in 'n land waar sinnelose moorde gepleeg word, motorkapings aan die orde van die dag is en die publiek die gevoel kry dat wetteloosheid hoogty vier. Volgens Hiemstra (2002 : 683) het die regering op twee maniere gereageer op hierdie kritiek van die publiek : (i) deur minimum vonnisse in te stel vir sekere oortredings ingevolge Wet 105 van 1997; (ii) deur te bepaal dat gevangenes minstens die helfte van hulle vonnisse moet uitdien voordat hulle parool kan kry. Gevangenes wat lewenslange gevangenisstraf uitdien moet na hoogstens 25 jaar vir parool oorweeg word en vir sekere kategorieë misdrywe kan die hof 'n nie-parooltydperk bepaal wat twee derdes of selfs vier

vyfdes van die oorspronklike vonnis kan wees. Die uitwerking hiervan op oorbevolking is een van die redes waarom daar op 30 April 2004, 187 903 gevangenes in aanhouding was terwyl die goedgekeurde akkommodasie slegs 114 787 is.

Hiemstra (2002 : 683) noem dat die vernaamste beginsel by straftoemeting die sogenaamde "trits" (triad) is. In S v Zinn 1969(2) SA537(A) is beslis dat die hof 'n vonnis moet oplê wat na die hof se mening van pas is: "What has to be considered is the triad consisting of the crime, the offender and the interests of society." Die oogmerke van straf is ook baie belangrik. Aspekte soos afskrikking, voorkoming, hervorming en vergelding is die vernaamste oogmerke van straf wat deur howe in ag geneem word by straftoemeting. Die howe het ook 'n opvoedingsfunksie deur aan die oortreder, die klaer en die publiek te wys dat die regspleging doeltreffend en regverdig is wanneer straftoemeting toegepas word. In Suid-Afrikaanse howe word vergelding en afskrikking die meeste gebruik wanneer straftoemeting bepaal word. Afskrikking het die afgelope tyd die oorheersende doel van straf geword terwyl die belangrikheid van vergelding afgeneem het.

Dr. Penuell Maduna, Minister van Justisie (DKD-Intranet) het op 14 Oktober 1999 gesê dat die hoë vlakke van misdaad in Suid-Afrika onaanvaarbaar is en ingryping van die kant van die regering genoodsaak het. Justisie as deel van die "National Crime Prevention Strategy" (NCPS) het met verskeie voorstelle na vore gekom om gemeenskappe te beskerm teen kriminaliteit. Die vraag wat egter ontstaan is of die regte kategorieë gevangenes deur minimum vonnisse geraak word. Die plegers van ernstige en sinnelose dade kan en moet swaar gestraf word. Met die afskaffing van die doodstraf in 1995, is lewenslange en lang bepaalde vonnisse as alternatief vir die doodstraf gebruik. Die grootste probleem met oorbevolking is die verskil wat korttermyn gevangenisstraf kan maak aan aanhoudingsyfers indien alternatiewe vonnisse daarvoor gevind kan word.

Curran (New England Journal on Criminal- and Civil Confinement, Volume 26, nommer 2, 2000 : 230) noem dat die beginsel van "getting tough on crime" reeds sedert die 1970's sy grondslag gevind het. Dit behels baie lang gevangenisstrawwe vir ernstige misdaad. Waar die doodstraf afgeskaf is, is lewenslange gevangenisstraf, sonder parool, opgelê. Dit sou veroorsaak dat gevangenes oud word in die

gevangenis en baie ook daar sal doodgaan. Ook hierdie beginsel het baie negatief op oorbevolking ingewerk.

Die situasie wat in 1997 geheers het ten opsigte van hoë misdaadvlakke is dalk nie meer so aktueel in 2005 nie. Alle aanduidings is daar dat misdaad stadig aan die afneem is oor die afgelope 2 tot 3 jaar. Dit het dalk tyd geword dat art. 51 van Wet 105 van 1997 in heroorweging geneem word. Indien die situasie so verander het dat die afskaffing van minimum vonnisse oorweeg kan word, moet dit so spoedig moontlik gedoen word. Verligting van oorbevolking sal positief geraak word en rehabilitasie kan meer tot sy reg kom. Hierdie besluit sal egter baie oordeelkundig hanteer moet word aangesien die owerheid se primêre doel steeds is om die gemeenskap te beskerm.

Die vernaamste doel met die verligting van oorbevolking in ons gevangenisse is om dié gevangenes wie nie ’n gevaar vir die gemeenskap is nie, uit die gevangenis te kry en ook seker te maak dat howe in sulke gevalle alternatiewe vonnisse sal gebruik in plaas van gevangenisstraf.

Tydens ’n media-inligtingsessie op 5 September 2003 het Minister Ben Skosana (DKD-Intranet) gesê dat die aantal gevonniste gevangenes tussen 1995 en 2000 redelik toegeneem het en gemiddeld 116 568 was. In 2001 het die aantal gevonniste gevangenes drasties verhoog tot 159 641 en in 2002 weer merkbaar gedaal tot 98 909 op ’n stadium, wat die laagste was sedert 1995. Op 30 April 2004 was die aantal gevonniste gevangenes weer hoog (134 023). Minister Skosana sê verder: “What has contributed to increased overcrowding has been the fact that more prisoners are now receiving stiffer sentences.” Hierdie strenger vonnisse wat opgelê word, vorm deel van die instelling van minimum vonnisse (Artikel 51 van die Strafregwysigingswet 105 van 1997).

Hiemstra (2002 : 700) lewer kommentaar op a 51 van Wet 105 van 1997 en dit kan as volg opgesom word:

- artikel 51 het die hof se diskresie by vonnis beperk, maar nie uitgewis nie,
- die hof moet vonnisoplegging benader op die basis dat die wetgewer ’n vonnis bepaal het wat normaalweg opgelê moet word,
- tensy daar duidelik ware oortuigende redes bestaan vir ’n ander vonnis, moet die hof die voorgeskrewe vonnis oplê,

- die hof moet nie ligtelik op flou gronde van die voorgeskrewe vonnis afwyk nie,
- die wetgewer het dit duidelik aan die howe oorgelaat om te besluit of die omstandighede ’n afwyking van die voorgeskrewe vonnis regverdig,
- die uiteindelike impak van al die omstandighede wat by vonnisoplegging relevant is moet gemeet word teen die maatstaf “wesenlik en dwingend” en moet gesamentlik ’n afwyking van die standaardvonnis regverdig,
- by die uitleg van artikel 51 is dit te beperkend om die konsepte te gebruik wat by appélle gebruik word (“skokkend onvanpas”),
- indien die hof wat die vonnis oplê meen dat die omstandighede van die besondere geval beteken dat die vonnis onregverdig is en dat dit buite verhouding tot die misdaad, die misdadiger en die behoeftes van die gemeenskap sou wees, is die hof geregtig om ’n mindere vonnis op te lê en
- by vonnisoplegging moet die hof in ag neem dat die besondere misdaad uitgesonder is vir ’n vasgestelde straf en vonnis moet oorweeg word met inagneming van die standaard voorgeskrewe vonnis.

In S v Dodo 2001 (1) SASV 594 (KH) onderskryf Ackerman (Hiemstra, 2002 :701) die uitleg van artikel 51(1):

| | |
|---|---|
| - Grondwetlikheid: | Die Konstitusionele Hof vind dat artikel 51(1) nie ongrondwetlik is nie. Onder die Grondwet is daar nie ’n absolute skeiding tussen die regsprekende, uitvoerende en wetgewende magte nie. |
| - Nie terugwerkend nie: | Artikel 51 is nie terugwerkend van krag nie, en dus nie van toepassing op misdrywe wat gepleeg is voordat dit op 1 Mei 1998 in werking getree het nie. |
| - Aantekening van omstandighede: | Artikel 51(3)(a) bepaal dat die hof die wesenlike en dwingende omstandighede wat tot |

’n mindere vonnis lei, op die oorkonde moet aanteken.

- Jeugdige: Die vonnis onder artikel 51(6) is nie van toepassing op jeugdiges onder 16 jaar nie. Jeugdigheid bly een van die versagtende omstandighede wat die hof in ag moet neem.

- Opskorting: Volgens artikel 51(5) mag die vonnis nie opgekort word nie. Die mindere vonnis deur die hof opgelê waar die hof “wesenlike en dwingende omstandighede” bevind het, kan wel ’n opgeskorte vonnis wees. Die hof moet daardie omstandighede in die notule aanteken.

Ackerman (Hiemstra, 2002 : 701) sê ook dat die minimum strawwe in Wet 105 van 1997 ’n voorloper is van ’n beoogde algemene stelsel van vasgestelde strawwe. Dit voorspel niks goeds vir oorbevolking van gevangenisse nie. Die navorser is van mening dat die misdaadsituasie van tyd tot tyd sal dikteer watter maatreëls nodig is om wet en orde te handhaaf. Suid-Afrika moet hom dus nie verbind tot permanente streng wetgewing nie aangesien dit, anders as die wêreldnorm, kan veroorsaak dat die gevangenisbevolking per 100 000 van die land se bevolking verder kan styg as die huidige 408 per 100 000 wat reeds ver bo die wêreldgemiddeld van 140 per 100 000 is. Artikel 51 van Wet 105 van 1997, met sy bylae 2, word as bylaag 5 agter in hierdie ondersoek geplaas.

Artikel 51 is op 1 Mei 1998 in werking gestel. Die tydperk van werking is met 12 maande met ingang van 1 Mei 2000 verleng deur Proklamasie No. R.23 van 2000 (Staatskoerant No. 21122). Artikel 53(2) van Wet 105 van 1997 soos gewysig by artikel 36 van Wet 62 van 2000 maak dit moontlik dat die tydperk deur die President, met instemming van die parlement, by proklamasie vir twee jaar op ’n keer verleng kan word (Hiemstra, 2002 : 698).

Die vorige twee jaar tydperk het op 30 April 2005 verstryk, maar is weer met twee jaar verleng. In Die Burger (13 April 2005 : 3) skryf Jan-Jan Joubert dat die Nasionale Vergadering wetgewing aanvaar het wat sal verseker dat minimum vonnisse in plek sal bly. ’n Hewige debat het die afgelope maande geheers tussen Regters, die regsberoep en gevangenishervormers om die oplegging van minimum vonnisse op te hef. Gemeenskapsleiers, senior LP’s en opposisie-partye het egter wal gegooi en gepleit dat die tydperk weer met twee jaar verleng word. Die Minister van Justisie, Me Brigette Mabandla het op 12 April 2005 aangekondig dat die minimum vonnisse gaan bly.

Die program, Special Assignment (SABC 3) het ook op 12 April 2005 verslag gedoen oor hierdie besluit en die vraag is gevra of lang vonnisse wel rehabiliteer. Rehabilitasie moet aandag geniet. Die lengte van vonnis moet baie oordeelkundig toegepas word deur howe ten einde ’n balans te vorm tussen die hoeveelheid straf wat toegemeet moet word en die tydperk wat nodig is om positiewe rehabilitasie toe te pas.

In ’n onderhoud met Regter Hannes Fagan (Inspekterende Regter van Gevangenisse) op 6 November 2003 het hy genoem dat die oplegging van minimum vonnisse een van die belangrikste redes vir oorbevolking onder gevonniste gevangenes is. Hy noem verder dat Regters en Landdroste toegelaat moet word om hulle eie diskresie te gebruik, binne die voorskrifte van maksimum vonnisse wat opgelê kan word.

Wanneer rehabilitasie van oortreders ter sprake is, moet daar ’n goeie voorbeeld gestel word deur die instansie(s) wat die rehabilitasie verskaf. Dit is dus van uiterste belang dat gevangenes volgens die Grondwet behandel moet word en die huidige omstandighede binne Suid-Afrikaanse gevangenisse leen hul beslis nie daartoe om gevangenes menswaardig aan te hou nie. Tans is 4 uit elke 1 000 Suid-Afrikaners in die gevangenis. Suid-Afrika is een van die swakste lande wat gevangesetting-totale betref en die slegste daaraan toe in Afrika.

Regter Fagan (Inspekterende Regter van Gevangenisse) sê in ’n artikel in die Advocate (April 2005 : 3) dat die gevangenisbevolking drasties verminder moet word. Hy noem dat ’n ideale totaal 120 000 sal wees waarvan 20 000 ongevonniste gevangenes is. Dit sal beteken dat Suid-Afrika steeds dubbel die wêreld se

gemiddelde aantal gevangenes per 100 000 van die bevolking sal hê, maar dat dit reeds groot verligting ten opsigte van die oorbevolkingsprobleem sal beteken.

Die oplegging van minimum vonnisse (5, 7, 10, 15, 20, 25 jaar en lewenslange gevangenisstraf) is ingestel vir oortredings wat die volgende kategorieë insluit:

- Diefstal,
- Korrupsie,
- Handeldryf in dwels,
- Aanranding,
- Verkragting en
- Moord

Regters en Landdroste is hiermee verplig om bogenoemde vonnisse op te lê behalwe in gevalle waar daar buitengewone omstandighede bestaan en 'n ligter vonnis oorweeg kan word. Ook die verkryging van borg is moeiliker gemaak deur Artikel 4(f) van die Strafproses Tweede Wysigingswet, Wet 85 van 1997.

Die oplegging van minimum vonnisse het veroorsaak dat lang tydperke van gevangenisstraf opgelê word. Dit kan veral gesien word in vonnisse van 10 jaar en langer. Hierdie syfers het van 18 644 (19%) op 30 April 1998 (direk voor die implementering van die minimum vonnisse) gestyg na 49 094 (36%) op 31 Maart 2005 (Advocate, April 2005 : 3).

'n Verdere aspek wat oorbevolking direk raak is die inwerkingstelling van Artikels 50 tot 82 van die Wet op Korrektiewe Dienste, Wet 111 van 1998. Artikels 50 tot 72 handel oor Gemeenskapskorreksies.. Artikels 73 tot 82 handel oor vrylating van gevangenes, plasing op Korrektiewe Toesig, Dagparool en Parool. Voor die inwerkingtreding van hierdie artikels kan 'n gevangene na 'n derde van sy vonnis vir parool oorweeg word. Nou moet 'n helfte van vonnisse eers uitgedien word alvorens parool oorweeg kan word. Gevangenes wat minimum vonnisse uitdien kan eers na vier-vyfdes (80%) van hul vonnisse vir parool oorweeg word en lewenslange gevangenisstraf eers na 25 jaar en dan moet dit deur 'n hof goedgekeur word na aanbeveling van die betrokke Paroolraad. Lewenslange gevangenes kon voorheen na 10- en later na 20 jaar oorweeg word vir parool. Hierdie nuwe verwikkelinge het 'n

geweldige uitwerking op aanhoudingsyfers en oorbevolking word vererger as gevolg van die lang aanhoudingstydperke.

Daar sal dus krities gekyk moet word na die voortbestaan van minimum vonnisse binne die Suid-Afrikaanse regstelsel. Ondergenoemde redes kan aangevoer word om die verdere toepassing van minimum vonnisse teen te staan:

- Die daarstelling van minimum vonnisse was dalk gedurende 1998 geregverdig, maar die huidige misdaadsyfers toon ’n afname in misdaad. Die vraag kan dus gevra word of minimum vonnisse tans nog van pas is? Lang aanhoudingstydperke veroorsaak haaglike omstandighede waaronder gevangenes aangehou word en dit is nie in lyn met die beginsels van die Grondwet nie.
- Daar bestaan geen bewyse dat langer vonnisse beter afskrikking bewerkstellig nie. Die sekerheid dat misdaad gestraf gaan word bied afskrikking en nie die hoeveelheid straf wat toegemeet gaan word nie.
- Lang aanhoudingstydperke belemmer familiebande en dus word herinskakeling in die gemeenskap na vrylating erg hierdeur geraak. Rehabilitasie stop nie by vrylating nie, maar moet ook help om weer aan te pas in die gemeenskap. Die oplegging van minimum vonnisse het dus ’n negatiewe uitwerking op rehabilitasie binne inrigtingsverband.
- Minimum vonnisse veralgemeen straf en daar is min sprake van individualisasie van straf. Regters en Landdroste se diskresie word ook aansienlik ingeperk met die daarstelling van minimum vonnisse vir sekere kategorieë misdade.
- Die kostes verbonde aan aanhouding van gevangenes is baie hoog (R114 per dag per gevangene) en hierdie geld kan baie beter aangewend word vir armoedeverligting en bekamping van misdaad.

Die oplegging van lang vonnisse onder die minimum vonnis wetgewing en die nuwe vrylatingsbeleid van Korrektiewe Dienste (1 Oktober 2004) sal beslis oorbevolking verder die hoogte laat inskiet. Regter Fagan sê in die Advocate (April 2005 : 4) dat: “The growth rate of more than 7 000 per year will inevitably lead to such inhuman conditions that mass releases will be required periodically”. Die afskaffing van

minimum vonnisse sal beslis ook ’n positiewe uitwerking op die nuwe vrylatingsbeleid van Korrektiewe Dienste hê aangesien die helfte van ’n korter vonnis parool vrylating sal bespoedig en sodoende oorbevolking bekamp.


2.6.2.3 **Langtermyn Gevangenisstraf**

Volgens statistiek van die kantoor van die Inspekterende Regter van Gevangenisse maak langtermyn gevangenes (raadsake) die grooste gedeelte van die gevangenisbevolking uit. Op 30 April 2004 was hierdie kategorie gevangenes, 115 310. Dit verteenwoordig 86,03% van die aantal gevonniste gevangenes in aanhouding en 100,46% teenoor die goedgekeurde akkommodasie (114 787). Hieruit kan afgelei word dat indien ongevonniste- en kortermyn gevangenes buite rekening gelaat word, die persentasiebesetting presies 100% sal wees. Dit is waarom dit so belangrik is vir die navorser om so veel as moontlik ongevonniste gevangenes en korttye buite die gevangenis te kry, sonder om die veiligheid van die publiek skade aan te doen.

In die Beeld (24 November 2000 : 5) word genoem dat die statistiek van die Instituut vir Veiligheidsstudies toon dat die oplegging van langer tronkstrawwe deels verantwoordelik is vir oorbevolking in gevangenisse. Volgens die Instituut is ernstige misdaad ook aan die toeneem en dus een van die redes vir die toename in die oplegging van langer vonnisse.

’n Ander aspek wat in dieselfde berig aangeraak word, is die skerp styging van gevangenisstraf van 10 jaar en langer wat deur howe opgelê word. In 1995 het 1,9% van alle gevangenes tronkstraf van meer as tien jaar uitgedien. Teen die einde van 1999 het dit vermeerder tot byna 5% van die gevangenisbevolking.

In 2003 het Regter Fagan aan Freek Robinson (Fokus, SABC 2) verduidelik hoe die inwerkingstelling van minimum vonnisse veroorsaak het dat lang vonnisse opgelê word deur howe en ook dat die afskaffing van die doodstraf veroorsaak het dat lewenslange gevangenisstraf baie meer gebruik word. In figuur 16 word die styging in die oplegging van gevangenisstraf van 10 jaar en langer aangetoon.




FIGUUR 16: Vonnisse van 10 jaar en langer (1999 - 2005).

Figuur 16 stel ’n styging van 107.12% voor in die oplegging van gevangenisstraf vir 10 jaar en langer (oor ’n tydperk van 6 jaar). Slegs lang aanhoudingstydperke kan nie rehabilitasie bewerkstellig nie en dit kan nie geskied in oorvol gevangenisse nie. Indien gevangenisstraf van korter tydperke opgelê word, sal dit veroorsaak dat die oorbevolkingsprobleme aangespreek word en beter behandelingsprogramme aangebied word wat uiteindelik rehabilitasie kan verbeter. Waar die gemeenskap gefaal het met die opvoeding van kinders, moet Korrektiewe Dienste alle moontlike pogings aanwend om “opvoeding” te gee aan die wie in sy sorg toevertrou word.

Met die aanhoudingsyfers wat voortdurend styg, word hierdie “opvoeding” al moeiliker om uit te voer en kan dit een van die redes wees waarom mense sê dat rehabilitasie nog nooit gewerk het en ook nooit sal werk nie. Rehabilitasie kan werk, maar die omstandighede waaronder dit toegepas moet word, sal eers verbeter moet word en daar is net een manier om dit te doen, deur minder oortreeders in gevangenisse aan te hou. Dit sluit ook gevangenes met baie lang strawwe in.

Ongevonniste gevangenes kan hul volgende verhoordatum buite die gevangenis afwag en korttermyn gevangenisstraf kan alternatiewe, gemeenskapgebaseerde

vonnisse opgelê word. Daar kan ook aandag gegee word aan langtermyn gevangenes wie ook vroeër ontslaan kan word op parool.

Alle moontlike pogings moet aangewend word om die oplegging van minimum vonnisse afgeskaf te kry. Die gemeenskap vereis vergelding vir misdaad, maar wanneer ’n gevangene wat lank in die gevangenis aangehou was, sonder enige rehabilitasie (as gevolg van oorbevolking), vrygelaat word in die gemeenskap en hy pleeg weer misdaad, kry Korrektiewe Dienste die skuld vir geen gedragsverandering wat plaasgevind het nie.

Terwyl die oplegging van onnodige lang strawwe steeds plaasvind (sien tabel 12), verskraal die kanse van rehabilitasie daardeur en word die bose kringloop van misdaadpleging, vonnis, gevangenisstraf, vrylating en maar net weer misdaadpleging, steeds voortgesit.

| **Vonniskategorie** | **1995** | **2000** | **Toename** | **% - Toename** |
|---|---:|---:|---:|---:|
| > 7 – 10 Jaar | 12 394 | 18 772 | 6 378 | 51,50% |
| > 10 – 15 Jaar | 6 099 | 11 137 | 5 038 | 82,60% |
| > 15 – 20 Jaar | 2 731 | 4 892 | 2 161 | 79,10% |
| > 20 Jaar | 1 983 | 5 171 | 3 188 | 160,70% |
| Lewenslank | 433 | 1 271 | 838 | 193.50% |

TABEL 12: Toename in lengte van vonnis*

Alhoewel die doodstraf nou reeds 10 jaar lank nie meer opgelê word nie, is daar nog steeds gevangenes wie lasbriewe het vir die doodstraf wat aan hulle opgelê is. Volgens die Menseregte-kommissie was daar in Oktober 2002 steeds 133 gevangenes wie se doodstraf nog nie omskep is na gevangenisstraf nie. Dit nadat die doodstraf reeds in 1995 ongrondwetlik verklaar en afgeskaf is. Die jongste statistiek ten opsigte van ter doodveroordeelde gevangene wie se vonnisomskepping na gevangenisstraf nog nie gefinaliseer is nie, word in tabel 13 aangetoon:

* - Statistiek verkry vanaf die Parlementêre Moniteringsgroep.

| **Provinsie** | **Aantal omskeppings uitstaande** |
|---|---|
| Gauteng | 36 |
| Vrystaat & Noord-Kaap | 32 |
| Oos-Kaap | 29 |
| Kwazulu/Natal | 25 |
| Mpumalanga, Noord-Wes & Limpopo | 4 |
| Wes-Kaap | 2 |
| **TOTAAL** | **128*** |

TABEL 13: Aantal ter doodveroordeeldes wie se vonnisse nog nie omskep is na gevangenisstraf nie (Julie 2004).

Die proses van omskakeling is tydrowend aangesien elke geval na dieselfde hof (Hooggeregshof) verwys moet word waar die doodstraf aanvanklik opgelê is. Alle feite rakende die betrokke saak moet weer nagegaan word, tesame met die tydperk reeds in aanhouding om 'n gepaste alternatief vir die doodstraf te oorweeg en op te lê. Nie alle omskeppings is outomaties na lewenslange gevangenisstraf nie. Korter tydperke van gevangenisstraf kan wel ook in sekere gevalle opgelê word.

Die regter se strafoplegging in die geval van omskepping ten opsigte van ter doodveroordeelde gevangenes is nie finaal nie. Dit moet nog steeds deur die President, Mnr. Mbeki bekragtig word.

Hierdie kategorie gevangenes word tans landwyd in Maksimumgevangenisse aangehou aangesien die "dodeselle" nie meer assulks gebruik word nie.

Die groot hoeveelheid gevonniste gevangenes wat reeds tot lang aanhoudingstydperke gevonnis is, gaan lank in die sorg van Korrektiewe Dienste bly. Die enigste manier om langtermyn gevangenes minder te maak is om te gaan kyk na vroeër vrylating op parool.


Groot versigtigheid moet egter aan die dag gelê word wanneer vroeër parool, algemene amnestie en selfs "burstings" oorweeg word. Justisie en Korrektiewe Dienste was in die verlede al by verskeie geleenthede gekritiseer oor oortreders wat

* - Statistiek verkry vanaf DKD Hoofkantoor, afdeling Oortrederbeheer.

misdaad pleeg terwyl op borg of parool.

Me Seaton van die Demokratiese Alliansie (www.pmg.org.za) sê dat: “The judicial bodies should be very careful when they released prisoners on early parole because the public was concerned about community social welfare.” In antwoord op wat Me Seaton gesê het, het Regter Fagan soos volg gereageer: “Programmes should be developed to prepare communities for the release of prisoners. Public perceptions were a problem and should be addressed.” Hierdie gesprek het plaasgevind tydens ’n Portfolio-komiteevergadering gehou op 16 September 2003. Regter Fagan het verder gegaan en gesê dat alternatiewe gevind moet word vir gevangenisstraf, dan sal dit nie nodig wees om gevangenes vroeër vry te laat, net om oorbevolking te bekamp nie. Die Regter het die volgende vraag gestel: “Should we not invest more in job creation than in more incarceration?”

Met die afskaffing van die doodstraf het lewenslange gevangenisstraf skerp gestyg (sien figuur 17). Ernstige misdade bly hoog en waar beskuldigdes in hierdie kategorie skuldig bevind en gevonnis word, is daar nie alternatiewe vonnisse ter sprake nie. Hulle word vir baie jare gevangenis-toe gestuur en dit is reg so, want die gemeenskap moet beskerm word.




FIGUUR 17: Aantal gevangenes wat lewenslange gevangenisstraf uitdien.

Tans is dit nie die geharde misdadigers en lang vonnisse wat bydra tot oorbevolking nie. Die oplegging van lang vonnisse sal wel ’n rol speel aangesien die gevangene vir ’n lang tydperk binne die gevangenis moet deurbring, maar as hy daar hoort, moet hy daar bly. Ons groot probleem is die aanhouding van ongevonniste gevangenes en korttye. Sodra alternatiewe vir dié probleem gekry kan word, sal die gevangenes wat in die gevangenis hoort, nie oorbevolking veroorsaak nie. Ons het genoeg akkommodasie om die gevangenes wat regtig verwyder moet word uit die gemeenskap, te akkommodeer. Die ongevonniste gevangenes en gevonnistes, tot onder 2 jaar, maak saam 40% van die totale gevangenisbevolking uit (75 200). Die oorblywende 112 700 verteenwoordig 98,2% van die goedgekeurde akkommodasie.

Alternatiewe vir gevangenisstraf kan selfs ook van toepassing gemaak word op sekere misdade in die vonniskategorie 2 tot 5 jaar wat ’n verdere verlaging van 20% in die gevangenisbevolking tot gevolg kan hê.

Tans word bogenoemde kategorieë gevangenes nog steeds aangehou en daarom moet daar ander wyses gebruik word om die oorbevolking tot ’n mate te verlig. Artikel 81 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) is reeds bespreek. Dit bepaal dat die Minister (DKD) ’n aanbeveling moet maak na die Nasionale Raad indien hy van mening is dat oorbevolking die veiligheid van gevangenes en lede bedreig en dat onmenswaardige aanhouding hierdeur veroorsaak word. Die Nasionale Raad kan dan aanbeveel dat sekere kategorieë gevangenes se goedgekeurde vrylatingsdatums vervroeg word en dat hulle onder die gemeenskapkorreksies-stelsel geplaas word. Die Minister mag dan diensooreenkomstig optree.

Artikel 82 van dieselfde Wet bepaal verder dat die President, ondanks enige teenstrydige bepalings op enige tydstip die plasing op Korrektiewe toesig of parool van enige gevonniste gevangene magtig, onderworpe aan die aanbeveling van die Korrektiewe Toesig- en Paroolraad waaronder die gevangene resorteer. In die geval van ’n gevangene wat lewenslange gevangenisstraf uitdien, op die voorwaardes soos deur die hof bepaal. Die President kan ook enige deel van ’n gevangene se vonnis verminder. Niks in hierdie Wet beïnvloed die mag van die President om oortreders te begenadig of grasie te verleen nie.

Daar is dus ook maniere om gevonniste gevangenes vroeër vry te laat ten einde oorbevloking aan te spreek. Tussen April 1984 en Oktober 2000 was daar 19 amnesties en "burstings". Die grootste was in Mei 1986 toe die gevangenisbevolking met 25 045 verminder is. In Desember 1990 is die gevangenisbevolking met 18 054 verlaag en in 1994 met 16 386.

Om die oorbevolkingsprobleem weer eens te verlig, het die Nasionale Raad van Korrektiewe Dienste aanbeveel dat nege (9) maande, van alle gevonniste gevangenes met goedgekeurde parooldatums, afgetrek word, behalwe vir aggressiewe- en seksuele oortredings. Die Minister van Korrektiewe Dienste en die kabinet het dit goedgekeur.

Tydens 'n media-konferensie op 8 September 2000 (DKD-Intranet) het Minister Ben Skosana gesê dat alle gevangenes die reg het om menswaardig aangehou te word. Dit is die rede waarom daar besluit is om te handel volgens Artikel 67 van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 8 van 1959) wat bepaal dat spesiale maatreëls toegepas kan word wanneer oorbevolking drastiese optrede verg. Die Minister het ook uitgebrei op die gemeenskap se vrese wanneer groot getalle gevangenes gelyktydig vrygelaat word. Hy het gesê dat hierdie vrylating aggressiewe en seksuele oortreders uitsluit, die gevangenes reeds 'n groot gedeelte van hulle gevangenisstraf uitgedien het en dat hulle vrygelaat word om onder parooltoesig hulle vonnisse buite die gevangenis uit te dien. Dit is dus nie 'n geval van vrylating in die gemeenskap sonder enige verdere betrokkenheid van Korrektiewe Dienste nie. Die Minister het ook die versekering gegee dat gevangenes wat lewenslange gevangenisstraf uitdien, uitgesluit is by hierdie vrylatings.

Die vrylatings het middel Oktober 2000 begin en ongeveer 8 000 gevangenes het baatgevind hierby. Beter beheer is ook toegepas by die identifisering van gevalle, anders as by die vrylating van ongevonnistes gedurende September 2000 waar 160 moordverdagtes per abuis by Pollsmoorgevangenis vrygelaat is.

In die Beeld (7 Oktober 2000 : 2) het inwoners van Alexandra en Soweto uitgevaar teen die groot klomp misdadigers wat gesamentlik vrygelaat word en gaan veroorsaak dat misdaad in hierdie gebiede weer die hoogte inskiet.

Mnr. Ben Skosana, Minister van Korrektiewe Dienste sê in die Nexus (Maart 2001 : 15) dat daar baie lesse geleer is in 2000. Ten opsigte van oorbevolking van

gevangenisse is daar saamgespan en ongeveer 16 000 gevangenes vrygelaat (gevonnis en ongevonnis).

Om oorbevolking effektief teen te werk, sal daar 'n klemverskuiwing gemaak moet word. Die publiek is reeds keelvol vir die voortdurende geweld en diefstal wat iets algemeen geword het in Suid-Afrika. Om dit reg te stel sal langtermyn doelwitte vereis aangesien dit by opvoeding in die gesin begin en nie in die gevangenis by volwassenes "aangeleer" moet word onder die mooi naam van rehabilitasie nie. Wanneer die publiek in die media verneem dat groot getalle gevangenes weer vrygelaat gaan word, hou hulle asem op, want eerstens is hulle nie ingelig oor watter tipe gevangenes gaan kwalifiseer nie en tweedens dink hulle terug aan wat gebeur het by vorige vrylatings van groot getalle gevangenes. Die publiek raak nou ook kriewelrig oor die regstelsel en dit moet ten alle koste vermy word anders kan wetteloosheid verder versleg wanneer die publiek hulle vertroue in die regstelsel verloor.

Daar moet dus nie van vrylating van groot getalle gevangenes gebruik gemaak word om oorbevolking te verlig nie. Op die korttermyn moet liewer gekyk word na maniere om minder oortreders gevangenis-toe te stuur. As die publiek sien dat 'n oortreder in die gemeenskap sy vonnis uitdien, is dit eerstens meer opsigtelik as agter die mure van 'n gevangenis, tweedens werk hy (deur gemeenskapsdiens te verrig), anders as in die gevangenis waar hy in 'n sel toegesluit is en niks doen nie en derdens is hy nie 'n las vir die regering/belastingbetaler nie, in teendeel in plaas van 'n uitgawe vir die staat, behou hy sy werk en kan hy vir homself en sy familie sorg. Op dié manier word die gemeenskap twee keer tevrede gestel aangesien hy 'n straf uitdien (buite die gevangenis) en ook omdat hierdie opsie verseker dat gevangenisse nie oorvol word en verminder moet word deur amnesties nie. Hierdie opsie geld natuurlik nie vir ernstige oortredings nie aangesien hierdie kategorie gevangenes binne die gevangenis hoort.

Die doel met hierdie voorstel is geensins om gevangenisse oor 'n paar jaar te sien leeg staan nie. Nee, die getalle moet net hanteerbaar gemaak word sodat effektiewe rehabilitasie kan plaasvind. Daar sal altyd gevangenisse wees en daar sal altyd gevangenes wees om daarin aan te hou en te behandel. Die idee van 'n misdaadvrye Suid-Afrika is slegs 'n "pie in the sky". Dit was nog nooit haalbaar in enige land

sedert die Bybelse tyd nie. Ons kan net alle moontlike bronne ontgun om misdaad so laag as moontlik te hou.

Wanneer die publiek sê dat gevangenisse "5 ster hotelle" geword het, neem die meeste mense dit ligtelik op. Wanneer daar egter dieper gekyk word na hierdie gesegde, word agtergekom dat die huidige ekonomiese klimaat, werkloosheid en armoede onder die grootste gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking veroorsaak dat relatief min mense warm water, toilette, elektrisiteit, televisies, goeie kos, warm klere en beddegoed het en ook 'n dak oor hul kop, dit alles op die rekening van die staat en die belastingbetaler.

Na 1994 het baie dinge binne Korrektiewe Dienste verander. Daar is niks verkeerd met die verandering nie, inteendeel baie goeie veranderings het plaasgevind. Die meeste van hierdie veranderings het plaasgevind as gevolg van die nuwe Grondwet (wet 108 van 1996). Mense moes meer menswaardig behandel word en daarom het baie van die gevangeniskultuur verander om aan te pas by nuwe verwikkelinge. Dit was dan ook die rede vir die Wet vir Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998) met die gepaardgaande nuwe regulasies en ook die ontwikkeling van 'n nuwe Witskrif vir Korrektiewe Dienste.

Die manier waarop gevangenes (en lede) hanteer is voor 1994 was in baie opsigte onmenswaardig en moes verander. Die vraag wat egter ontstaan is, hoeveel voorregte is nodig om 'n gevangene menswaardig te behandel? Daar word voortdurend beleidstukke geskryf oor voorregte vir gevangenes en menswaardige aanhouding. Hier word gepraat van 188 000 duisend mense terwyl miljoene mense in swakker omstandighede buite die gevangenis lewe. Laasgenoemde word deur dieselfde Grondwet beskerm en is immers wetsgehoorsame burgers van die land. Daar moet ook met groot versigtigheid gesê word dat anderskleuriges baie gebaat het binne 'n demokratiese Suid-Afrika. In verhouding met die 46 miljoen inwoners van Suid-Afrika is dit maar 'n baie klein persentasie anderskleuriges wat werklik gebaat het. Die oorgrote meerderheid bly steeds in haaglike omstandighede, veel swakker daaraan toe as ons gevangenisbevolking. Die rede hiervoor? Weer eens getalle.

Met die bespreking hierbo wil die navorser 'n punt maak oor gemeenskapgebaseerde vonnisse. Die publiek is onder die indruk dat gevangenisstraf die oplossing vir die misdaadprobleem in Suid-Afrika is. Dit is waar die klemverskuiwing moet

plaasvind. Die publiek moet bewus gemaak word van die feit dat dit soms "beter" is in die gevangenis as in die gemeenskap. Gemeenskapgebaseerde vonnisse word as "ligte" strawwe gesien deur die publiek en ook deur howe. Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat 'n vonnis wat in die gemeenskap uitgedien word, onder andere die volgende behels:

- indien die oortreder in haaglike omstandighede bly, verander hierdie posisie nie,
- die oortreder behou sy werk waarvoor hy betaling kry, maar moet in sy vrye tyd gratis gemeenskapsdiens doen (hy is dus voltyds met arbeid besig),
- word onder huis-arres geplaas en ongereeld besoek deur Korrektiewe Dienste lede werksaam by die Korrektiewe toesigkantore,
- dien sy vonnis uit in die gemeenskap waar almal hom kan sien en is dus nie verberg agter die mure van 'n gevangenis nie,
- kry niks verniet nie, hy moet werk om 'n bestaan te maak en gratis gemeenskapsdiens verrig en
- die gemeenskapsdiens wat verrig word, gee terug wat hy as skade aan die gemeenskap aangerig het deur die oortreding wat hy begaan het.

Met bogenoemde in gedagte is dit moeilik om steeds te glo dat gemeenskap-gebaseerde vonnisse te lig en onvanpas is. Indien dit vergelyk word met die voorregte en omstandighede waaronder gevangenes aangehou word, sal die publiek en die owerhede moet besef dat die tyd nou reg is om dié klemverskuiwing te maak. Munisipaliteite wat bykans landwyd beskuldig word van swak dienste aan hulle kliënte kan oneindig baie voordeel trek uit gemeenskapsdiens. Oortreders kan dienste gratis lewer en sodoende die dienslewering/produktiwiteit van Munisipaliteite verhoog. Dit is net reg dat oortreders in hulle eie gemeenskappe diens lewer, dit is immers daar waar hulle die skade aangerig het deur misdaad te pleeg.
Op die manier leer die oortreder vaardighede wat hy na verstryking van sy vonnis nuttig kan gebruik. Die wat werkloos is kan 'n werk bekom op dié manier en die wat reeds werk, dalk 'n beter betrekking met meer geld wat weer op sy beurt misdaadpleging kan teenwerk.

Amnesties en “burstings” moet nie nodig wees om oorbevolkign mee te bekamp nie. Om die invloei van gevonniste gevangenes hok te slaan, moet die howe help om alternatiewe vonnisse te oorweeg, eerstens om minder oortreders na die gevangenis te stuur en tweedens om korter vonnisse op te lê vir die wat wel in die gevangenis hoort.

### 2.6.3 Finansiële implikasies van oorvol gevangenisse


Jaarliks word slegs ’n bepaalde bedrag geld tydens die begroting aan Korrektiewe Dienste toegeken. Daarmee moet die Departement met al sy vertakkings gefinansier word. Die bedrag geld wat tydens die begroting toegeken word, speel ’n beduidende rol by die aantal gevangenes wat daarmee “bekostig” kan word en hierdie finansiële implikasie is ook ’n indikator van moontlike amnesties en “burstings” om binne die bekostigbare gevangenestotale te bly.

Waar geld die oorheersende faktor is wanneer aanhoudingsyfers bepaal word en nie die goedgekeurde akkommodasie nie, kan alle pogings om te rehabiliteer misluk. Daar moet nie uit die oog verloor word dat ’n gevangenis, met al sy aktiwiteite en personeelsterkte beplan word rondom die aantal gevangenes (goedgekeur) wat hy kan akkommodeer. Waar die goedgekeurde akkommodasie 490 is, maar daar is geld om 600 gevangenes aan te hou, word daar nie voorsiening gemaak vir pro-rata uitbreiding in geriewe en personeel nie. Die bestaande hulpbronne moet die addisionele 110 gevangenes akkommodeer en daardeur word alle hulpbronne oorlaai, met negatiewe gevolge vir gevangenes (rehabilitasie) en die gevangenisbestuur (onhanteerbare getalle).

Die groei in gevangenisbevolking kos nie net baie geld vir die belastingbetaler nie, maar in sommige kringe word bespiegel dat sekere sektore finansiële voordeel trek uit oorbevolking van gevangenisse. Nadine Curran (2000 : 232) sê dat: “The danger of overcrowding is a negative factor to some in the prison industry, but positive to other because of the revenue it generates to build more prisons.”

Wanneer meer gevangenisse gebou word, is dit nie net die boukoste wat in berekening gebring moet word nie. Die bedryf van so ’n gevangenis en die addisionele kostes verbonde aan meer personeel, stoot die uiteindelike uitgawe van

elke nuwe gevangenis met miljoene rande op. Personeeluitgawes is en bly die grootste uitgawe van enige organisasie. Figuur 18 toon die persentasie van Korrektiewe Dienste se begroting wat aan personeeluitgawes spandeer word.




FIGUUR 18: Korrektiewe Dienste se spandering aan personeeluitgawes teenoor die res van die begroting.

Tydens ’n uitsending van Fokus (SABC 2) gedurende 2002 het Prof. Dirk van Zyl Smit (Universiteit van Kaapstad) gesê dat die Suid-Afrikaanse regering jaarliks meer geld spandeer vir die aanhouding van gevangenes as vir al die Universiteite saam.

Reeds in 1996 het Dr. Sipo Mzimela (voormalige Minister van Korrektiewe Dienste) gesê dat die begroting vir 1996/1997 net genoeg is om 97 000 gevangenes te huisves terwyl daar 117 000 in aanhouding is en ’n verdere 24 000 onder korrektiewe toesig is. Die vraag wat gevra kan word, is die geld te min of die aantal gevangenes in aanhouding te veel? Meer geld word gevra om die mandaat van Korrektiewe Dienste uit te voer, in plaas daarvan om te erken dat daar te min gedoen word om minder gevangenes in aanhouding te verseker.

In 2002 het Minister Ben Skosana (Nexus, Junie 2002 : 15) in sy begrotingsrede gesê dat die Veiligheidskomponent van die regering slegs R48,7 biljoen ontvang het uit die totale begroting van R287,9 biljoen. Van die R48,7 biljoen het Korrektiewe Dienste 14% (R6,8 biljoen) ontvang terwyl Verdediging 38% ontvang het en Justisie

en Veiligheid en Sekuriteit , saam 48%. Die Minister het bygevoeg en gesê dat R1,3 biljoen aan die oprigting van nuwe gevangenisse gespandeer gaan word om ’n addisionele 9 000 gevangenes te huisves.

Tydens ’n inligtingsessie het Minister Ben Skosana die Portfolio-komitee op 27 Mei 2003 toegespreek oor sy begroting wat op 30 Mei 2003 gelewer gaan word. Die begroting van R7,6 biljoen vir die 2003/2004 finansiële jaar verteenwoordig ’n 9,25% styging teenoor die 2002/2003 finansiële jaar. Dit sal voorsien in die vergoeding van 36 320 lede, die aanhouding van 183 000 gevangenes en 70 000 korrektiewe toesiggevalle (parooltoesig ingesluit). Die Minister het ook aangekondig dat die begroting vir rehabilitasie verhoog gaan word met ongeveer 8,3% per jaar van R264,8 miljoen in 1999/2000 tot R427,5 miljoen in 2005/2006. R552,9 miljoen is bewillig vir menswaardige en veilige aanhouding van gevangenes (DKD-Intranet).

’n Nuwe era vir Korrektiewe Dienste is ingelei met die aanstelling van Minister Balfour en die Adjunk-minister, Me Cheryl Gillwald. Hierdie is twee dinamiese persone wat werklik ’n verskil wil maak aan oorvol gevangenisse en menswaardige aanhouding van gevangenes. Minister Balfour het in sy begrotingsrede (15 Junie 2004) verwys na die besoeke wat hy gebring het aan verskeie gevangenisse sedert sy aanstelling as Minister van Korrektiewe Dienste. Hy noem dat hy baba’s in sy arms vasgehou het en met jong seuns in aanhouding gesêls het. Voorts het hy gesê (SA Corrections Today, Julie 2004 : 9): “Opening the doors to prisoners is not the solution, he pleaded that those in power must open their minds to consciously make a mind-shift with regards to the manner that offenders are dealt with.

Die begroting beloop R8,407 biljoen vir die 2004/2005 finansiële jaar, ’n styging van 16,7% teenoor die 2003/2004 finansiële jaar. Hierdie bedrag sal voorsiening maak vir salarisse vir 35 000 lede, die aanhouding van 187 000 gevangenes en 72 000 korrektiewe toesig- en paroolgevalle. Die Minister het ook genoem dat 1 955 addisionele lede tussen April 2004 en Maart 2006 aangestel gaan word. Uit hierdie begroting is R1,143 biljoen bewillig om nuwe gevangenisse te bou.

Me Cheryl Gillwald het in ’n onderhoud met Freek Robinson (Fokus, SABC 2) op 11 Julie 2004 gesê dat Korrektiewe Dienste R800 miljoen per jaar spandeer aan oortydbetaling vir lede wat oor naweke moet werk. Sy noem ook dat ongeveer 5 000 lede addisioneel aangestel kan word met hierdie geld en dat dit tot voordeel van

Korrektiewe Dienste, lede, vakbonde en gevangenes sal wees aangesien die personeeltekort daardeur aangespreek sal word, die lid/gevangene ratio sal verbeter en lede onder minder druk sal werk. Om te kompenseer vir naweke, sal lede 'n 7 dag werkweek werk, met rusdae in plaas van oortydbetaling. Me Gillwald het bygevoeg dat gevangenisse daar is om straf in uit te dien en nie om verder te straf nie. "Ons lewe nou in 'n nuwe era waar korreksies die kern besigheid van Korrektiewe Dienste moet wees. Ons moet opheffingswerk doen en nie mense verder afbreek nie" het sy gesê.

Vervolgens word gekyk na die per kapita koste om 'n gevangene vir een dag in 'n gevangenis aan te hou. Hierdie koste sluit alle aspekte van gevangenisbestuur in. In April 1987 het dit R11,94 gekos om 'n gevangene vir een dag aan te hou. Teen die einde van daardie finansiële jaar (Maart 1988) was die aanhoudingskoste R13,28 per gevangene, per dag. Tabel 14 toon die per kapita koste vir die daaglikse aanhouding per gevangene vir die tydperk Julie 1999 tot April 2004.

| **Tydperk** | **Gevangenisbevolking** | **Koste per Gevangene per dag** | **Totale aanhoudings koste per dag** |
|---|---|---|---|
| Jul 1999 | 162 638 | R65.00 | R10,50 miljoen |
| Apr 2000 | 169 674 | R88.00 | R15,15 miljoen |
| Jan 2003 | 183 993 | R96.00 | R18,00 miljoen |
| Jul 2003 | 185 748 | R104.00 | R19,50 miljoen |
| Apr 2004 | 187 903 | R114.00 | R21,40 miljoen |

TABEL 14: Per kapita koste om 'n gevangene vir een dag in 'n gevangenis aan te hou.

Baie syfers is reeds in hierdie afdeling genoem, maar wat die belastingbetaler moet weet is dat daar tans gemiddeld R21 miljoen per dag spandeer word aan die aanhouding van gevangenes. Dit terwyl daar gesê word dat die mense in Suid-Afrika arm en werkloos is. 'n Ander aspek wat vermeld moet word, is die feit dat rehabilitasie in privaat gevangenisse goeie resultate lewer, maar teen bykans R200 per dag, per gevangene kan dit nie as 'n bekostigbare opsie oorweeg word om nasionaal geïmplementeer te word nie.

Die enigste ander opsie om die koste van die bedryf van gevangenisse te verlaag is om gemeenskapgebaseerde vonnisse op te lê waar die gevangene (wat daarvoor kwalifiseer) sy vonnis buite die gevangenis uitdien. Die jongste begroting maak voorsiening vir die aanhouding van 187 000 gevangenes teenoor 72 000 toesiggevalle. Hierdie tendens moet dalk omgekeer word. In Georgia in die VSA was daar gedurende 1988 ’n daaglikse gemiddelde gevangenisbevolking van 18 565 in teenstelling met 108 147 onder korrektiewe- /parooltoesig. Die per kapita koste van eersgenoemde was $13 450 (per jaar) terwyl die per kapita koste vir die tweede kategorie (wat die meeste was), per jaar slegs $1 713 beloop het.

Gedurende die tweede helfte van 2003 was die per kapita koste per gevangene, per dag, in Suid-Afrika R104 terwyl ’n toesiggeval se koste op R11,64 per dag bereken is. Die hantering van ’n toesigeval beloop dus slegs 11,2% van die koste vir die aanhouding van ’n gevangene. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is die feit dat heelwat meer personeel benodig sal word by Korrektiewe Toesigkantore indien meer gevangenes daarheen verwys word en howe ook hierdie vonnisopsie beter benut. Daar sal egter genoeg lede oorbly wat die kleiner gevangenisbevolking kan bestuur en toesien dat rehabilitasie plaasvind vir die oortreders wat werklik in die gevangenis hoort.

In die Rapport (30 September 2001 : 8) het ’n artikel verskyn oor miljoene rande van die belastingbetaler se geld wat gemors word deur die aanhouding van oortreders wat nie daar hoort nie. In hierdie artikel sê Regter Fagan: “In Julie 2001 was daar 50 902 ongevonniste gevangenes in aanhouding waarvan 17 703 borg van R1 000 of minder toegestaan is, maar hulle dit nie kon betaal nie. Hul getalle het tronke se kapasiteit om menslike stelsels, rehabilitasieprogramme en ander nuttige programme vir gevangenes vernietig. Een van die gevolge hiervan is dat Suid-Afrika een van sy wapens in die stryd teen misdaad, die terugplaas van ’n gerehabiliteerde misdadiger in sy samelewing kwyt is. As hierdie mense uit die stelsel gehaal kan word, kry tronke geld en plek terug. Dié geld en plek wat hulle kan aanwend om weer normaal te funksioneer.”

Op 30 April 2004 was die getal ongevonniste gevangenes in aanhouding, 53 880. Hierdie getal sal drasties verlaag moet word en die Polisie en Justisie speel ’n uiters belangrike rol in die opsig. Korrektiewe Dienste se begroting, mannekrag,

infrastruktuur en ander hulpbronne kan net nie meer die druk van oorbevolking hanteer nie.

Regter Combrink (Cape Argus, 7 April 2000 : 3) sê dat groot probleme ondervind word met gevangenes wat laat opdaag vir howe. Hy noem dat howe gemiddeld vir vyf (5) ure per dag werk, of dan 250 dae per jaar. In die Durbanse Streekhof het daar tussen April 1999 en Februarie 2000 meer as ’n jaar se “hoftyd” verlore gegaan as gevolg van gevangenes wat laat by howe aankom. Regter Combrink sê voorts dat hofrolle oorvol is en sulke optrede nie verder geduld kan word nie. Die Hoof van Durban Westville Medium B, Mnr. Bongani Mbatha is aangekla vir minagting van die hof omrede gevangenes gedurig laat opdaag by howe.

Regter Combrink noem dat die Grondwet bepaal dat elke oortreder die reg het tot ’n spoedige verhoor, ’n reg wat gevangenes ontneem word wanneer sake uitgestel moet word as gevolg van laat opdaging by ’n hof. Regter Combrink sluit af deur te sê: “In a sense the whole system is on trail and Mr. Mbatha happens to be the person seized with the post.” Dit is duidelik dat die druk wat Justisie plaas op Korrektiewe Dienste deur 53 880 gevangenes aan hulle te voorsien met die opdrag, hou hulle veilig en menswaardig aan in die gevangenis tot sy volgende hofverskyning, probleme begin versoorsaak. Is Justisie se frekwensie van verwysing na die gevangenis nie dalk die oorsaak dat gevangenes laat by howe opdaag nie?

Die groot werkloosheidsyfer veroorsaak dat ’n al kleiner groepie mense die belastingbetalers verteenwoordig. Met werkloosheid wat toeneem namate die bevolking jaarliks groei, word hierdie tendens al groter. Korrektiewe Dienste sal nie elke jaar net groter en groter bedrae geld toegestaan kan word omrede berekenings gedoen word op die aantal gevangenes in aanhouding nie. Sodra minder gevangenes in aanhouding is, sal Korrektiewe Dienste in ’n posisie wees om meer te doen met minder geld.

Morris (1989 : 20) sê terreg: “There are remedies redily available, if we just have the will to use them. Where there are both institutional and community solutions to a problem, when budgets are tight community programmes are cut, and institutional beds and funds protected. Without whishing to see hospitals and their patients suffer, the irony of this is apparent – we always cut the moneysaving alternative in order to save money. Morris het hierdie beginsel van toepassing gemaak op hospitale en

mediese versorging in die gemeenskap, maar ons kan dit net so van toepassing maak op gevangenes wat ten duurste in gevangenisse aangehou word teenoor goedkoper opsies soos gemeenskapgebaseerde vonnisse buite die gevangenis.